DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE Weekblad

23 Februarie 1990 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)



## Die maer man met die groen trui kom huis toe - 2

**Die getuienis oor SAW-moordbendes laai op**

- **Magnus Malan het al voorheen gelieg**
- **Só mors die BSB die staat se geld**
- **Links en regs eis sy kop**
- **Húlle is betrokke**



# NAG, GENERAAL

**Anton Steenkamp en Martin Welz**

**DIE minister van Verdediging, genl Magnus Malan, staan aan die einde van sy politieke loopbaan.**

Druk dat hy moet bedank of afgedank word, is aan die oplaai soos al hoe meer inligting oor die Suid-Afrikaanse Weermag se klandestiene Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) en hul moord en terreur op politieke teenstanders van die regering bekend word.

*Malan se posisie is besig om 'n ernstige verleentheid vir Staatspresident FW de Klerk te word in 'n tyd dat hy die kruin van 'n golf van welwillendheid binne en buite die land ry. Daar word Maandag 'n blitsdebat oor die BSB in die Parlement gehou.*

Dit raak toenemend duidelik dat offisiere van Spesiale Magte, wat in die PW Botha-era na die SAW se Hoof van Staf Inligting is om Militêre Inligting se politieke en burgerlike inligtingsrol oor te neem, onder Malan se leiding by die BSB betrokke geraak het.

Die BSB, 'n onderafdeling van Spesiale Magte, word onder meer verdink van die moorde op adv Anton Lubowski en dr David Webster, en verskeie aanvalle op teenstanders van die regering.

'n Betroubare bron in die polisie het vandeesweek aan Vrye Weekblad gesê daar is die afgelope weke intense onderhandelinge tussen senior offisiere in die polisie en die weermag om te besluit watter inligting bekend gemaak sal word, en wat verswyg sal word.

"Dit blyk dat die oplossing van die moorde op Lubowski en Webster nie meer 'n speurprobleem is nie, maar 'n politieke probleem," sê die bron.

Malan staan op die oomblik geïsoleer binne die kabinet en niemand wil eintlik vir hom opkom nie. Hy het boonop nie 'n trotse loopbaan as minister nie en is herhaaldelik uitgevang dat hy aan die Parlement en aan die publiek gelieg het. (berig op bladsy 5)

Malan het volgens berigte bo-aan die bevelstruktuur van die geheime weermagorganisasie gestaan. Besonderhede van geheime befondsing vir die eenheid uit belastingbetalers se geld en geskenke van luukse-motors aan lede van die BSB het ook gister aan die lig gekom.

Brig Floris Mostert, bevelvoerder van die Brixtonse Moord- en Roofeenheid wat pas as bevelvoerder van al die SAP se spesiale eenhede aan die Rand aangestel is, het verlede week in 'n beëdigde verklaring voor die Randse Hooggeregshof die bestaan van die BSB onthul toe hy 'n aansoek vir die vrylating van lt Abraham (Slang) van Zyl teengestaan het.

Mostert sê in sy verklaring die BSB is verantwoordelik vir 'n veldtog van moord en terreur teen linkse teenstanders van die regering.

In berigte in die Johannesburgse dagblad The Star word die bevelstruktuur van die BSB deurgevoer tot by Malan, wat glo sedert 1987 reeds van die bestaan van die geheime organisasie bewus is.

Malan het in 'n verklaring op die berigte gereageer sonder om te erken of te ontken dat dit waar is. Hy het met verwysing na die Harms-kommissie gesê "die reg sal sy gang gaan" en verwys na dade van die ANC, wat ook "geen engeltjie" is nie. Die SAW het geweier om kommentaar te lewer op berigte dat daar aan Malan verslag gedoen is oor die bedrywighede van die BSB.

Die bevelstruktuur van die BSB strek volgens berigte van Malan via die Hoof van die Weermag, genl Jannie Geldenhuys, en die Hoof van Staf Inligting, genl Witkop Badenhorst, na kol Joe Verster, wat die bevelvoerder van die BSB is.

Kol Verster is skynbaar reeds deur die polisie ondervra. Sy onmiddellike hoof is genl-maj Eddie Webb, bevelvoerder van die Spesiale Magte van die Weermag, waarvan die BSB 'n afdeling is.

Badenhorst is ook 'n oud-bevelvoerder van Spesiale Magte, of die sogenaamde "recce's".

Sedert Malan in 1980 minister van Verdediging geword het, het Badenhorst se afdeling die politieke en siviele inligtingsfunksie by Militêre Inligting oorgeneem.

Die hoof van MI is genl-maj Daan Hamman, wat na bewering die wapens aan die huursoldaat Mike Hoare verskaf het vir die mislukte poging tot 'n staatsgreep in die Seychelles. Hamman is net ná die debakel bevorder.

Generaal Joubert, Badenhorst se tweede-in-bevel, is ook van die recce's na Hoof van Staf Inligting.

Met die bekendmaking van Spesiale Magte se betrokkenheid by die BSB, het bespiegelinge opnuut ontstaan oor die moord op dr Fabian Ribeiro van Soweto. 'n Verdagte wat oor die moord ondervra is, Noel Roby, is 'n gewese

*Vervolg op bladsy 2*

## Kabinet is skerp verdeel, sê Mandela

**Max du Preez**

**DAAR is 'n "groot mate van konflik" binne die regering oor onderhandeling en die pad vorentoe, sê die pas-vrygelate ANC-leier, Nelson Mandela.**

**Mandela sê in 'n onderhoud met Vrye Weekblad (berig op bladsy 11) dat die staatspresident, FW de Klerk, en sy twee getrouste adviseurs, Gerrit Viljoen en Kobie Coetsee, herhaaldelik besluite geneem en dan aan hom oorgedra het - net om later op hul woord terug te gaan as hulle eers met die res van die kabinet beraadslaag het.**

**In die onderhoud maak Mandela ook belangrike uitsprake oor:**

*** Die ANC se besluit om nie meer die afskaffing van alle apartheid as 'n voorvereiste vir onderhandeling te stel nie;**

*** Die moontlikheid dat gemeenskappe eksklusiewe private skole in 'n post-apartheid Suid-Afrika mag hê; en**

*** Die ANC se houding jeens Afrikaners.**

*Vervolg van bladsy 1*

# Verdoemende getuienis oor moordbendes

Selous Scout en dit het nou bekend geword dat hy steeds 'n lid is van 5 Verkenningskommando op Phalaborwa.

Die BSB het sowat 16 selle dwarsoor die land. Lt-kol Staal Burger, voormalige bevelvoerder van die Brixtonse Moord- en Roofeenheid, staan aan die hoof van die sel wat verdink word van die Lubowski- en Webster-moorde. Die ander lede van die sel is lt Abraham (Slang) van Zyl, sers Calla Botha en Leon (Chappie) Maree, almal oud-lede van Brixton Moord- en Roofeenheid.

Vrye Weekblad het vasgestel dat Verster, hoof van die BSB, en Burger ou vriende is van skooldae op Ceres. Hul moeders woon tans saam in die huis vir bejaardes op Ceres.

Burger kruip op die oomblik weg vir die polisie, en Maree is waarskynlik op vlug in die buiteland. Botha is verlede maand vrygelaat nadat hy onder die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou is, en Van Zyl word steeds onder artikel 29 van die Wet aangehou.

Burger en van die ander het in 1988 uit die polisie bedank nadat twee ander lede van die Brixtonafdeling, kapt Jack le Grange en sers Robert van der Merwe, skuldig bevind is aan moord op 'n dwelmhandelaar.

Volgens Vrye Weekblad se inligting is Burger van plan om tot met Namibia se onafhanklikwording op 21 Maart weg te kruip, waarna hy na vore sal kom en aanvoer dat die moord op Lubowski onder bevele uitgevoer is.

Niemand kan dan in Suid-Afrika vir dié moord aangekla word nie, omdat dit op die grondgebied van 'n ander soewereine staat gepleeg is.

Mostert, die ondersoekbeampte na die Webster-moord, verwys in sy verklaring na die moord op Webster en die een op Lubowski. Hy verwys ook na 'n geval in April 1989 waar daar op 'n groep studente gevuur is wat per bus op pad was na die Delmas-verhoor, en "verskeie ander gevalle beide voor en gedurende 1989 waar bekende linkse radikales se eiendom beskadig is en hulle op ander wyses lastig geval is deur byvoorbeeld brandbomme in hulle huise te gooi, dreigoproepe na hulle gemaak is, ens."

Volgens Mostert was die BSB verantwoordelik "vir verskeie voorvalle van moord, brandstigting, bomontploffings by geboue, aanrandings en intimidasie".

Volgens genl Magnus Malan het die BSB "take soos verkenning en infiltrasie gedoen in belang van landsbelang".

Donald Acheson, wat verlede jaar in hegtenis geneem is in verband met die moord op Lubowski, het tydens ondervraging gesê dat hy deur die BSB gewerf is en dat lede van die BSB met hom saamgesweer het om Lubowski te vermoor.

Die ander BSB-lede wat deur Acheson genoem is, is Ferdi Barnard en ene Derick, wat later geïdentifiseer is as Leon ("Chappie") Maree.

Mostert sê in sy verklaring dat hy uitgevind het dat Barnard en Calla Botha die bewegings van 'n "bekende linkse radikale, wat polities met dr Webster geskakel het," gemonitor het.

Hy het ook uitgevind dat die BSB in selle opereer. "Die betrokke sel waarvan ek kennis dra, en wat ek vermoed betrokke was by die moorde op Lubowski en dr Webster, het bestaan uit die gemelde Botha, Leon Maree (wat tans in die buiteland is), die aangehoudene (Slang van Zyl) en ene Staal Burger, wat die leier van die sel was (of steeds is). Staal Burger was voorheen die Bevelvoerder van die Brixtonse Moord- en Roofeenheid van die SAP."

Volgens Mostert se inligting was Barnard nie 'n lid van die BSB nie, maar het Burger se sel van sy dienste gebruik gemaak "in die uitvoering van die sel se bedrywighede".

Uit drie beëdigde verklarings in Mostert se besit blyk dit dat Van Zyl aktief betrokke was by dade van geweld, "wat gepleeg is met die opset om 'n politieke oogmerk te bereik of 'n bevolkingsgroep of groepe bevrees te maak of te demoraliseer."

Mostert verwys spesifiek na Van Zyl se beweerde betrokkenheid by 'n bomaanval op 31 Augustus 1989 op die Early Learning Centre in Athlone, Kaapstad. Verskeie gemeenskapsorganisasies, onder meer die Cape Youth Congress, word in die gebou gehuisves.

Die oogmerk van die BSB is volgens Mostert "om linkse politieke radikales en politieke organisasies soos die African National Congress, die United Democratic Front, die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty en die End Conscription Campaign in hulle politieke optredes en oogmerke te frustreer en in die war te stuur."

# Kitskonstabels onder skoot

**Charles Leonard**

KITSKONSTABELS is van die mees gehate amptenare in Soweto.

Dít is redelik algemene kennis, maar gister is dit vir die eerste keer in 'n wetenskaplike steekproef oorweldigend bevestig.

Tussen 8 en 10 Desember verlede jaar het 'n kommersiële marknavorsingsgroep, Social Surveys, 'n steekproef in drie voorstede van Soweto gedoen oor die inwoners se houding jeens die munisipale polisie, of kitskonstabels soos hulle algemeen bekend staan.

Die bevindings is gister in die Johannesburgse streekhof deur 'n vooraanstaande politieke sosioloog en direkteur van die Community Agency for Social Enquiry (Case), Mark Orkin, bekend gemaak.

Orkin het deskundige getuienis ter versagting gelewer in die verhoor van vier jeugdiges wat na bewering op 8 Maart 1988 die munisipale polisie in Phiri Hall in Soweto aangeval het. In dié beweerde geweer- en granaataanval is elf kitskonstabels beseer. Niemand is dood nie.

Op die vraag of mense dit as regverdig en regverdigbaar beskou as daar aanvalle op kitskonstabels gedoen word, het 72 persent van die respondente ja geantwoord.

Toe om redes gevra is, het 71 persent van dié mense selfverdediging of vergelding as rede aangevoer. Antwoorde soos "Ek is teen geweld, maar ons het geen keuse as om ons self te verdedig nie" en "Hulle gebruik gewere en daarom moet ons ook", is gegee. Die res (19 persent) het as regverdiging gesê dat die polisie byvoorbeeld "mense sonder rede geskiet het".

Orkin sê die rede vir dié diepgesetelde haat vir die kitskonstabels gaan terug na die huurboikot wat in Julie 1986 in alle erns begin het.

Die kitskonstabels is gestuur om waarskuwings af te lewer, agterstallige gelde in te samel, dienste van oortreders af te sny, of om hulle uit hul huise te sit. In sekere gebiede het sporadiese gevegte so te sê onmiddellik tussen hulle en die jeugdiges uitgebreek.

Op 26 Augustus 1986 het 'n konfrontasie tussen die inwoners van White City in Soweto en veiligheidsmagte oor die dreigende uitsettings van inwoners daar uitgebreek.

Minstens 21 mense is in die gevegte dood en amper 'n honderd beseer.

Op 10 September dieselfde jaar het die grootste wegbly-aksie sedert 1976 dié vraagstuk onder die aandag van inwoners in die res van die township gebring.

Sedertdien het die botsings tussen die owerhede en die inwoners sporadies voortgeduur.

Die konflik het toegeneem en is meestal regstreeks teen die kitskonstabels - die Soweto-stadsraad se sigbaarste agente - gerig.

Op die vraag "Wat dink julle van die munisipale polisie en hulle metodes?" het 76 persent 'n negatiewe houding gehad, en slegs 'n kwart positief.

Wat belangrik is, sê Orkin, is die intensiteit van die houding. Kitskonstabels is meestal (31 persent) as "ongeskik en gewelddadig" beskryf, 27 persent van die respondente het hulle "moordenaars" genoem en nog 27 persent het gesê "hulle sit ons uit sonder waarskuwing".

Gesien in die lig van die sterk negatiewe houding jeens die kitskonstabels, kan die aanval op Phiri Hall beskou word as 'n manifestasie van die sterk antagonisme wat die gemeenskap jeens hulle koester.

* Die vonnis sal na verwagting vandag op drie van die vier beskuldigdes, Clement Sobikwa, Patrick Khoza en Lloyd Methula, deur landdros Luther uitgespreek word. Die vierde, Velile Zwane, is op al die aanklagte vrygespreek.

Adv Hans van der Riet verskyn vir die verdediging in opdrag van Azhar Cachalia.

# Vrye Weekblad wéér aangekla

'N BRIGADIER en 'n kolonel van die Handelstak van die Polisie het verlede Vrydag by Vrye Weekblad se kantoor opgedaag met 'n lasbrief wat hulle magtig om die kantoor vir dokumente deur te soek.

Volgens die lasbrief word 'n aanklag ingevolge die Wet op die Beveiliging van Inligting teen die redakteur van Vrye Weekblad, Max du Preez, ondersoek.

Volgens die lasbrief gaan dit oor 'n berig wat Vrye Weekblad twee weke gelede gepubliseer het oor die Instituut vir Sowjet-studie van die Universiteit van Stellenbosch wat in 'n brief aan 'n offisier van die Nasionale Intelligensiediens (NI) voorgestel het dat dié instituut as dekmantel vir NI in die buiteland gebruik word om inligting oor die ANC, die SAKP en die Sowjet-Unie te bekom. Die voorgestelde projek is nie deur NI goedgekeur nie.

Die lasbrief magtig die offisiere om dié dokument, wat nie 'n NI-dokument is nie, en die bedankingsbriewe van twee navorsers van die instituut wat oor die noue skakeling met NI en Militêre Inligting bedank het, te konfiskeer.

Ná raadpleging met Vrye Weekblad se prokureurs is die dokumente oorhandig. Die lasbrief is deur die hooflanddros van Johannesburg, J Zeelie, onderteken.

Die offisiere kon nie verduidelik presies wat die beweerde oortreding was nie, buiten om te sê dit is ingevolge Art 4 van die Wet op die Beveiliging van Inligting.

Op 'n vraag hoekom die handelstak van die polisie die saak ondersoek, het die brigadier gesê: "Ek wens ek het geweet."

Du Preez het gister gesê hy vermoed die saak het dalk meer te make met die huidige binnegevegte tussen die polisie, die Intelligensiediens en Militêre Inligting as met 'n oortreding van 'n wet.

"Tensy dit 'n voortsetting is van die polisie en die Transvaalse prokureur-generaal, advokaat Klaus Otto von Lieres und Wilkau, se kleinlike vendetta teen Vrye Weekblad," het hy bygevoeg.

## Vir die rekord

VOORUITSKATTINGS toon dat Suid-Afrika teen die jaar 2000 'n totale bevolking van omtrent 38 miljoen mense gaan hê.

In die jaar 2030 sal mense van 65 jaar en ouer 'n persentasie van 15,4 onder wittes, 12,5 van Indiërs, 10,9 van Kleurlinge en 5,7 van swartmense van die totale bevolking uitmaak.

Volgens die Sentrale Statistiekdiens is die kindersterftesyfer vir die verskillende bevolkinggroepe as volg:

Asiër: 16,1/1 000 lewende geboortes

Kleurling: 40,7/1 000 lewende geboortes

wit: 9,3/1 000 lewende geboortes

swart: 60,6/1 000 lewende geboortes.

In die tydperk 1982 tot 1989 is 283 gevalle van Aids gediagnoseer en die aantal sterftes weens dié siekte was 160. Die ouderdomsverspreiding van Aidslyers toon 'n skrikwekkende prentjie deurdat die ekonomies-aktiewe deel van die bevolking die kwesbaarste is.

(Dié statistieke kom uit 'n toespraak wat dr CF Slabber, die direkteurgeneraal van die departement Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, by 'n verplegingskonferensie in Durban gehou het).

# Kongres steeds Bush se moses

**Audrey Brown**

PATRICK "TERROR" LEKOTA, publisiteits-sekretaris van die UDF, het dié week uit die buiteland teruggekeer met die versekering dat dit moeilik sal wees vir pres Bush om Margaret Thatcher se standpunt oor sanksies te ondersteun.

Lekota het met vooraanstaande amptenare in die Amerikaanse kongres en departement van buitelandse sake samesprekings gevoer en hulle "oortuig van die noodsaaklikheid van sanksies om die onderhandelingsproses te vergemaklik". Volgens Lekota sal dit baie moeilik vir Bush wees om bestaande wette oor sanksies te lig, hoewel aan baie van die voorvereistes voldoen is.

"Ek kry die indruk dat pres Bush vir Thatcher kon ondersteun, maar dat hy probleme in die kongres gaan optel. Reagan het ook sy moses daar oor dieselfde saak teëgekom."


"Ek het die punt so sterk moontlik gestel dat daar niks gedoen moet word om die onderhandelingsproses te skend nie, maar dat druk steeds uitgeoefen moet word.

"Hulle het natuurlik kommer oor sprake van nasionalisering uitgespreek, maar ek het verduidelik wat ons daarmee beoog."

Lekota is deur die Albert Einstein-instituut van Harvard-universiteit uitgenooi om Amerika te besoek.

Lekota het ook die Verenigde Volke se Spesiale Kommissie oor Apartheid, die Organisasie vir Eenheid in Afrika en die Frontlinie-state toegespreek.

# Breyten kom terug



Breyten Breytenbach

**Ryk Hattingh**

**DAMES en Here, die maer man met die groen trui, Breyten Breytenbach, keer ná 30 jaar in die vreemde na sy geboorteland terug.**

**Breytenbach het dié week uit Stellenbosch bevestig: "Ek kom definitief terug. Ek weet nog nie wanneer nie, maar ek kom gewis terug."**

**Breytenbach was die week vir 'n vinnige besoek aan Suid-Afrika saam met 'n Britse televisiespan van Channel 4 wat 'n program "oor die Boere" kom maak het.**

**"Dit was 'n onverwagse gelukkie. Hulle wou 'n joker in die pak hê en het my saamgebring," sê hy.**

**Breyten is baie opgewonde oor die onlangse verwikkelinge in die land. Hy sê hy weet nog nie presies wat om daarvan te maak nie, en sê hy benader dit nog soos die Oosterse pedagogiek: "Jy leer deur die goeie voorbeeld na te boots, maar verstaan nie wat werklik geleer moet word nie.**

**"Ek haal my hoed af vir De Klerk. Dit was 'n historiese sprong wat hy geneem het. Daarvoor moet ons hom erkenning gee. Vat hom, Flaffie!"**

**Breyten waarsku egter dat dinge nog verkeerd kan loop.**

**"Ons moet net weet, dit is nog nie eens die begin van die einde nie. Witmense in die land is nie verkramp nie, hulle is verstok.**

**"Maar kyk hierso, boetie, dis weer lekker om 'n Afrikaner te wees."**

# Kom ons loer vir Mandela!



Nelson Mandela se tipiese Soweto-huis in Orlando-Wes het skielik 'n groot toeriste-aantrekkingskrag geword. Busse met buitelandse toeriste ry nou 'n paar keer elke dag by die huis aan, en hou soms stil sodat mense beter foto's kan neem soos op dié foto. Die mense van die omgewing neem erg aanstoot, en naby Mandela se huis is daar lewensgrootte grafitti wat sê: "F... off, racist tourists, and take your pig guide with you."

*(Foto: Trevor Samson - AFP)*

# Nog net 'n datum kort vir die Groot Ontmoeting

**Elsabé Wessels**

'N EERSTE ontmoeting tussen staatspresident FW de Klerk en die ANC is so naby soos die bepaling van 'n geskikte dag en datum.

De Klerk het gister die besluit van die ANC se uitvoerende komitee om die regering in Suid-Afrika te kom sien, verwelkom as 'n "positiewe stap" en gesê dit is in ooreenstemming met 'n benadering om vreedsame oplossings te soek. "Ek glo opreg dat regstreekse kommunikasie die beste manier is om dit te bereik," het hy verklaar.

Intussen word 'n helde-ontvangs vir Nelson Mandela gereël wanneer hy Dinsdag in Lusaka aankom om met die buitelandse leierskap van die ANC te beraadslaag.

'n Groot skare word op die lughawe en op die roete na die stad verwag. Lusaka se distriksgoewerneur reël die ontvangs en het reeds plakkate laat druk, berig ANO.

De Klerk het in sy verklaring gesê onsekerhede wat heers oor die regsposisie van sekere ANC-leiers wat na Suid-Afrika wil kom, sal eers uitgeklaar moet word, maar dit geniet onmiddellike aandag.

Die voorgestelde gesprek is gister verwelkom deur Wynand Malan, mede-leier van die Demokratiese Party.

Volgens Malan kan die voorlopige gesprekke tot 'n opskorting van die gewapende stryd lei.

Die beplande ontmoeting tussen Klerk en die ANC het egter opnuut weerstand vanuit die Konserwatiewe Party ontlok.

Koos van der Merwe, senior KP-LP, het skerp gereageer op De Klerk se toenadering tot die ANC. Hy sê 'n duidelike scenario is aan die afspeel in plattelandse kiesafdelings. Konserwatiewes het oorlog verklaar. Daar is nie 'n KP-LP wat nie op die oomblik in sy kiesafdeling roer nie.

Van der Merwe glo De Klerk het nie die meerderheidsteun van wit kiesers op die oomblik nie. "Ons mobiliseer. FW het die volk verneuk. Ons gaan 'n verkiesing afdwing."

Dat De Klerk regse wind van voor gaan kry, is duidelik uit die konserwatiewes se Aksie Een Miljoen wat van stapel gestuur is. En 'n kultuur van protespolitiek is ook hier besig om kop uit te steek.

Maar De Klerk se teenstanders begin vrae vra oor waarheen die nuwe NP-strategie lei.

Van der Merwe en Wynand Malan meen De Klerk het 'n reuse-stap geneem. Maar vir niemand gaan dit lank tevrede stel nie. "Hy is nie bereid om heelpad te stap nie," sê Van der Merwe. Die KP is uitgesproke ontsteld dat dit die begin van 'n weggee van wit mag is.

Malan is minder oortuig van De Klerk se vermoë om verby die eerste struikelblokke en buite die raamwerk van "groep" te beweeg. "Sy grense bly binne die groepskonsep. Vrye assosiasie, een enkele kiersersrol en kompetisie-demokrasie word glad nie deur hom oorweeg nie," sê Malan.

Volgens Malan het De Klerk vir homself tydelike ruimte geskep. Maar op die lang termyn sal hy teen die onverhandelbare eise van vrye assosiasie op alle vlakke te staan kom, sê Malan.

Malan wys daarop dat De Klerk kliphard probeer om van die apartheid-albatros ontslae te raak. Hy gebruik nie die woord nie. Inteendeel, hy gebruik jare lank reeds nie die woord nie. Binne sy retoriek sal Afrikanerbelange nie deur rasse-bevoorregting gedien word nie, maar rondom die Afrikaanse taal en Afrikaanse kultuur verskans word.

Van oop kompetisie in 'n vrye politiek is daar tans nie sprake van nie, meen Malan.

# Is daar 'n vredesduif op pad na Natal?

**Christina Scott**

DAAR is nuwe, versigtige hoop dat die bloedbad in Natal binnekort tot 'n einde kan kom.

Sondag spreek die ANC-leier Nelson Mandela 'n vergadering in Durban toe, en gister het 'n ander ANC-leier, Walter Sisulu, met die sekretaris-generaal van Inkatha en KwaZulu-kabinetsminister, dr Oscar Dhlomo, oor die geweld in Natal gepraat.

Maar die hooffakteur in die slepende burgeroorlog in Natal, KwaZulu-Hoofminister en Inkatha-leier, Mangosuthu Buthelezi, sal nie Sondag daar wees wanneer die mense toegespreek word nie. Volgens bronne in Ulundi het Buthelezi Dinsdag oorsee vertrek.

Nie Buthelezi of Inkatha is na dié byeenkoms uitgenooi nie. UDF-inwoners van die geweldgeteisterde Ntuzuma-woongebied het egter die nagenoeg 300 000 Inkatha-ondersteuners van die Lindelani-plakkersgebied na die byeenkoms uitgenooi.

Sisulu het vroeër dié week in Natal aangekom en 'n dag saam met die sieklike en bejaarde oud-SAKP- en ANC-leier, Harry Gwala, in Pietermaritzburg deurgebring.

Inkatha-leiers sê hulle wil nie kommentaar lewer oor Sisulu se feitetoer deur die geweldgeteisterde gebied nie.

"Sisulu moet vir Buthelezi ontmoet, nie vir my nie," het die Elandskop-veggeneraal, David Ntombela, gesê nadat hy 15 000 mense toegespreek het. Die meeste van hulle was met assegaaie en tradisionele beesvelskilde gewapen. Hulle wou wraak neem omdat twee mense vroeër die dag in politieke geweld doodgemaak en vyf beseer is.

Volgens Ntombela het mans in UDF- en Cosatu-T-hemde nege busse wat op pad was na Elandskop in 'n hinderlaag gelei. Dié busse is na bewering met klippe en petrolbomme bestook en skote is ook na die mense geskiet.

Sisulu sal Sondag saam met Mandela by die byeenkoms in Durban optree. Daar word egter verwag dat baie mense tuis sal bly uit vrees vir 'n Inkatha-aanval op afgeleë woongebiede en vir geweld wat by die byeenkoms kan uitbreek.

Die organiseerders van die byeenkoms, bang vir 'n herhaling van wat in Kaapstad gebeur het, het 3 000 marshalls en 300 gesondheidswerkers vir Sondag se byeenkoms aangestel. Persone sal deursoek word en enige wapens sal gekonfiskeer word.

Sisulu het op 'n perskonferensie gesê hy gaan alles in sy vermoë doen om weer vrede in Natal te bewerkstellig.

Intussen het die UDF voorstelle aan die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, gemaak oor hoe die geweld in Natal beëindig kan word.

'n Deel van die plan is om vredeskomitees in die swart woongebiede aan te stel. Dié plan behels ook die afskaffing van die "people's courts" wat in baie swart woongebiede funksioneer. Ongeveer 10 mense is reeds deur dié howe ter dood veroordeel.

Cosatu, wat ook by die voorstelle betrokke was, sê werkers moet ook by die vredesinisiatiewe betrek word.

Vlok het gesê die UDF/Cosatu-voorstelle sal deur sy departement oorweeg word. Hy het opnuut benadruk dat mense moet ophou om mekaar en die polisie te beskuldig.

Die ANC-afvaardiging, bestaande uit Sisulu en sy vrou, Albertina, Archie Gumede, dr Diliza Mji en Alec Erwin, het gister samesprekinge gevoer met sowat 40 verteenwoordigers van die geweldgeteisterde gebiede rondom Pietermaritzburg.

Dié afvaardiging sal van die geweldgeteisterde gebiede besoek en daarna na Durban terugkeer vir samesprekinge tussen die UDF/Cosatu en Inkatha.

Sisulu het dié samesprekings as 'n historiese ontmoeting beskryf.

# Vroue het miskien geld, maar nie mag nie

**Elsabe Wessels**

KAAPSTAD - Vroue in Suid-Afrika beheer meer as 40 persent van alle lopende en kredietrekeninge en sowat die helfte van alle private beleggings op die Johannesburgse Effektebeurs.

In teenstelling daarmee is daar sowat drie miljoen vroue in Suid-Afrika wat heeltemal ongeletterd is.

Dit was die statistiek wat die DP-LP vir Umbilo, Carole Charlewood, ingespan het toe sy die Demokratiese Party se Vroue Forum dié week in Kaapstad geloods het.

Charlewood het Suid-Afrikaanse vroue se swak posisie, beide tuis en by die werkplek, beklemtoon.

Hoewel vroue akademies en professioneel goed presteer, word daar deur die staat en in professionele hoedanigheid teen hulle gediskrimineer. Volgens Charlewood word die helfte van alle grade en diplomas aan vroue toegeken. In dié land se 100 top-maatskappye is een uit elke vyf senior bestuurders 'n vrou.

In die staatsdiens kan vroue hulle egter steeds nie beroep op maatreëls wat diskriminasie verbied nie. Hoewel die Wet op Arbeidsverhoudinge van 1988 diskriminasie teen vroue tot 'n onregverdige arbeidpraktyk verklaar, word vroulike staatsdiensamptenare van dié wetgewing uitgesluit. Dit geld onderwysers, verpleegsters en ander vroue wat sowat 'n helfte van die staat se arbeidskrag uitmaak.

Volgens Charlewood kan vroue wat deeltyds in diens geneem word nie aansoek om 'n huissubsidie doen nie, hoewel mans wat deeltyds in diens geneem word wel kan.

Waar 'n vrou wel aanspraak kan maak op 'n huissubsidie, verbeur sy dit sodra sy trou.

Die onvoldoende geriewe vir kindersorg maak dit moeilik vir vroue om terug te keer na die werkplek, sê Charlewood.

Vroue wat deel is van die permanente personeel mag nie bydra tot die werkloosheidsversekeringsfonds nie, maar word verplig om onbetaalde kraamverlof te neem. Daarteenoor kry enige sportman wat teen 'n internasionale span meeding, betaalde verlof, sê Charlewood.

Sy het die posisie van swart vroue uitgesonder en daarop gewys dat getroude swart vroue steeds die "regstatus van 'n kind" het, weens verouderde wetgewing.

Charlewood het ook vrouemishandeling aangespreek en gesê dat beide vrouemishandeling en verkragting nie met die nodige erns hanteer word nie. Charlewood het die hofprosedure gekritiseer en gesê dat ondersoeke en hofprosedure 'n vernederende ervaring vir vroue is.

Sy het daarop gewys dat 53 persent van Suid-Afrikaanse kiesers vroue is en dat vroue slegs deur politieke betrokkenheid konstitusionele beskerming en regshervorming kan bekom.

# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

Ons werk om nou 'n verskil te maak.

# SAW lankal besig met onderduimshede

GENL MAGNUS MALAN het in sy optrede teenoor die End Conscription Campaign (ECC) telkemale kwade trou geopenbaar. Dit sal hulle nie verbaas as die reeks aanvalle op ECC-lede en hul eiendom oor die afgelope paar jaar die aktiwiteite van die Burgerlike Samewerkingsburo was nie, sê Chris de Villiers, voorsitter van die ECC.

Optrede van die BSB teen die ECC word bevestig in 'n beëdigde verklaring van brig Floris Mostert wat verlede week voor die Randse Hooggeregshof ingedien is.

Die bestuur van die ECC was in Junie 1988 besig met intensiewe onderhandelinge oor die moontlikhede van alternatiewe diensplig met senior weermag-offisiere. Volgens De Villiers is hul voorstelle gunstig ontvang en hulle was daarvan oortuig dat die offisiere te goeder trou onderhandel het.

'n Paar weke later het die onderhandelinge egter skipbreuk gely toe Malan die ECC in die openbaar uitgekryt het en die organisasie verbied is om met enige optrede voort te gaan.

'n Veldtog van vuil spel deur die weermag teen die ECC het verlede jaar en in September 1988 aan die lig gekom in twee Hooggeregshofsake.

Die eerste saak, dié van die ECC teen die minister van Verdediging, het gevolg op inligting wat die ECC verkry het van 'n smeerveldtog wat die SAW teen die organisasie gevoer het. Malan het dit aanvanklik ontken, maar die hof het bevind dat dit wel die geval was en die SAW verbied om lede van die ECC lastig te val.

Drie dienspligtiges, Peter Plüddeman, Desmond Thompson en Hein Mönnig, is vroeg in 1988 in 'n militêre verhoor tot 18 maande detensie gevonnis omdat hulle inligting van die smeerveldtog aan die ECC wou bekendmaak.

In 'n interne hersiening is die vonnisse versag, maar die saak is toe op hersiening na die Hooggeregshof geneem.

Regter JH Conradie, bygestaan deur regters C Friedman en CT Howie, het in Augustus verlede jaar in die Kaapse Hooggeregshof beslis dat die krygsraad nie objektief kon optree in die verhoor nie, aangesien die SAW self in die smeerveldtog teen die ECC betrokke was. Die drie se vonnisse is ter syde gestel.

Die SAW het in albei dié sake aangevoer dat Suid-Afrika in 'n staat van oorlog is en dat siviele howe daarom nie jurisdiksie oor hul optrede het nie.

"Dis duidelik dat die weermag-offisiere hulself as bo die reg verhewe beskou, en dat hulle dié feit van die publiek wou wegsteek," sê De Villiers. Die SAW het versoek dat die ECC-saak in camera verhoor word.

'n Week later moes Malan weer sy woorde sluk nadat die ECC se prokureurs 'n onderneming van hom verkry het.

Malan moes sy bewerings dat die ECC onder meer vir "interne terreurdade" verantwoordelik is, onvoorwaardelik terugtrek.

## OPEN BRIEF

**Aan de Zuidafrikaanse Raad van Kerken**

**Zusters en broeders,**

**Van harte willen we u feliciteren met de vrijlating van Nelson Mandela.**
**We delen uw vreugde over dit zo goede nieuws.**

**Ook de andere op 2 februari j.l. door president De Klerk aangekondigde stappen om een klimaat te scheppen waarin het gesprek over de toekomst van uw land mogelijk wordt, zijn op zich reden tot vreugde. We weten echter dat met deze maatregelen nog niet alle voorwaarden voor de start van onderhandelingen zijn vervuld.**
**We zijn ons er bovendien van bewust dat ondanks deze ontwikkelingen het apartheidssysteem nog steeds ongebroken blijft.**

**We hopen dat spoedig onderhandelingen zullen kunnen beginnen die leiden tot een vrij en democratisch Zuid-Afrika voor allen.**
**Voor zover in ons vermogen ligt zullen wij trachten te bevorderen dat positief wordt gereageerd op de oproep van Nelson Mandela aan de internationale gemeenschap de druk op de Zuidafrikaanse regering te handhaven, zolang het apartheidssysteem niet is afgeschaft.**

**Onze gedachten en gebeden zijn bij u in deze vreugdevolle, maar ook spannende dagen.**

**Met vriendelijke groet,**

**WR van der Zee**
**Algemeen Secretaris van de Raad van Kerken in Nederland.**

**Alle berigte deur ANTON STEENKAMP**

# Malan het al voorheen vir die volk gelieg

DIS nie die eerste keer dat genl Magnus Malan se bedanking uit alle oorde geëis word omdat hy gelieg het oor klandestiene weermagoptrede nie.

Op 22 Mei 1985 het Angola beweer dat twee Suid-Afrikaanse soldate doodgeskiet en een gewond is in die Cabinda-enklave, noord van Angola, waar hulle olietenks wou opblaas.

Die SAW en die minister van Verdediging, genl Malan, het onmiddellik ontken dat daar enige lede van die SAW in Cabinda was. Die volgende dag het Angola videomateriaal vertoon van die gewonde kapt Wynand du Toit, die recce wat na sy vrylating as 'n held in Suid-Afrika terugverwelkom is. Die twee dooies was sers Louis van Breda en kpl Rowland Liebenberg.

Die Cape Times het in 'n hoofartikel gevra hoe enigiemand weer die SAW se woord sal kan aanvaar, en 'n verduideliking van Malan geëis. "As hy nie 'n bevredigende verduideliking kan gee nie, behoort die minister van Verdediging te bedank," het die koerant gesê.

Du Toit het op 'n perskonferensie erken dat hy en sy manskappe die olie-installasies wou opblaas en dat hy Unita-propagandastukke in sy besit gehad het sodat dit op Unita geblameer sou word.

In die Verdedigingsdebat in die parlement, net na die Cabinda-voorval, het Malan ontken dat Suid-Afrika in destabilisering betrokke was en gesê die insident het geen geloofwaardigheidsprobleem vir die SAW veroorsaak nie.

Dr Van Zyl Slabbert, destydse leier van die Opposisie, het Malan daarvan beskuldig dat hy "klaarblyklike leuens" aan die parlement vertel het. Hy het die parlement ook herinner aan John Vorster en die res van die kabinet se leuens aan die publiek tydens die SAW se Operasie Savannah.

Graham Macintosh van die PFP het Malan beskuldig van "sabotasie, destabilisering, koverte operasies en insurgensie" wat "vir die meeste Suid-Afrikaners toegesmeer is deur leuens, ontkennings, swart propaganda, disinformasie en die siniese misbruik van die Verdedigingswet en die Wet op Binnelandse Veiligheid".

Die Nkomati-verdrag is ook jare lank willens en wetens deur die SAW verbreek terwyl Malan dit deurentyd ontken het. In 1985 het Frelimo-soldate die Gorongoza-basis van Renamo oorrompel en afgekom op die dagboek van die Renamo-leier Alfonso Dhlakama se privaatsekretaris, ene Vaz.

Die Vaz-dagboek het in detail beskryf hoe die SAW met Malan se medewete voortgegaan het om Renamo te steun en hoe die adjunkminister van Buitelandse Sake, Louis Nel, selfs Renamo-basisse saam met die SAW besoek het sonder Pik Botha se medewete.

Malan het volgehou met sy leuens oor hulpverlening aan Renamo totdat die geloofwaardigheid van die Vaz-dagboek onteenseglik vasgestel is.

Hulpverlening deur Suid-Afrika aan Unita is ook jare lank ontken deur Malan en die SAW, totdat Malan in September 1985 erken het dat Suid-Afrika "materiële, humanitêre en morele hulp" aan die beweging verleen het.

Deur die loop van die oorlog in Namibia en Angola is die publiek telkemale in die duister gehou, soos met die amptelike SAW-ontkenning van 'n aanval op Namibe op 5 Junie 1986, wat later deur inligtingsoffisiere in Pretoria erken is.

Selfs nadat die Namibiese vredesproses aan die gang gesit is, is vrae gevra oor die Weermag se erns om vrede in die gebied te sien.

Dit het 'n hoogtepunt bereik met die debakel rondom die sogenaamde Untag-boodskappe, wat deur die Weermag aan die minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, oorgedra is enkele dae voor die verkiesing in November verlede jaar.

Volgens die SAW is boodskappe op Untag se radio-frekwensie onderskep dat Swapo besig was om sy troepe op die Namibiese grens te mobiliseer.

Die berig het byna-byna die vredesproses in die wiele gery, en almal het verantwoordelikheid vir die boodskappe ontken. 'n Span "deskundiges" van die SAW kon nie vasstel wat die oorsprong daarvan was nie, en die bande is intussen vernietig.

# Bedank, Generaal, eis links en regs

VERSKEIE parlementslede en organisasies het vandeesweek genl Magnus Malan se bedanking geëis.

Tian van der Merwe, die Demokratiese Party se woordvoerder oor Wet en Orde, sê die blote bestaan van die BSB is 'n bespotting van die gereg, aangesien die BSB skynbaar teen mense en persone in Suid-Afrika opgetree het, afgesien daarvan of hulle wettig opgetree het. Die minister behoort uitgeskop te word oor die bedrywighede in sy departement, sê Van der Merwe.

Die publisiteitsekretaris van die Five Freedoms Forum, Gael Neke, sê: "Magnus Malan keur die bestaan en optrede van die BSB, 'n liggaam wat met afkeer bejeën sal word in enige beskaafde land, goed. Sluipmoorde op politieke opponenente was nog altyd die uiteindelike vorm van beheer deur 'n onwettige regering". Die Five Freedoms Forum eis dat Malan van sy amp onthef word totdat die uitslag van die Harms-kommissie se ondersoek bekend is.

Chris de Villiers, voorsitter van die ECC, sê: "Die onthullings oor die BSB dui daarop dat die SAW sekere eenhede verlof gegee het om teen interne politieke opponente van die regering op te tree en dat die metodes van minstens sommige van dié eenhede moord, brandstigting, bomaanvalle en intimidasie insluit. Elke dienspligtige word deur sulke optrede gekompromitteer. Totdat die SAW aan alle Suid-Afrikaners aanspreeklik is en dit gewaarborg is dat hy hom by die reg hou, sal diensplig onregverdigbaar wees."

Die Konserwatiewe Party het geëis dat die hele kabinet bedank, aangesien die optrede van moordbendes voor die deur van regses gelê is. Nou blyk dit dat die regering self verantwoordelik was.

# So is belastingbetalers se geld gemors

BELASTINGBETALERS se geld is skaamteloos gemors met ongekontroleerde uitbetalings aan lede van die Burgerlike Samewerkingsburo, wat onder meer luukse-motors ontvang het, het 'n ondersoek deur The Star aan die lig gebring.

BSB-agente is glo R5 000 belastingvry per maand betaal, ongeag hoeveel werk hulle vir dié organisasie gedoen het.

Staal Burger, die bevelvoerder van die sogenaamde Brixton-sel, het 'n Mercedes Benz 230E ter waarde van R105 000 ontvang. Slang van Zyl het 'n BMW 318i van R50 000 gekry, Calla Botha 'n Volkswagen Golf GTi 16-klep ter waarde van R61 000, en Chappie Maree 'n BMW 325i van R71 000. Die SAW het ook glo Botha se deposito op sy huis betaal.

BSB-agente se mediese onkoste is na bewering ook deur die SAW betaal en die agente wat aangehou is onder die Wet op Binnelandse Veiligheid se vrouens het geldelike bystand van die SAW gekry.

Die SAW het ook onbepaalde bedrae geld aan maatskappye regoor die land betaal om hul persele te kan gebruik en om ander maatskappye as "fronte" vir die BSB te stig.

Die regsonkoste vir die talle weermag- en polisie-offisiere wat oor die volgende paar maande in die hof en voor die Harms-kommissie sal getuig oor hul beweerde betrokkenheid in moordbendes, sal ook deur die beastingbetaler betaal word.

# Húlle is betrokke

VERSKEIE weermag-offisiere, polisiemanne en oud-lede van die veiligheidsmagte se name het tot duser na vore gekom in die onthullings van die Burgerlike Samewerkingsburo. Hulle is:

* Lt-kol Staal Burger, voormalige bevelvoerder van die Brixtonse Moord- en Roofeenheid en leier van een van die BSB se selle;
* Lt Abraham (Slang) van Zyl, lid van die Burger-sel;
* Sers Calla Botha, wat saam met Burger en Van Zyl gewerk het;
* Leon (Chappie) Maree, die vierde lid van die Burger-sel;
* Ferdi Barnard, oud-polisieman en seun van kol Piet Barnard, wat deur die Burger-sel gekoöpteer is;
* Kol Johan (Joe) Verster, bevelvoerder van die BSB;
* Maj-genl Eddie Webb, bevelvoerder van Spesiale Magte;
* Genl Witkop Badenhorst, Hoof van Staf: Inligting;
* Genl Joubert, Badenhorst se Tweede-in-bevel;
* Genl Jannie Geldenhuys, Hoof van die Weermag;
* Genl Magnus Malan, Minister van Verdediging;
* Tobias du Toit, sakeman en oud-lid van die Nasionale Intelligensiediens;
* Thomas Viljoen, sakeman met NID-verbintenise;
* John Birch van Militêre Inligting;
* Louis Klopper, oud-recce;
* Victor van Wyk de Vries, voormalige lid van MI en NID;
* Hennie Langeveld, oud-polisieman;
* Jaco van Schalkwyk, oud-lid van Koevoet en NID;
* Kapt Gabriel Smit, polisieman.

# Sosialisme meer as nasionalisering, sê Slovo

LUSAKA - Die Suid Afrikanse Kommuniste-Party het dié week gesê dat hulle binnekort 'n openbare binnelandse leierskapkern sal aankondig.

Die SAKP sê sy vernaamste doelwit in die komende maande is om 'n sterk, wettige organisasie tussen werkers te vestig.

Die sentrale komitee van die SAKP het Maandag in Lusaka byeengekom om die nuwe uitdagings en geleenthede wat op die party wag, te bespreek.

Die party is op 2 Februarie saam met die ANC en PAC deur die Suid-Afrikaanse regering gewettig.

In 'n verklaring wat Dinsdag hier uitgereik is, het die sentrale komitee gesê die SAKP is "vasbeslote om almal wat verbind is tot 'n sosialistiese toekoms, byeen te bring".

## Massas

Die verklaring lees voorts: "Die vernaamste taak wat op alle militante partylede wag, is nie net die bou van ons party nie, maar ook die samestelling van 'n ANC met die massas as kern."

Die party het verder volle ondersteuning vir die ANC se uitvoerende komitee se reaksie op pres FW de Klerk se politieke inisiatiewe uitgespreek. Die SAKP het ook hul "revolusionêre alliansie met die ANC" herbevestig.

Die SAKP het in die besonder die ANC se aankondiging om 'n hoëvlak-afvaardiging Suid-Afrika toe te stuur om samesprekings met pres De Klerk te voer, verwelkom.

Die verklaring het die Suid-Afrikaanse regering aangeval vir sy verbintenis tot "'n ekonomiese beleid wat nie in die belang van die werker is nie".



Joe Slovo

Volgens die SAKP is De Klerk se beleid van privatisering besig om "al meer van ons nasionale rykdom aan 'n klein groepie kapitaliste uit te gee".

## Eerste stappe

In die verklaring word De Klerk egter geloof omdat hy "belangrike eerste stappe" gedoen het.

Met verwysing na nasionalisering het die sekretaris-generaal van die SAKP, Joe Slovo, in 'n onderhoud verduidelik dat die bevryde ANC-leier Nelson Mandela nie na sosialisme verwys het toe hy van nasionalisering gepraat het nie.

"Dit is nie deel van die ANC se beleid om 'n sosialistiese stelsel te skep nie. Ek word nie opgewonde oor nasionalisering nie, en dit is nie 'n woord wat gebruik word in die Vryheidsmanifes nie.

"'n Geringe verandering van eienaarskap - om die mag weg te neem van die direksie af - dit is nie vir my sosialisme nie. Ek stel nie nasionalisering gelyk met sosialisme nie."

Slovo het ook daarop gewys dat hy liewer praat van "sosialisering" wat die oorplasing van eienaarskap insluit.

## Produsente

Hy het sosialisering gedefineer as "demokratiese deelname deur die produsente aan die bestuur van die ekonomie, en nie net op die vlak van onderneming nie".

Slovo het verwys na staatsbeheer oor die ekonomie waar 'n ware demokratiese staat, wat opreg toegewy is aan die belange van mense, en nie wins nie, aan bewind is.

"Dit beteken nie dat daar sommer met die intrapslag 'n volledige oorplasing van eienaarskap sal wees nie."

Volgens hom sal die hoofbesprekingspunt om die onderhandelingstafel nie oor politieke sake gaan nie, maar oor ekonomiese sake.

"Die ekonomie is die sleutelvraagstuk. Wanneer De Klerk praat oor wit vrese, moet hy besef dat die praktyk en filosofie van die ANC en sy bondgenote geen probleme inhou wat taal, kultuur, godsdiens en 'n veelparty-demokrasie betref nie.

"Die kwelvraag ontstaan waar die erfenis van 400 jaar van wit oorheersing in die gedrang kom - waar die weelde en hulpbronne van die land opgegaar is in die hande van een groep en waar een groep dié hulpbronne beheer.

"Daar is geen manier waarop ons omskepping kan hê sonder om dié vraagstuk aan te spreek nie."

Hy het beklemtoon dat bevryding vir beide die ANC en die SAKP sowel politieke as ekonomiese bevryding beteken.

"Daar sal indringend gekyk moet word hoe die rykdom van die land regverdig beheer en versprei gaan word."

Slovo het dit duidelik gestel dat 'n onveranderde ekonomiese raamwerk sal beteken dat die bevoordeling van blankes - en hul ekonomiese oorheersing - voortgesit word. - ANO

# Oplaas vrede in Uitenhage

**Thabo Daniels**

**'N VREDESVERDRAG in die twee jaar oue stryd wat honderde lewens geëis en duisende rande se skade aangerig het, is Woensdag op Uitenhage tussen die twee strydende faksies onderteken.**

**Die stryd, wat om ideologiese verskille tussen ondersteuners van die UDF en PAC gaan, het sedert Januarie al 19 lewens geëis.**

**Woensdag se ooreenkoms is deur 'n afvaardiging van die ANC, UDF en die breë demokratiese beweging aan die een kant, en die PAC en PAM aan die anderkant, aangegaan.**

**Die partye het in 'n gesamentlike verklaring toegestem om hulle tot vreedsame naasbestaan tussen al die ideologiese groepe te verbind. Die twee groepe het ook toegestem op 'n veldtog vir politieke opvoeding te loods.**

**'n Vredeskomitee is ook gestig om demokratiese strukture te skep om blywende vrede te verseker.**

**Die ondersteuners van die Vryheidsmanifes is gelei deur Raymond Mhlaba, en Jeff Masemola was die ander groep se hoof-afgevaardigde.**

**Die verdrag is deur Middlands se Sakekamer gereël nadat gevegte tussen die groepe gelei het tot wegbly-aksies en 'n stilstand in produksie.**

**Die vredesonderhandelinge, wat twee dae geduur het, volg op beroepe van Nelson Mandela en die ANC se uitvoerende komitee vanuit Lusaka verlede week. - PEN**


# Nou kan jy jou gunsteling-koerant Vrydag al by die huis afgelewer kry!

Na heelwat probleme met vertraagde posaflewering van Vrye Weekblad en klagtes dat dit nie altyd maklik bekombaar is nie, kan ons nou aankondig dat jy jou Vrye Weekblad vanaf 30 Maart by die huis afgelewer kan kry - én teen 'n afslag.

Dit werk so: Op 30 Maart kom ons met 'n splinternuwe koerant. Dit gaan anders lyk en dit gaan anders wees - beter en aantrekliker. En baie opwindend.

Weens stygende koste moet ons ongelukkig ook vanaf dié datum die verkoopprys van die koerant verhoog na R1,50 (AVB ingesluit.)

Maar hier is 'n kans om Vrye Weekblad 'n jaar lank teen die ou prys te kry - by jou huis afgelewer op 'n Vrydag. Teken voor 23 Maart in op Vrye Weekblad en dit sal jou net R60 (AVB ingesluit) vir twaalf maande kos. Vir ses maande is die prys R30 (AVB ingesluit). Ná 23 Maart gaan dit R75 per jaar kos.

Mense wat nou die koerant per pos afgelewer kry en dit na huisaflewering wil verander, moet net die vormpie hieronder invul.

Ongelukkig geld huisaflewerings tot verdere kennisgewing net die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging-gebied, Bloemfontein en Wes-Kaapland.

Dieselfde spesiale aanbod van R60 en R30 geld ook tot 23 Maart gewone posintekenaars in gebiede waar daar nog nie huisaflewering is nie.

Vrye Weekblad

Ek wil Vrye Weekblad vir 12/6 maande by my huis afgelewer kry

Naam: ____________________

Adres: ____________________

____________________ Poskode: __________

Ek sluit 'n posorder/tjek van R60/R30 in.

Vrye Weekblad

Ek is 'n posintekenaar en wil voortaan Vrye Weekblad by die huis afgelewer hê

Naam: ____________________

Adres: ____________________


____________________ Poskode: __________

# Super-diplomaat Thabo aan die woord

**Suid-Afrika het Sondagaand die eerste keer die geleentheid gehad om na een van die mees geartikuleerde en gepoleerde politici in die Suid-Afrikaanse politiek te luister: Thabo Mbeki, hoof van die African National Congress se departement buitelandse sake.**

**Saam met Idasa se Van Zyl Slabbert was Mbeki een van die sleutelfigure in die pogings sedert 1987 om wit Suid-Afrikaners en veral Afrikaners in kontak met die ANC te bring.**

**Barbara Fölscher het 'n halfuur lank op Netwerk met hom gesels. Hier is 'n verkorte weergawe van die onderhoud.**



Thabo Mbeki

**DIE geskiedenis van swart meerderheidsregering in Afrika het vrees onder blankes veroorsaak. Dink jy hulle het 'n rede om bang te wees?**

Wat blank Suid-Afrika nodig het om te doen, is om by die proses om apartheid te beëindig, aan te sluit.

Ek dink die meeste mense in Suid-Afrika sê vandag ons het dié stelsel nie nodig nie, dit moet weg. Hulle mag wel verskil oor hoe dit gedoen word.

Dit behoort dus moontlik te wees vir wit en swart om hande te vat en saam van apartheid ontslae te raak, want wit en swart sê hulle is daarteen gekant.

Dit is belangrik. Dit is belangrik nie net vir die proses van die afbreek van apartheid nie, dit is belangrik vir die bou van die toekoms, want as mense saamgewerk het om die verlede te verander, sal hulle genoeg wedersydse vertroue hê om saam te werk om die toekoms te bou.

Dit is basies die enigste manier waarop 'n mens vrese van albei kante kan aanspreek.

Daar is 'n natuurlike swart vrees dat wit Suid-Afrika alles in sy vermoeë sal doen om mag te behou; dat wit Suid-Afrika die geweldige voordeel wat hy oor swart Suid-Afrika het in terme van vaardighede, toegang tot hulpbronne - finansieel en andersins, sal gebruik om 'n stelsel van wit oorheersing te laat voortbestaan, selfs al word dit nie so genoem nie.

Daar is wit vrese oor ander dinge, soos swart oorheersing, maar wat ek sê, is nou dat ons almal saamstem dat apartheid geskrap moet word, hoekom tree ons nie saam op teen apartheid nie, en ontwikkel so 'n stelsel van onderlinge inter-afhanklikheid wat ons gaan nodig hê om te vervang waarvan ons ontslae wil raak; om saam aan 'n nuwe Suid-Afrika te bou.

Ek dink nie dit gaan vreeslik moeilik wees om voort te gaan om bondgenote te wees in die bou van 'n nuwe Suid-Afrika as jy bondgenote was met die wegdoen van die verwerplike verlede nie.

**Wat dink jy is die beeld wat die gemiddelde wit Suid-Afrikaner van die ANC het?**

Ek dink verreweg die meeste wit Suid-Afrikaners het 'n baie verkeerde indruk van die ANC.

Dit is 'n produk van baie dekades van waninligting oor die ANC as 'n kommunisties-gedomineerde groep wat hulself op die bevolking van Suid-Afrika wil afdwing en 'n eenpartystaat wil hê.

Wat die ekonomie gaan verwoes en die mense in armoede gaan dompel; wat wraak wil neem teen blankes vir die verskriklike dinge wat witmense aan swartmense gedoen het; dié soort van indruk.

Ons moet natuurlik dié disinformasie aanspreek. Want as ons by 'n vreedsame oplossing uitkom en dít die persepsies is, dan is dit net logies dat blankes sal sê hulle moet veg tot die einde want hulle wil nie hê die land moet deur so 'n dierasie oorgeneem word nie.

So dit word belangrik dat die ware prentjie van die ANC oorgedra word.

Ek moet sê belangrike werk in dié verband is reeds deur blankes, veral Afrikaners, gedoen.

Ons het hulle die laaste paar jaar ontmoet en gesit en baklei oor sanksies, die gewapende stryd, een-mens-eenstem, groepregte en 'n miljoen ander sake. Groot politieke debatte en dispute met hulle gehad.

Dié mense is terug na Suid-Afrika en het gesê hulle verskil van die ANC hieroor en daaroor, maar hulle is nie diere nie; hulle is heeltemal in staat om te argumenteer; hulle is mense wat alle Suid-Afrikaners wil betrek in die oplossing van die probleem.

Ek dink dit is belangrik dat die ANC nie in die oë van die mense gedemoniseer word nie. Maar ek dink dit is net so belangrik dat die Nasionale Party nie gedemoniseer word nie sodat daar 'n soort wedersydse verpligting is om die waarheid oor mekaar te vertel en eerlik te wees oor waarvoor ons staan.

En daar moet die moontlikheid wees om daardie standpunte openlik en sonder beperkinge oor te dra sodat die mense kan sien, kan oordeel en vertroue ontwikkel.

**Hoe sien jy die reaksie in die regse politiek op wat die laaste twee weke gebeur het?**

Dit is iets wat goed deur almal dopgehou moet word, maar 'n mens moet dit verwag het.

Die feit van die saak is dat blanke Suid-Afrika voordeel uit apartheid geput het. Baie blankes hou van die idee dat blankes 'n monopolie oor mag moet hê.

Maar ek dink dit is ook belangrik om te besef dat dié mense 'n baie klein minderheid van die mense van Suid-Afrika verteenwoordig.

En dit is baie belangrik dat so 'n klein minderheid nie 'n veto-reg gegee word nie. Dit mag nie behandel word as 'n mag wat die soort verandering verhoed wat die meeste Suid-Afrikaners verlang nie.

Ek is seker daar is nog werk nodig aan daardie wit landgenote van ons om aan hulle te sê selfs húlle veiligheid en geluk kan net gewaarborg word as ons nie die verdelings het wat apartheid veroorsaak nie.

Ek dink hulle moet dié boodskap nog kry. Dat hulle as individue, as families dan beter af sal wees as in 'n situasie waar hulle hul huise met honde moet bewaak, gewapen moet wees en in 'n situasie van konflik en konfrontasie moet leef. Waar hulle bang is vir wat die swartman wat oorkant die straat loop, gaan doen.

Ons kan van dié dinge ontslae raak. En ek is seker hulle sal gelukkiger, veiliger voel in 'n situasie waar ons nie die verdelings en konflikte het wat inherent aan 'n apartheidstelsel is nie.

**Wat is die korrekte beeld van die ANC?**

Wat die ANC oor 70 jaar geïnspireer het en nou nog inspireer, is 'n visie van 'n Suid-Afrika wat aan alle Suid-Afrikaners behoort; 'n Suid-Afrika wat nie-rassig is, wat demokraties is, waarin alle Suid-Afrikaners voel hulle hoort saam.

'n Suid-Afrika waarin dit moontlik behoort te wees dat ons almal kan saamkom en vir 'n Springbok-span juig - al is dit heeltemal wit, of heeltemal swart, solank dit op meriete is. Almal van ons moet kan skreeu, want dis ons span.

Ons voel dit gaan nie baie moeilik wees om 'n gemeenskaplike nasieskap te skep nie - jy weet, om saam pap en vleis te sit en eet as Suid-Afrikaners.

As jy ontslae raak van al dié persepsies, en 'n swak politieke stelsel, dan dink ek die basis is daar vir Suid-Afrikaners om trots te voel oor hul eie kultuur, maar tog samehorigheid te voel as Suid-Afrikaners. En as hulle saam optree, kan hulle ons land in iets groots verander.

Dít is die visie van die ANC.

Ons is vol vertroue dat wat vandag na verskriklike probleme lyk - persepsies dat mense in groepe moet bly - dat mense baie gou sal besef dat hulle nooit dié groepsgrense nodig gehad het nie as hulle net eers die praktiese ervaring het van saam lewe.

**Wat is die ANC se posisie oor nasionalisering?**

Ek dink al dié kwessies moet deel wees van onderhandeling. Iets moet aan die Suid-Afrikaanse ekonomie gedoen word sodat dit die lewenstandaard van alle Suid-Afrikaners kan verbeter.

Ons kan nie begin van die posisie dat die moontlikheid van nasionalisering uitgesluit is nie. Dit is een van die vrae wat op die agenda geplaas moet word, soos die belastingstelsel, die ontwikkeling van die informele sektor, eienaarskap van die produktiewe sektor, en ander.

**Maar begin die ANC by die posisie dat die ekonomie aan die gang gehou moet word?**

Natuurlik, ons moet wegspring van 'n punt waar die doelstelling, in FW de Klerk se woorde, is om die lewenstandaard van mense te verhoog. Dan moet ons sê hoe doen ons dit.

Die eerste gevolgtrekking is dat dat seker gemaak moet word dat die ekonomie aanhou groei, aanhou om meer welvaart te produseer.

Soveel welvaart as moontlik, want as die welvaart nie groter word nie, dan is die koek te klein wat verdeel moet word.

'n Ander gevolgtrekking is dat daar 'n herstrukturering van die ekonomie behoort te wees. Die realiteit van die ekonomie is dat dit gebou en ontwerp is om essensieël die lewenstandaarde van blankes te verbeter.

Die hele stelsel van tuislande het dit as doelstelling gehad: om wat in ampstaal genoem is surplus-mense uit te skakel. Omdat hulle surplus was, het die ekonomie hulle nie nodig gehad nie.

'n Mens kan nie so 'n ekonomie hê nie. Daar behoort geen surplus-mense in Suid-Afrika te wees nie.

So ons sê dit sal verkeerd wees om van die begin af te sê ons sluit weens ideologiese redes nasionalisering uit of sekere elemente van nasionalisering van openbare eiendom.

Die private sektor word oorheers deur vier, vyf maatskappye wat 80, 85 persent van die aandele op die Effektebeurs verteenwoordig.

Nêrens in die wêreld het jy 'n situasie waar die ekonomie só deur 'n paar konglomerate oorheers word nie.

En dan het ons natuurlik te doen met Suid-Afrika met sy rasseprobleem. Dié oorheersende groepe is eksklusief in wit hande. So dit is nie net 'n oorkonsentrasie van rykdom in 'n paar hande nie, dit is 'n oor-konsentrasie in wit hande. Dit is 'n probleem.

Dit is 'n kwessie wat aangespreek moet word want jy wil 'n Suid-Afrika skep sonder dié rassekonflikte. As jy die situasie perpetueer waar 'n swart persoon op straat dink dat al die rykdom gekonsentreer is in die wit kant van die straat, dan laat jy konflik, spanning, die moontlikheid van 'n ontploffing voortbestaan.

## SA se leiers (19): Thabo Mbeki

**Max du Preez**

Thabo Mvuyelwa Mbeki is hoof van die African National Congress se Internasionale Afdeling. Hy is terselfdertyd ook een van die mees invloedryke leiers in dié organisasie en word geruime tyd reeds as kroonprins genoem.

Mbeki is nie 'n onbekende by Suid-Afrikaners wat die laaste paar jaar kontak met die ANC gehad het nie. Saam met Van Zyl Slabbert was hy agter die hele aantal ontmoetings tussen wit Suid-Afrikaners en die ANC wat met die Dakar-beraad in Julie 1987 begin het.

Hoewel Mbeki 'n lid van die SA Kommuniste-party is - hy was selfs vroeër in die SAKP-politburo - en militêre opleiding in die Sowjet-Unie ondergaan het, word hy nie gereken as 'n onbuigsame ideoloog nie. Inteendeel, Mbeki word die laaste jaar as een van die mees pragmatiese ANC-leiers gesien wat sterker op strategie as ideologie is.

Mbeki is 'n uitstekende diplomaat en is wyd deur sy organisasie gebruik om met Westerse leiers te skakel. Hy het groot aansien in diplomatieke en Westerse regeringskringe en is naas Mandela waarskynlik die ANC-leier met die meeste charisma.

Mbeki is die seun van die ANC-leier Govan Mbeki wat verlede jaar uit die gevangenis vrygelaat is. Hy is op 18 Junie 1942 in Idutywa in Transkei gebore en het 'n Meestersgraad in ekonomie aan die Universiteit van Sussex behaal. Hy was in die vroeë 1960's aktief in die African Students' Organisation, en is al 27 jaar lank in ballingskap.

Sy meteoriese vordering in die ANC-hiërargie het veral gekom nadat hy in 1984 as die ANC se direkteur vir inligting en publisiteit aangestel is.

*"Dit is ons doel om elke pos deel te maak van 'n nie-rassige loopbaan wat vir alle Suid-Afrikaners slegs op grond van meriete oopstaan, en nie om 'n soort omgekeerde apartheid te skep nie."*


Gavin Relly, Voorsitter

So is 440, of een vyfde, van die vakleerlinge wat deur ons mynbou-assosiate ingeboek is byvoorbeeld swart.

Highveld Steel, wat in 1984 net een swart vakman in diens gehad het, het nou 118, en 31 van die 91 vakleerlinge wat verlede jaar as vakmanne gekwalifiseer het, was swart. Daarbenewens verskaf die Korporasie tans die fondse vir beroepsgerigte studiebeurse aan 500 studente (waarvan 'n derde swart is) wat opgelei word vir middelbestuursposte in die tegniese, wetenskaplike en handelsrigtings.

Afgesien van enige regverdigheidsoorwegings was die kostedoeltreffendste manier om ons program te implementeer, die bevordering van die nie-rassige gebruik van onderriggeriewe op sekondêre en tersiêre vlak, en die verlening van enige spesiale bystand aan swart studente binne hierdie konteks.

Die stukrag van die Voorsittersfonds, wat nou ongeveer R50 miljoen per jaar bedra, is reeds meer as 'n dekade lank op nie-rassige sekondêre en tersiêre onderwys toegespits.



*Danksy deurlopende bevordering van nie-rassige onderwysgeriewe op sekondêre en tersiêre vlak, bou ons loopbaanprogramme steeds momentum op.*

aac

Anglo American Corporation of South Africa

ANGLO AMERICAN CORPORATION

KLERCK & WHITE · N SAATCHI & SAATCHI-AGENTSKAP/18147

# Namibiese Grondwet 'n model vir demokrasie

**Die Grondwetgewende Vergadering van Namibia het pas die land se nuwe Grondwet aanvaar, en die dokument is allerweë verwelkom as 'n model vir demokrasie. ANTON STEENKAMP bespreek die Grondwet**



Prof Gerhard Erasmus



Prof Marinus Wiechers



Adv Arthur Chaskalson

'N EENPARTY-DIKTATUUR waarin blanke boere se grond afgevat gaan word en alles aan die staat sal behoort - dit is Namibia se voorland onder 'n Swapo-regering, het die Suid-Afrikaanse Weermag se propagandamasjien ons jare lank wysgemaak.

Verlede week is 'n model-grondwet - opgestel deur "twee Suid-Afrikaanse Boere en 'n Engelsman", soos 'n regsgeleerde dit gestel het - deur die Swapo-oorheersde Grondwetgewende Vergadering van Namibia aanvaar.

Die grondwet maak voorsiening vir 'n veelparty-demokrasie waarin menseregte in 'n handes verskans word. Dinge soos die doodstraf en aanhouding sonder verhoor, wat in Suid-Afrika alledaags is, is onwettig onder die Namibiese Grondwet. Private eiendomsreg word verskans.

Die Grondwet van die Republiek van Namibia, soos dit amptelik heet, is opgestel deur een gebore Namibiër en twee Suid-Afrikaners. Prof Gerhard Erasmus is van Namibia afkomstig en gee klas in Volkereg aan die Universiteit van Stellenbosch. Die ander twee opstellers is prof Marinus Wiechers, hoogleraar in Staatsreg aan Unisa, wat ook die oorgangsregering se konsep-grondwet opgestel het; en adv Arthur Chaskalson.

Die grondwet is allerweë deur regsgeleerdes verwelkom as 'n model vir demokrasie.

Die Handves van Fundamentele Menseregte en Vryhede, wat in die Grondwet verskans is en nie verander kan word nie, vervat al die regte en vryhede van 'n liberale Westerse demokrasie soos vryheid van spraak, godsdiens, assosiasie en die pers, en die beskerming van die lewe en vryheid.

Die doodstraf in Namibia word geheel en al afgeskaf. Die Handves bepaal verder dat niemand van sy of haar vryheid beroof mag word sonder 'n behoorlike regsprosedure nie. Selfs in die uitsonderlike geval van oorlog of 'n noodtoestand - die enige gevalle waar op dié regte inbreuk gemaak mag word - moet 'n aangehoudene met redes vir die aanhouding bedien word, en is hersiening van die aanhouding binne een maand verpligtend. 'n Hersieningsraad van vyf lede, waarvan drie regters van die Hoërhof is, moet sulke gevalle hersien.

Menswaardigheid word in die Handves beskerm, en niemand mag onderwerp word aan marteling of aan wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf nie.

## Gelykheid

Gelykheid voor die reg word ook gewaarborg. Daar mag teen niemand gediskrimineer word op grond van geslag, ras, kleur, etniese oorsprong, godsdiens of sosiale of ekonomiese status nie.

Dis interessant dat seksistiese taalgebruik selfs uit die Grondwet geweer is - "persone", eerder as "man" of "vrou", word deurgaans gebruik, en daar word na die President en ander amsdraers verwys as "hy of sy".

Die Handves bepaal dat niemand aan arbitrêre arres of aanhouding onderwerp mag word nie. Iemand wat in hegtenis geneem word, moet onmiddellik in 'n verstaanbare taal van die redes verwittig word en binne 48 uur voor 'n landdros of ander regterlike beampte verskyn.

Die onafhanklikheid van die regbank word verskans, en die howe het 'n toetsreg om wetgewing teen die Handves se bepalings te toets.

'n Interessante aspek van die Handves, wat in min soortgelyke dokumente tot dusver verskans is, is die afsonderlike verskansing van kinderregte. Kinders word onder meer teen ekonomiese uitbuiting beskerm en geen kinders onder 14 jaar mag in 'n fabriek of myn werk nie. Skemas wat minderjarige kinders van plaaswerkers dwing om ook op die plaas te werk, word as gedwonge arbeid beskou, wat onwettig is.

## Eiendom

Private eiendomsreg - een van die dinge waaroor veral blanke boere bekommerd was - word uitdruklik beskerm in die Handves. Almal het die reg om eiendom te koop, te besit en te verkoop, en onteiening mag slegs teen betaling van billike vergoeding geskied.

Alle burgers van Namibia het die reg om aan vreedsame politieke aktiwiteite deel te neem en om politieke partye te vorm. Burgers ouer as 18 jaar het stemreg.

Die reg van almal om hul kultuur, taal, tradisies of godsdiens te beoefen, word ook verskans. Dit behoort Afrikaners wat bekommerd was oor die behoud van Afrikaans gerus te stel. Hoewel Engels die amptelike taal van Namibia sal wees, maak die Grondwet ook voorsiening vir die gebruik van ander tale - soos Afrikaans - op amptelike vlak in streke waar dit deur 'n beduidende deel van die bevolking gebruik word.

Private en staatskole kan ook ander tale as Engels as onderrigmedium gebruik, solank niemand op grond van ras weggewys word nie. Primêre onderwys sal verpligtend en gratis wees.

Fundamentele vryhede wat verskanś word, sluit verder in die reg om vreedsaam en sonder wapens te vergader; die vryheid om vakbonde te vorm en te staak; vryheid om binne- en buitelands te reis en in enige deel van Namibia te woon; en om enige beroep te beoefen.

Apartheid en rassediskriminasie word uitdruklik verbied, hoewel regstellingsaksie toegelaat sal word om die wanbalans wat veroorsaak is weens diskriminasie op sosiale, ekonomiese en opvoedkundige vlak, reg te stel.

'n Noodtoestand - waaronder die fundamentele regte en vryhede beperk ken word - kan slegs deur die president afgekondig word as die lewe van die volk of die grondwetlike orde bedreig word. Dit sal egter net vir sewe dae geldig wees as die Nasionale Vergadering in sitting is - so nie, 30 dae - tensy die Nasionale Vergadering die president se optrede goedkeur met 'n tweederde-meerderheid. Na ses maande moet die NV weer daaroor stem.

Die Nasionale Vergadering, wat uit 72 verkose lede bestaan, is die hoogste wetgewende gesag. Wetgewing word egter onderwerp aan goedkeuring deur die Nasionale Raad, wat bestaan uit verteenwoordigers van verskillende streke.

## Verteenwoordiging

Die lede van die NV sal verkies word op die basis van proporsionele verteenwoordiging, soos wat in die afgelope November-verkiesing die geval was. Die totale aantal uitgebragte stemme word deur 72 gedeel om die kwota per setel te bepaal. Kiesers stem vir 'n party, en die totale aantal stemme van 'n party word deur die kwota gedeel om die aantal setels te bepaal wat die party verower het. Die party stel dan lede van die NV aan op grond van 'n voorranglys.

Prof Erasmus wys daarop dat dié stelsel van proporsionele verteenwoordiging veel regverdiger is as die kiesafdeling-stelsel wat in Suid-Afrika gebruik word. In Suid-Afrika word die kandidaat wat die meeste stemme in 'n kiesafdeling kry, parlement toe gestuur, al het dié kandidaat slegs 40 persent van die stemme gekry en die ander twee kandidate elk 30 persent. In Namibia is se geval tel elke stem ewe veel, afgesien van waar die kieser woon.

Die NV word vir vyf jaar verkies in 'n algemene, geheime en regstreekse verkiesing.

Die Nasionale Raad, wat vir ses jaar verkies word, bestaan uit twee lede van elke streek wat bepaal sal word vir die doeleindes van streeks- en plaaslike bestuur. Die streke se grense sal geografies bepaal word, en nie op grond van die ras of etniese oorsprong van die inwoners nie. Die twee verteenwoordigers sal uit die geledere van die Streeksrade verkies word.

Alle wetsontwerpe wat deur die NV voorgelê word, moet aan die NR voorgelê word. Die NR gee dan 'n verslag van goedkeuring of aanbevelings aan die Speaker, waarna die NV dit kan wysig en goedkeur.

As twee derdes van die lede van die NR beswaar maak teen die wetsontwerp, moet die NV dit heroorweeg. As die NV dit nie met twee derdes goedkeur nie, verval die wetsontwerp.

## Ombudsman

Behalwe 'n onafhanklike regbank en 'n Prokureur-Generaal, sal 'n ombudsman ook aangestel word. Die funksie van die ombudsman, wat onafhanklik optree, is om klagtes oor die inbreuk op fundamentele regte en vryhede, die misbruik van mag, en onbillike of onsensitiewe optrede teen 'n inwoner van Namibia deur 'n beampte te ondersoek.

Die ombudsman, wat 'n regter of regsgeleerde moet wees, ondersoek ook klagtes teen administratiewe organe van die staat, die weermag, polisiemag en gevangenisdienste met betrekking tot diskriminasie.

Ook op ekologiese gebied moet die ombudsman klagtes van misbruik of oor-eksploitasie van natuurlike hulpbronne of die vernietiging van ekosisteme ondersoek.

Die ombudsman kan as bemiddelaar tussen die partye optree, die saak na die staatsaanklaer verwys, 'n interdik of ander remedie in die hof verkry, wette hersien wat voor onafhanklikheid in werking was en skynbaar strydig met die letter en gees van die Grondwet is, en bewerings van korrupsie ondersoek.

Beleidsbeginsels wat nie afdwingbaar is nie, maar waarna die staat sal strewe, word ook in die Grondwet neergelê.

## Vroue

Dit behels onder meer die aanneem van wetgewing om gelyke geleenthede vir vroue te bewerkstellig, veral om ongelyke besoldiging van mans en vroue uit te skakel.

Vakbondvorming sal aangemoedig word om werkers se regte en belange te bevorder, en Namibia sal aansoek doen om lidmaatskap van die Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO).

Die Staat sal verseker dat senior burgers 'n gereelde pensioen kry wat voldoende is vir 'n ordentlike lewenstandaard en om sosiale en kulturele geleenthede te geniet.

Ook werkloses, armes en minderbevoorregtes sal welsynsvoordele ontvang wat deur die parlement as regverdig en bekostigbaar beskou word, in ag genome die middele waaroor die staat beskik.

Gratis regshulp sal in omskrewe gevalle verskaf word, en werkers moet 'n bestaansloon ontvang.

Beplanning moet onderneem word om 'n aanvaarbare voedingstandaard te verseker en om die lewenstandaard en openbare gesondheid te verbeter.

## Ekologie

Die ekologie kry besondere aandag in die beleidsmaatreëls. Die staatsbeleid sal verseker dat die ekosisteme, noodsaaklike ekologiese prosesse en biologiese diversiteit behou word en dat lewende natuurlike hulpbronne tot voordeel van alle Namibiërs gebruik word op so 'n wyse dat dit vir die nageslag behoue bly. Daar word spesifiek vir maatreëls teen die storting of verwerking van gif- en kernafval uit die buiteland op Namibiese grondgebied voorsiening gemaak.

Die staat se beleid ten opsigte van buitelandse betrekkinge bepaal dat Namibia 'n onafhanklike land sal wees wat internasionale samewerking, vrede en sekuriteit sal bevorder en die vreedsame beslegting van internasionale geskille sal aanmoedig.

Die staat sal, waar dit redelikerwyse moontlik is, asiel verskaf aan mense wat vervolging vrees weens hul politieke sienings, ras, geloof of lidmaatskap van 'n sosiale groep.

## Ekonomie

Grootskaalse nasionalisering word nie deur die beleidsbeginsels voorsien nie. 'n Gemengde ekonomie word as beleidsbeginsel gestel, wat voorsiening maak vir 'n openbare sektor, private sektor, gemeenskaplike privaat-openbare sektor, 'n koöperatiewe sektor, gesamentlike einaarskap en 'n kleinskaalse gesinsektor. Dit stem baie ooreen met die ANC se Grondwetlike Riglyne wat voorverlede jaar deur dié organisasie aanvaar is.

Die Namibiese Grondwet toon ook ander ooreenkomste met die ANC-riglyne, asook met die VV se Handves van Menseregte en klassieke Westerse modelle soos dié van Wes-Duitsland.

Die opstellers het egter geen spesifieke model geraadpleeg by die opstel van dié Grondwet nie, sê prof Erasmus - dit is geheel en al 'n "home-grown" dokument om spesifiek die behoeftes, begeertes en geskiedkundige agtergrond van Namibiërs aan te spreek.

Die meeste van die grondwetlike beginsels is in 1980 reeds neergelê in 'n dokument wat toe al deur die VV aanvaar is. Die opstellers het ook die modelle wat deur die verskillende partye in die Grondwetgewende Vergadering voorgelê is, as riglyne gebruik.

# Tradisie van vernedering op kampusse duur voort

**Nadat 'n student in die vroeë sewentigerjare op die kampus van die Universiteit van die Witwatersrand en in 1975 op die kampus van die Randse Afrikaanse Universiteit dood is en vele studente sedertdien behandeling moes ontvang, het die meeste universiteite in die land ontgroening verbied. Tog duur dié gebruik steeds voort op die meeste kampusse in die land. PEARLIE JOUBERT doen verslag**

VANJAAR moes drie eerstejaars van die manskoshuis Eendrag op Stellenbosch hospitaalbehandeling ontvang en steke in hul arms kry nadat seniors 'n glasruit losgemaak en dit op 'n groep eerstejaars geval het.

In Simonsberg op dieselfde kampus moes eerstejaars na bewering sewe ure lank 'n sogenaamde "sweetsessie" deurgaan.

Dié sweetsessies behels dat eerstejaars skouer-aan-skouer in 'n klein kamertjie vir lang tye regop moet staan. Dié sessies is glo "tradisie" op Simonsberg.

Sover vasgestel kon word het een eerstejaar reeds 'n vrouekoshuis verlaat en na die Universiteit van Kaapstad gegaan weens doomprakt yke in dié koshuis.

In Helshoogte, ook op dié kampus, het senior studente tydens die "inlywing" kussingslope oor die eerstejaars se koppe getrek.

In die vrouekoshuis Monica moes eerstejaars tydens die oriënteringsweek baie vroeg in die oggend opstaan om vir die huiskomiteelede ontbyt te maak.

Al dié dinge word volgens die Direkteur van Studentesake, prof Flip de Wet, uitdruklik en streng deur die Administrasie verbied.

'n Eerstejaarstudent in die regte by Maties het vertel hoe die huiskomiteelede (HK) geweier het dat eerstejaars gedurende die eerste twee weke op stoele sit. "Ons is nie toegelaat om enige telefoonoproepe na ons ouers te maak of te ontvang nie, of om enige besoekers te ontvang nie.

"HK's het ook geweier dat eerstejaars grimering dra en almal moes rompe en hemde dra," het dié persoon gesê.

Mans word verplig om vir drie maande dasse en baadjies te dra.

In sommige vrouekoshuise op Stellenbosch word eerstejaars vir tot twee weke as "slakke" of "onkruid" deur seniors en HK-lede aangespreek.

Alle eerstejaars op die UP-kampus word "ienks" genoem, maar die onderskeie koshuise noem hul eerstejaars ook ander name. In Madelief word eerstejaars "Knolle" genoem.

'n Vrouestudent wat anoniem wil bly, het vertel dat die eerste twee weke op Stellenbosch "geweldig warm was. Wanneer ons gelag of volgens die HK's uit ons beurt gepraat het, moes ons as straf 'n trui gaan aantrek."

In die manskoshuis Wilgenhof op Stellenbosch word eerstejaars geblinddoek en beveel om tot agt ure lank plat op die grond te sit.

Nog 'n gevreesde "dooptegniek" van Wilgenhof is die sogenaamde "galg".

HK-lede bou 'n soort kontrepsie wat onder meer uit 'n katrol en lang tou bestaan. Eerstejaars word almal geblinddoek en moet aan 'n stokkie aan die punt van die tou vashou. Hulle word dan tussen die bome opgehys. Volgens bronne "voel dit asof 'n mens baie hoog tussen die bome opgehys word, maar nadat hulle jou opgehys het, laat hulle jou só stadig sak dat jy dit nie voel nie.

"Jy moet dan 'n liedjie sing en teen daardie tyd is jou arms só lam dat jou hande begin losgly. In der waarheid is jy dan net so tien sentimeter bo die grond. Die HK's lag hulle dan dood wanneer jy val."

In Erica-vrouekoshuis op Stellenbosch moes eerstejaars een nag vanaf 1vm tot 4vm die volgende oggend op "peuter-parade" staan.

Die eerstejaars in Erica word "peuters" genoem. Dié parade behels dat hulle op-en-af na hul kamers moet hardloop en vir verskillende geleenthede verskillende klere moet aantrek.


Op Pretoria-kampus (UP) en die RAU duur die ontgroening van eerstejaars tot in Augustus.

In die 1988-reglemente, wat deur die Administrasie van die UP opgestel is, word eerstejaars versoek "om hulself altyd te gedra soos nuwelinge wat toetree tot 'n gemeenskap van oueres".

Volgens Helena Barnard van UP, wat verlede jaar in die Madeliefvrouekoshuis was, het die direktoraat besluit dat oriëntering vrywillig is.

"In die koshuise werk dit egter nie so nie omdat die HK's baie druk op jou plaas om aan die aktiwiteite van die koshuise en dooprogram deel te neem."

Die eerstejaarstudente in dié vrouekoshuis moet vanaf die begin van die jaar tot Augustus sekere klere dra - "koshuisdrag".



In die eerste drie weke moet koshuisdrag elke dag gedra word. Na die eerste drie weke tot Augustusmaand moet eerstejaars elke Woensdag hul koshuisdrag dra. Elke koshuis het sy eie drag.

Volgens die onder-voorsitter van die Prim-komitee van Stellenbosch, Marise du Preez, sy is ook die prim van Lydia, was al "haar eerstejaars paddas en moes hulle soms groen klere aantrek".

Manskoshuise van die UP se eerstejaars moet die hele jaar pakke dra en beide mans en vroue moet die senior studente as "meneer of juffrou" aanspreek.

Dié reël word ook reeds vir jare lank op Stellenbosch toegepas. Aanspreekvorme dáár wissel vanaf "mademoiselle", "captain", "madam" tot "sir".

Volgens studente is die ergste deel van ontgroening die "ontheffing" - soos dit op UP genoem word - of die "inlywing" soos dit op Stellenbosch bekend staan.

Tydens ontheffing sit die HK-lede van Madelief-koshuis eiers in die eerstejaars se broekies. Hulle moet dan op die grond gaan sit sodat die eiers breek en word daarna beveel om ongeveer twee kilometer ver te draf na Magnoliadal, 'n park daar naby.

Volgens Barnard is dit 'n baie vernederende ervaring omdat die eiers groot vlekke op die vroue se klere maak.

"Manskoshuise weet gewoonlik wanneer dié inlywing plaasvind en ry in motors agter die vroue aan en skree obsene aanmerkings."

Die HK-lede kyk klaarblyklik ook dat die eerstejaars nie die doppe uit hul broekies haal terwyl hulle draf nie.

By Magnoliadal smeer die HK-lede die eerstejaars met vismeer, eiers, brood, "duiwelsdrek", 'n soort maagmedisyne, en molasse. "Hulle gooi en smeer dit in jou hare en klere en dwing jou om daarin te sit," sê Barnard.

In die Taaibos-manskoshuis moet die eerstejaars tydens onheffing in 'n swart asblik varkmis klim en hulself daarin dompel.

Die SR-sekretaris van die UP, Stefaans Botma, sê die UP laat geen doop toe nie. Volgens hom moet die studentedekaan, Flip van der Watt, die oriënteringsprogram van elke koshuis goedkeur.

Hy wou nie kommentaar lewer op wat onder meer by Madelief en Taaibos gebeur nie "omdat die koshuise heeltemal outonoom optree en dit niks met die SR te doen het nie".

Die hele gedagte agter doop, ontgroening of oriëntering van eerstejaars is volgens die meeste Afrikaanse kampusse om "eerstejaars lojaal teenoor hul koshuise te maak."

By veral manskoshuise van die meeste Afrikaanse kampusse moet eerstejaars baie oefeninge doen. Party vrouekoshuise dwing ook eerstejaars om "sit-ups" en opstote te doen.

Party vrouekoshuise vereis dat eerstejaars hul gewig en hul laaste akademiese prestasies op kaarte, wat hulle om hul nekke moet dra, aanbring.

Verpligte studie vorm ook deel van 'n oriënteringsprogram. 'n Groot getal Afrikaanse kampusse beboet eerstejaars indien hulle nie in die vasgestelde studietyd studeer nie. Op die UP-kampus word eerstejaars met R5 beboet vir 'n eerste oortreding en R20 vir 'n tweede.

Navraag het getoon dat eerstejaars baie onwillig is om te praat oor die "dooptydperk". Die meeste van die eerstejaars weier dat hul name genoem word "uit vrees dat die HK's op ons gaan pik", het 'n student van Pretoria-kampus gesê.

Wilgenhof-manskoshuis het 'n "tugliggaam" wat as die "Nagligte" bekend staan.

Een van die oortredings waarvoor die Nagligte straf uitdeel, is vir "algemene-deur-die-kakgeid".

Die straf van "Nagligte" behels dat die "skuldige persoon kaal uitgetrek word, natgegooi en gedwing word om 'n Alwynkristal te eet en 'n lepel roulynolie te sluk. Daarna word jy geverf met 'n mengsel van swart verf en goue stroop".

Die voorsitter van die primariuskomitee en SR-lid op Stellenbosch, Herman Burger, sê die seniors voel "hulle is kwaai gedoop daarom moet die eerstejaars ook kwaai gedoop word".

Volgens hom is die primêre motivering agter die doop van eerstejaars "om by hulle 'n groepsgees en lojaliteit ten opsigte van die koshuis te kweek. "Wanneer mense saam 'n bietjie swaarkry en onder 'pressure' is, smee hulle bande wat nie maklik verbreek word nie."

Volgens die SR-ondervoorsitter van die Universiteit van Bloemfontein, Bertie Haasbroek, is die doel van oriëntering om "op 'n doelmatige wyse die eerstejaars te begelei op pad na ware Kovsie-wees".

Volgens Haasbroek is doop of ontgroening onwettig op kampus. Hy stel dit egter ook duidelik dat wanneer "'n koshuis gestroop word van sy tradisies, hy van sy unieke karakter gestroop word".

Engelse universiteite het jare gelede reeds "doop" afgeskaf.

Volgens die SR-lid wat in beheer van die oriëntasieweek by die Universiteit van die Witwatersrand was, David Kimber, asook SR-lid Sham Beersteche van die Universiteit van Kaapstad, bestaan oriëntasieweek primêr uit partytjies en sosiale geleenthede en eerstejaars kan self besluit of hulle wil deelneem aan die aktiwiteite wat vir hulle gereël word.

Die hoofdirekteur van Skakeldienste van die Universiteit van Port Elizabeth, Jan Roos, sê die UPE laat "geen doop of oriëntering van enige aard toe nie".


ALL PERFORMING ARTS WORKERS

Theatre Actors, Film Actors, Directors, Writers, Technicians, Stage Managers, Educators, Front of House, Back-stage Crew, etc. are invited to a meeeting convened by the

Interim Committee of the Theatre Alliance

to discuss progress made since the first meeting of August 1989.

Date: 25 February 1990

Time: 11 am

Venue: Funda Centre

Enquiries: Irene 833-2530/

Mark 836-6499

Ramolao 980-6771

DAVID PHILIP

Publishers of books that matter for Southern Africa

We rejoice in the release of political prisoners, including Dr Nelson Mandela, in the unbanning of the ANC, PAC, SACP and other political organisations, in the easing of curbs on the media, and in the moratorium on executions.

At the same time we welcome the courageous initiative of President FW De Klerk.

We too call for the release of the other political prisoners, the repeal of apartheid legislation, and the lifting of censorship.

Since we began nineteen years ago, our main publishing concern has been to analyse and expose apartheid and to promote debate towards the new South Africa.

We look forward to publishing for the exciting challenges of the 1990's and of our new future together.

**Die Maandag na die verwelkomingsaamtrek vir die sewe vrygelate ANC-leiers verlede jaar op Soccer City het 'n kleurfoto van die aktrise Grethe Fox op Beeld se voorblad verskyn. Sy was in kakie geklee en het met gebalde vuis Nkosi Sikelel'iAfrika gesing. Die meeste mense sal haar eerder só onthou as vir die talle rolle wat sy as aktrise vertolk het. CHARLES LEONARD het met haar gaan gesels**

# 'Die tyd van nagmerries is nog nie verby nie'



Grethe Fox

GRETHE FOX het al baie lof as aktrise ontvang. Een van haar grootste dae was egter Dinsdag by Wits en dit het niks met toneel te doen gehad nie.

ANC-leier Ahmed Kathrada het Dinsdag die studente by dié universiteit se oriënteringsweek toegespreek. Ná die toespraak het Grethe hom gaan bedank.

Toe sy haar hand uitsteek om haarself voor te stel, vra Kathy: "Is jy nie Grethe Fox nie? Ek het al baie van jou gelees in die koerante en jou oor televisie gesien toe ek nog in die tronk was. Jy was mos ook Dakar toe in 1987 om met die ANC te gaan gesels?"

Sy was, om die minste te sê, oorstelp van vreugde.

Grethe speel in 'n nuwe stuk, "Koue oorlog". Dit speel af rondom die Tweede Wêreldoorlog en handel oor die konflik tussen ideologie en persoonlike- en liefdesverhoudings.

"'n Stuk hoef nie te gaan oor Suid-Afrika en wat vandag in die land aangaan nie," sê sy. "Soms het dit meer trefkrag as daar 'n mate van afstand is. Dit is die geval met Koue Oorlog. Die ooreenkomste en parallelle met wat in Suid-Afrika gebeur, is egter groot en duidelik."

Die debat oor optredes vir instansies soos Truk is lankal iets van die verlede en nie meer relevant nie, sê Grethe.

"Die aksente het al soveel verskuif. Daar is nie meer mense wat bereid is om honger te ly omdat hulle nie onder die Truk-vaandel wil deelneem nie. Daar is so min teaterwerk dat jy moet vat wat jy kry.

"Die situasie in die land is so anders en die kultuur moet dit weerspieël. Ons kan nie in aparte kampe werk nie.

"Daar moet versoening tussen al die teatergroepe in die land kom. Ek dink Truk het homself die afgelope paar jaar bewys met die goed wat hulle gedoen het."

Sy was in 1987 deel van die afvaardiging Afrikaners wat met die ANC in Dakar gaan praat het.

"Die ANC het vir my gesê dat dit nie so belangrik is oor waar die geld vir drama vandaan kom nie, maar wat jy daarmee doen. Dít is belangrik."

Nog 'n rede waarom sy geen beswaar het om veral nou vir Truk te werk nie, is die regisseur waaronder sy in Koue Oorlog speel.

"Ek wou nog altyd dolgraag saam met Ilse (van Hemert) werk. Dit is vir my 'n wonderlike ervaring om onder haar regie te speel. Ek sou sê dit is een van die hoogtepunte in my loopbaan."

Sy is ook opgewonde oor die wettiging van die ANC en die SAKP.

"Kom ons sê ek is huiwerig optimisties. FW se aankondigings moes kom. Hy het geen ander keuse gehad nie. Hy was onder sterk druk. Die man wou nie 'n burgeroorlog in ons land hê nie.

"Tog is dit merkwaardig vir enige Afrikaner binne die NP om sulke veranderings te maak en daarvoor moet hy geloof word. Jy moet sulke mense aanmoedig.

"Jy moenie kleinlik wees en sê ek het julle al lankal gesê nie.

"Ek glo dit is soos 'n nagmerrie wat weg is. Daar wag egter nog baie ander nagmerries vir ons. Ander soort nagmerries. Die regse een dink ek onmiddellik aan."

Grethe en haar man, rolprentvervaardiger Manie van Rensburg, het kennis van dié soort nagmerrie. Albei was deel van die groep "volksverraaiers" wat Dakar toe was.

"Ons was bang toe dit bekend geword het ons gaan saam. Dít, saam met die histerie wat in die pers en oor die SAUK oor die besoek losgebars het, het jou laat vrees vir jou lewe.

"Wat die ergste was, is toe ons gehoor het die AWB gaan ons op Jan Smuts ontmoet met ons terugkeer. Tóé het ons werklik geskrik. Daar het gelukkig niks van gekom nie.

"Ek het 'n hele klomp lelike briewe daaroor gekry, maar gelukkig geen telefoonoproepe nie omdat ons nommer nie bekend is nie. Jy kan nie sê dat dié goed jou nie raak nie.

"Daar is egter ander mense wat meer ly as wat ek gely het. Wat met my gebeur het, is die minste as jy dink wat swart aktiviste moet deurmaak. Ek is nog nie geteister nie. Ek was nog nie in die tronk nie. Ek is geen heldin nie."

Die SAUK het nie net sy misnoeë met die besoek met "Nuuskommentaar" gewys nie.

"Ek was vir 'n tydjie van die SAUK verban gewees. Dit is nooit formeel aangekondig nie, maar ek het dit agtergekom toe my oom Uys Krige dood is. Een van die radiostasies, ek dink dit was vir Radio Today, wou met my gesels oor sy dood, maar hulle het opdrag van bo gekry dat hulle nie met my mog praat nie.

"Ek het vir 'n lang ruk geen SAUK-werk gekry nie."

Sy glo dat dit alles die moeite werd was.

"Dit is nie dat ek nie iets van die ANC geweet het nie. Ek het baie oor hulle gelees en was redelik ingelig oor die organisasie. Dit was egter baie belangrik om hulle van aangesig tot aangesig te ontmoet en te hoor dat hulle werklik so redelik is. Alles het bygedra tot 'n proses van demistifikasie.

"Barbara Masekela, hul woordvoerder oor kultuur, wou hê ons moet strukture in die kunste vorm. Dit het uitgeloop op organisasies soos die Film and Allied Workers Organisation en die Theatre Alliance. Ek dink dit het alles bygedra tot groter politisering van kulturele werkers in ons land. Hulle is nou baie meer bewus van wat hier aangaan."

Grethe was baie spyt dat sy nie Nelson Mandela kon hoor by verlede week se saamtrek by Soccer City nie.

"Dit was die dag voor die openingsaand van Koue Oorlog en dit was onmoontlik om weg te kom."

Alle gereelde Beeld-lesers weet egter dat sy by verlede jaar se saamtrek vir die vrygelate ANC-leiers by dieselfde stadion was.

Sy lag as sy uitgevra word oor die gewraakte foto waar sy die volkslied met gebalde vuis sing.

"Ek het geweet jy gaan daaroor vra. Ek was nie die belangrikste persoon daar en ook nie die enigste witte nie. Wat my egter ontstel het, was hul aanbieding van die foto. Hulle het sommer aanvaar dat die man wat langs my gestaan het my man was. Manie kon dit ongelukkig nie dié dag maak nie. Ek dink dit is onverantwoordelike joernalistiek. Hulle moet seker maak van hul feite voordat hulle iets publiseer.

"Ek lag my dood oor hoe hulle nou 'n ander deuntjie sing."

Haar politieke betrokkenheid gaan terug tot by haar kinderdae.

"Ek is gelukkig dat ek in 'n progressiewe huis grootgeword het. Dit was egter nie maklik nie. My kinderdae was pynlik. My ouers was bevriend met swart- en bruinmense en jy het duidelik gesien hoe hulle gely het.

"Ons bure in Nuweland is uitgeskop en moes na die Kaapse Vlakte trek. Dit was veral moeilik om dit as kind te ervaar. Dié dinge het my bygebly."

Grethe is in Zimbabwe gebore, maar het die grootste deel van haar lewe in Suid-Afrika grootgeword.

Haar pa, 'n argitek, het vir 'n kort rukkie in Swede gewerk toe sy 'n kind was.

Sy het 'n Afrikaanse laerskool en 'n Engelse hoërskool bygewoon. Sy is haar ouers ewig dankbaar vir hul onwrikbare aandrang dat sy tweetalig moet wees.

Op hoërskool het sy die hoofrol in 'n produksie van "Joan D'Arc" gespeel en dáár het sy besluit om drama aan die Universiteit van Kaapstad te swot.

"Daar was baie meer werk toe ek begin het as aktrise. Toe televisie begin het, het almal gedink dat hulle filmsterre kan word en duisende het drama geswot. Dinge het egter platgeval en te veel mense sit nou sonder werk.

"Baie akteurs doen nou ander dinge om aan die lewe te bly. Ek werk nou aan 'n filmteks. Dit is 'n verwerking van my ouma Sannie se herinneringe oor die Boereoorlog.

"Jy kan nie meer vir die telefoon sit en wag om te lui nie. Jy moet uitspring om kop bo water te hou."

Sy glo die staat moet ernstig begin om teater te ondersteun deur subsidies en bewusmakingsprogramme om die mense in die teater te kry.

"Ek glo dat ons in 'n toekomstige bestel 'n ander kultuurbeleid sal hê wat kunstenaars baie meer sal ondersteun. Dit is wat ek afgelei het uit gesprekke met die ANC en die onlangse kulturele beleidstuk van Albie Sachs wat hier gepubliseer is."

In "Koue oorlog" speel sy die rol van Ilse, 'n vrou wie se man kerngeheime aan die Sowjet-Unie gedurende die oorlog verklap het.

Sy vat miskien vir Ilse huis toe, maar word nooit self die karakter nie.

"Dit is baie onprofessioneel om dit te doen. Jy moet dit met alles in jou bekamp. Jy vat jou werk huis toe deurdat jy aan die karakter dink, maar dít is waar dit ophou. Andersins sal jy skrisofenies word en uitfreak."

*"Koue oorlog" word nog tot môreaand by die Windybrow in Johannesburg opgevoer. Van 1 tot 24 Maart word dit by die Momentum by die Staatsteater in Pretoria opgevoer.


**Fakulteit Lettere en Wysbegeerte**

**Departement Afrikaans**

**Lektoraat in Taalkunde**

**(Kontrakaanstelling)**

**Kwalifikasievereistes:** Minstens 'n Magistergraad in die Afrikaanse Taalkunde en/of Algemene Taalwetenskap. ('n) Soortgelyke kwalifikasie(s) sal ook oorweeg word.

**Posbeskrywing:** Daar sal van die kandidaat verwag word om ongeveer 50% van alle taalkundekursusse aan te bied.

**Datum vir diensaanvaarding:** 16 April 1990 of so gou moontlik.

**Duur van kontrak:** 16 April – 7 Desember 1990.

**Sluitingsdatum:** 28 Februarie 1990.

**Kontakpersoon:** Mej A van Rhyn by (061) 307-2002.

**Aansoekprosedure:** Skriftelike (of voorlopige telegrafiese) aansoeke moet vergesel wees van 'n curriculum vitae met volledige besonderhede van huidige salariskerf en -skaal, verhogingsdatum, vroegste datum van diensaanvaarding asook die name van drie vakreferente, en moet gerig word aan: Die Personeeldepartement, Universiteit van Namibië, Privaatsak 13301, Windhoek 9000 (of teleks 56-727 of faks (061) 307-2444).

Universiteit van Namibië

BOU DIE NASIE DEUR OPLEIDING

ARMARK DIE BESTE MENSE VIR DIE TAAK S2376/P206

*Mandela praat oor wit vrese, oor onderhandeling, meerderheidsregering en skole*

# Nelson en die Boere

**Vrye Weekblad se redakteur, MAX DU PREEZ, het Woensdagoggend vir die ANC-leier Nelson Mandela in sy beskeie huisie in Orlando-Wes, Soweto ontmoet. Ten spyte daarvan dat dit al sy agste afspraak die oggend was, was die 72-jarige leier skerp, vinnig en entoesiasties. Hier is 'n deel van die gesprek**



Mandela dié week tydens 'n besoek van skoolseuns by sy huis in Soweto

**U het vroeër verwys na die probleem om swart eise om meerderheidsregering en wit vrese daarvoor te versoen. Dink u dit is moontlik?**

Die stelsel van demokrasie soos dit in die Weste verstaan word, is gegrond daarop dat elke man en vrou, ongeag kleur, gelyke stemreg moet hê. Dit is wat in ons land ook moet gebeur.

Maar ons soek nie 'n oplossing in 'n vakuum nie. 'n Oplossing moet gevind word wat verband hou met ons situasie met sy rasseverdelings en selfs vyandigheid. Dit is ons geskiedenis.

Wanneer ons hierdie eis stel, moet ons daarvan bewus wees dat die volvoering daarvan oorheersing van wittes deur swartes kan beteken. Dan sou witmense 'n werklike vrees kan hê dat hul dae getel is.

Dit is ons plig om hulle te verseker dat hulle niks te vrees het van hul swart broers en susters nie. Dat ons opgehou het om in terme van kleur te dink. Ons dink in terme van Suid-Afrikaners saam met wie ons die probleme van Suid-Afrika moet oplos.

Ons is die enigste politieke organisasie in die land wat so ver gegaan het om 'n bloudruk te hê van die beginsels wat in 'n demokratiese toekoms moet geld. Dit is die Vryheidsmanifes (Freedom Charter).

Dié dokument is 'n verwoestende aanval op alle vorme van rassisme. Ons het verklaar dat Suid-Afrika aan almal behoort wat daarin woon, wit en swart. Ons sê die kultuur van elkeen sal beskerm word.

Mense kan hul eie skole hê, hul eie taal behou, hul eie godsdiensstelsels.

Al wat van die staat verwag sal word, is om nie-rassige staatskole te vorm waarheen almal kan gaan wat wil.

Maar bo en behalwe dit kan mense hul eie skole hê; hul eie kulturele instellings. Ons glo dit sal die kultuur van die land verryk.

Die vrees van die blankes vir swart oorheersing is 'n vrees wat ons verstaan, en ons spreek dit aan.

**Wat is die Afrikaner se plek in die nuwe Suid-Afrikaanse nasie? Is dit meer as net 'n wit aanhangsel, soos die witmense in Zimbabwe blykbaar vir daardie nasie is?**

Die situasie in alle ander Afrikalande, en miskien Asië en Latyns-Amerika ook, was dat die witmense van 'n metropolis gekom het en dié lande gekoloniseer het. Dit was byvoorbeeld die geval in Algerië en Kenia.

Die bevrydingsbewegings was ingestel daarop om die mag uit die hande van die witmense te neem en in swart hande te plaas. Die witmense het die keuse gehad om die land te verlaat. Die meeste van hulle het.

Dit is nie die geval by ons nie. Omdat Afrikaners geen ander tuiste het nie, is daar geen sprake daarvan dat hulle die land vir 'n ander vaderland sal verlaat nie. Dit is hulle vaderland dié.

Daarom het hulle 'n rol om te speel - nie as 'n afsonderlike bevolkingsgroep nie, maar as 'n integrale deel van die groter bevolking.

Die Vryheidsmanifes is 'n uitstekende dokument omdat dit wit en swart oorheersing aanspreek. Ons sal dus saamwerk om die land se probleme op te los - ons doen dit al klaar.

Ek gesels al drie jaar lank met die regering. Ek dink ons het die fondament gelê vir enige toekomstige onderhandelinge wat mag plaasvind.

**Dink u regtig die drie kabinetslede met wie u gesels het - FW de Klerk, Gerrit Viljoen en Kobie Coetsee - is in hul harte bereid om die mag prys te gee?**

Ek het geen twyfel in my gemoed nie dat dié drie here oortuig is dat die enigste manier om blywende vrede en stabiliteit te bewerkstellig, is om stemreg na alle Suid-Afrikaners, ongeag kleur, uit te brei op die basis van een mens, een stem.

Ek glo mnr De Klerk is 'n man van integriteit, 'n man wat sy beloftes nakom. Hy word aangevul deur die ander twee here wat soos hy dink.

Maar ons posisie as 'n organisasie is dat ons nie bloot beïnvloed kan word deur die goeie hoedanighede van die Staatspresident en sy adviseurs nie.

Die toets is of hulle die Nasionale Party op dié pad kan saamneem. En daaroor kan ek nie veel sê nie.

Ek het wel getuienis dat daar vandag 'n groot mate van konflik binne die kabinet is.

Die regeringspan, wat De Klerk, Viljoen en Coetsee insluit, en hulle is almal goeie mense, het herhaaldelik besluite geneem en dit aan my oordedra, en kort daarna weer van mening verander. Dit het nie een of twee keer gebeur nie, maar verskeie kere. En dan kan 'n mens daarvan aflei dat daar steeds 'n klomp binnegevegte in die kabinet en die NP is.

Die Staatspresident het duidelik gesê: Ek verloor geloofwaardigheid onder my eie mense want nou dat ek stappe geneem het om die situasie te normaliseer, sê die ANC en UDF dat dit uit swakhied gedoen is en dat dit 'n oorwinning vir hulle is.

Hy sê ons vra vir 'n verskerping van die stryd en tydens die Konferensie vir 'n Demokratiese Toekoms by Wits is hy beledig en sy integriteit in twyfel getrek. Hy sê hy kan nie toelaat dat dit gebeur nie, want dit kos hom geloofwaardigheid onder sy eie mense.

**Behoort daar dan nie 'n stelsel van beloning vir De Klerk te wees sodat hy sy mense kan saamneem nie, belonings vir stappe op die pad na demokrasie?**

Ons hou dit fyn dop. As jy mooi kyk, sal jy sien ons het dit eintlik al gedoen.

Oorspronklik het ons die algehele afskaffing van apartheid in ons voorvereistes vir onderhandeling ingesluit. Ons het sedertdien daarvan afgewyk.

**'Ons is die enigste politieke organisasie in die land wat so ver gegaan het om 'n bloudruk te hê van die beginsels wat in 'n demokratiese toekoms moet geld. Dit is die Vryheidsmanifes (Freedom Charter)'**

Nou sê ons nie meer apartheid moet heeltemal afgebreek word voor ons sit en praat nie.

Sover dit ons aangaan, kan 'n klimaat vir onderhandelinge bestaan as die volgende vier voorwaardes nagekom is: die wettiging van die ANC; die terugkeer van bannelinge; die vrylating van politieke gevangenes; en die algehele opheffing van die noodtoestand.

Ons sal graag die regering wil ontmoet, maar ons het 'n probleem in die sin dat ons nie kan begin praat voordat ons nie minstens in dieselfde posisie is waar ons ons mense kan raadpleeg en met 'n mandaat kan terugkeer nie.

So lank as wat daar politieke gevangenes in die tronke is en die noodtoestand nog geld, kan ons nie onderhandel nie.

**Dink u u persoonlikheid en lewensfilosofie sou veel anders gewees het as u nie so lank in gevangenisskap was nie?**

Dit is moeilik om te sê. Maar ek kan vir jou sê ek is in die gevangenis aan regeringsamptenare blootgestel en dit het van my illusies laat verdwyn. Ek weet nou dat daar goeie mense aan albei kante is.

En natuurlik het ek genoeg tyd gehad om na te dink oor probleme en foute wat gemaak is. Dit was vrugbaar.

## Afrikaans, al is dit met 'n Xhosa-aksent

Mandela het vlot leer Afrikaans praat terwyl hy in die tronk was. 'n Mens het dit nodig om Suid-Afrika werklik te kan verstaan, sê hy.

Maar hy sê hy is 'n bietjie skaam vir sy aksent.

"Terwyl ons nog op die eiland was, moes ek met 'n amptenaar gaan onderhandel. Ek berei toe my toespraakie in Afrikaans voor om hom te beïndruk.

"Ek dag ek het 'n goeie toespraak gemaak. Hy het fyn geluister en toe ek klaar is, sê hy: Jong, jou kennis van Afrikaans is baie swak. En jou uitspraak klink soos dié van 'n tokkelossie!

"Dit het my toe 'n bietjie skaam gemaak vir my uitspraak, en nou verkies ek om in Engels te gesels, tensy ek tyd gehad het om voor te berei.

"Gister sê my kollega mnr Kathrada vir iemand: Mandela ken miskien die taal, maar sy uitspraak is Xhosa!

"So dit lyk my albei kante stem saam ek het 'n swak uitspraak..."

## Mandela gaan nog terugskryf

**Nelson Mandela sê hy gaan binnekort weer 'n volledige antwoord skryf op die ope brief wat Vrye Weekblad in Julie verlede jaar aan hom gerig het.**

**Mandela, wat Vrye Weekblad in die tronk ontvang het, het toe reeds op die ope brief gereageer, maar die gevangenisowerhede wou nie die brief aan Vrye Weekblad laat deurgaan nie.**

**Mandela het gister in 'n onderhoud aan my gesê: "Man, dit is regtig 'n plesier om jou te ontmoet. Ek het dadelik aan jou terugskryf toe ek jou brief gelees het.**

**"Dit was 'n indrukwekkende brief en agtergrond wat jy daar uitspel. Dit is iets wat baie mense behoort te lees, Afrikaans en Engelssprekend, wit en swart.**

**"Want dit is 'n bewys, 'n waarskuwing dat 'n mens nie te haastig moet wees om mense sommer net af te maak nie. Ons moet altyd verwag dat 'n persoon sal ontwikkel as hy die kans gegee word.**

**"Die waarde van kontak, van 'n uitruil van sieninge lê in die feit dat ons aan die einde van die dag nader aan mekaar gaan wees.**

**"Dit is veral belangrik nou dat ons nader aan onderhandeling beweeg. Dit is absoluut noodsaaklik dat ons kommunikeer.**

**"Onverdraagsaamheid, wantroue en agterdog is struikelblokke in die pad na wedersydse begrip; na die poging om vertroue te bou wat veral nou so nodig is.**

**"So ek het jou brief baie, baie interessant gevind. Nou dat ek uit is, sal ek daarop kan reageer, al is dit in dié laat stadium."**

# Ope brief aan Nelson Mandela

# Vat die hardekwas-Boere met jou saam!

**Beste meneer Mandela**

Ek het die vrymoedigheid om 'n brief aan jou te skryf, want ek weet jy is 'n intekenaar op Vrye Weekblad. Ek hoop net die Gevangenisdiens se sensors versnipper die brief nie te erg voor dit by jou uitkom nie.

Ek is 'n blekerige Afrikaanssprekende uit Kroonstad se wêreld. Ek weet al van jou van ek so 'n opgeskote klong van twaalf, dertien was. My held in daardie dae was Percy Yutar, die aanklaer wat die Rivonia-saak hanteer het. Ek het hom en jou veral leer ken uit 'n boek wat ek destyds 'n hele paar keer gelees het met die naam Rivonia: Masker af! Die verhaal van die klopjag op die plaas Lilliesleaf by Rivonia het soos 'n James Bond-storie gelees en my baie trots op ons polisiemag gemaak.

My grootste ideaal was om ook 'n aanklaer te word sodat ek gevaarlike kommuniste soos jy wat die Christelike blanke beskawing bedreig, tronk toe kon stuur.

In daardie dae was ek baie bang vir jou. Ons het aan die kant van die dorp gebly en ek het daagliks met my fiets skool toe moes ry. Die petrolopslagplek was op die pad skooltoe, en ek onthou nog die dag - was dit in 1962? - toe ons skielik rolle doringdraad en baie soldate om die plek gesien het. My pa het gesê dis die terroriste van die ANC wat dit wil kom opblaas, en dan is ons hele dorp in sy kanon.

Ek was nie regtig bang vir swartmense nie. Die swart kinders op die plaas was my maats net soos wit seuns my maats was, en die man wat in ons tuin gewerk het, sy naam was Jordaan, was amper soos my tweede pa.

Ek was net bang vir swartmense as hulle in 'n groep is - soos wanneer ons op 'n Sondagmiddag vir Alina, my ma se kombuishulp, in Seisoville moes gaan aflaai - of as hulle van Johannesburg is.

Laat in my hoërskooldae het Jordaan Germiston toe gegaan om meer geld op die spoorweë te verdien, en net 'n maand of wat later het sy lyk teruggekom. Hy is in 'n mesgeveg doodgesteek. Ek en my broers en susters was baie hartseer, en ons het geweet: die swartmense in die stede is onbeskaaf en gewelddadig.

Dís hoekom die polisie hulle by Sharpeville moes doodskiet, en dis hoekom die regering die ANC moes verbied. Boonop was stedelike swartmense baie vatbaar vir beïnvloeding deur Joodse kommuniste soos Goldreich en Wolpe. Ek het eers heelwat later uitgevind Bram Fischer was 'n Boer en nie 'n Jood nie.

Vir my was dit 'n oorwinning vir ons kant toe jy Robbeneiland toe gestuur is. Ek onthou nog hoe 'n oom van my gesê het die regering is sag op die kaffers, Mandela moes gehang het. Ek dink ek het nog met hom saamgestem.

Toe ek in standerd 9 was, het ek tweede gekom in my skool se debatkompetisie. Ek het gepraat oor die Bedreiging van die Kommunisme. Ek het gesê as jy 'n kat peper wil ingee, dan druk jy hom nie vas en dwing dit in sy bek in nie. Jy strooi dit op die mat waarop hy gewoonlik lê. As hy homself later lek, kry hy die peper in sonder dat hy dit weet. Die kommuniste is net so slinks, het ek gesê, en onder meer vertel van jou mooi woorde en kastige demokratiese beginsels terwyl jy eintlik agter Umkhonto we Sizwe gesit het.

Die eerste "vreemde" swartman met wie ek 'n behoorlike gesprek gevoer het, was 'n man wat as kok by die Heidelbergse Leërgimnasium gewerk het waar ek my diensplig gedoen het. Sy naam was Shadrack. (Swartmense het daardie tyd vir my nog nie vanne gehad nie.)

Shadrack het eintlik van Nigel af gekom en was baie wêreldwys. Hy het ewe goed Afrikaans en Engels gepraat en baie keer vir my kondensmelk uit die store gesteel wat ek sit en drink het as ons lang stukke gesels het. Dit was vir my snaaks dat dit my laat lekker voel het dat hy nie soos alle swartmense tot op daardie tydstip in my lewe vir my "baas" gesê het nie, maar my op my naam genoem het.

Ek en Shadrack het oor baie dinge gesels - nogal baie oor seks ook. Hy was nogal baie aktief in dié veld, as alles wat hy vertel het waar was. Maar hy het my ook na die musiek op Radio Bantu laat luister, en 'n bietjie vertel van die lewe in die townships.

Ná Shadrack het ek nooit weer so tuis gevoel wanneer my vriende van "kaffers" praat nie. Ná Heidelberg is ek na die Danie Theron Krygskool te Kimberley. Daar het ek die eerste keer in 'n vuisgeveg beland - toe ek 'n paar ander diensplGtiges wou keer wat een aand 'n bruin vrou wou molesteer. (Ek het nog die vuisgeveg verloor ook.) Daar is ek die eerste keer 'n kafferboetie genoem. Dit was 'n baie belangrike gebeurtenis in my lewe. My vriende kon nie verstaan hoekom ek dit gedoen het nie, want die vrou was dan net 'n "ghoffel". Dit is die eerste keer wat ek verstaan het wat rassisme is.

Maar toe ek universiteit toe is - Stellenbosch - het ek nog steeds geglo dat afsonderlike ontwikkeling reg en regverdig is en nie noodwendig rassisties is nie. Ons is net te anders om almal saamgegooi te word, en swartmense het nie 'n tradisie van demokrasie soos ons nie.

Maar toe het ek begin boeke lees. Twee boeke wat ek in my derde jaar skelm by 'n vriend geleen het, het veral 'n groot indruk gemaak: African Nationalism deur Ndabaningi Sithole, en Let my people go, deur Albert Luthuli. Die twyfel het diep binne-in my begin knaag, maar ek het dit vir myself gehou want dit is ongemaklik om anders oor dié belangrike dinge te dink as al jou vriende.

Toe ek in 1972 by Die Burger gaan werk het, het ek al begin besef: in dié nes gaan jy nie lank hou nie. Maar terselfdertyd was dit my mense - om anders te dink het beteken jy moet Engels word. En dit, soos oom John Vorster gesê het, was too ghastly to contemplate.

Maar die waterskeiding, kan ek nou insien, was toe ek vir Beeld die onluste in Soweto in 1976 moes dek. Ek het grootgeword met stories van dapper Boerehelde soos Krisjan de Wet, Koos de la Rey en Jopie Fourie. Die jong seuns en dogters wat ek in 1976 in Soweto in polisiekoeëls sien instap het, was vir my enige tyd net so dapper. En die bloedlus van die polisie net so walglik as die stories van die Engelse konsentrasiekampe en die onderdrukking van die mynstaking van 1922.

Daarna het dit net afdraende gegaan. 'n Paar jaar later het ek nog 'n Kroonstadseun, Patrick Lekota, ontmoet. Ek dink hy is een van die beste produkte wat my tuisdorp nog opgelewer het. En hy sit nou as UDF-leier in die tronk. In 1987 het ek in Dakar nóg 'n Kroonstadter ontmoet wat naam gemaak het vir homself: Pallo Jordan, nou die ANC se hoof van inligting. Ek het ontdek ek het meer met hom gemeen as met enigiemand wat saam met my in Kroonstad op skool was.

Al die persoonlike besonderhede verveel jou seker teen dié tyd. Maar ek wou dit vertel want ek glo jy gaan binnekort 'n geweldige belangrike leierskapsrol in ons land speel. En dan sal jy die Boere ook moet verstaan. Want hulle is hier om te bly. My storie is die storie van baie jong Afrikaners - ek was net gelukkig om later in my lewe ander werklikhede raak te sien wat my dalk nou effens linkser op die politieke spektrum plaas as baie van my stamgenote.

Dis vir Afrikaners moeiliker om politieke verandering te aanvaar as vir seker enigiemand anders in ons land. Maar glo my, hul rassisme en onbuigsaamheid is hoofsaaklik die resultaat van 'n jarelange manipulering deur magsugtige "volksvaders", 'n totale gebrek aan inligting oor hul landgenote, en vrees. Vrees vir weer vreemdelinge in hul eie land word; vrees vir 'n prysgee van hul taal en kultuur waarvoor hulle so lank geveg het; vrees vir weer arm wees soos ná die Boere-oorlog; en vrees vir die onbekende.

Die Boere is 'n hardegat-klomp. Dis lekkerder om hulle aan jou kant te hê as teen jou.

Moenie verwag dat hulle ooit gaan tuis voel om te toyi-toyi of met gebalde vuiste in die lug te staan nie. Moenie van hulle vra om mekaar as kameraad aan te spreek nie (behalwe as hulle in die AWB is). Hulle is vir jou meer werd net soos hulle is, safaripakke, snorre, bakkies, Saterdagmidag-braai, rugby en al.

Nie dat ek dink jy moet hulle smeek nie. Hulle hou van reguit praat. Maar spreek hulle vrese kaalkop aan. Uiteindelik gaan hulle jou glo. Ten spyte van hulle praatjies is hulle desperaat om ook vrede en voorspoed in hulle land te geniet - en om sonder vrees of skaamte hulle mede-Suid-Afrikaners en die res van die wêreld in die oë te kyk.


En baie geduld sal jy moet hê.

Ek weet nie waar jy die wysheid vandaan gaan kry om dié dinge te doen wat ek jou vra en boonop nog die gefrustreerde, geradikaliseerde swart jeug ook aan jou kant te hou nie. Miskien is ons almal onregverdig om sulke hoë verwagtinge van een mens te koester. Ons soek 'n Salamo en 'n Dawid en 'n Moses in een mens.

Maar die Vader weet, ons het iemand nodig om ons uit hierdie gemors te help lei. My gesonde verstand sê vir my dit gaan nie FW de Klerk wees nie. En wie is daar nog?

Ek sien uit na die dag dat jy by Victor Verster se hekke uitstap. Nie net wil ek graag vrede in my eie leeftyd sien nie, ek het twee jong kinders wat ek graag 'n gesonde, vreedsame lewe hier gun.

**Sterkte en groete**
**Max du Preez**



## Kent gij dat volk? Amandla!

# Twee vergaderings, twee boodskappe

**Charles Leonard**

DIé week het twee vergaderings skaars 'n halfuur se ry uitmekaar plaasgevind. Op die Suid-Afrikaanse politieke landskap is hulle egter kontinente uitmekaar.

Dinsdag by Wits se oriënteringsweek het Ahmed Kathrada, die onlangs-vrygelate ANC-leier gepraat. Woensdagaand het Eugene Terre'Blanche in die Boksburgse stadsaal gepraat.


Die ontvangs was duidelik anders. By Wits was daar 'n karnavalatmosfeer op die grasperk voor die biblioteke. Studente - swart ritmies en selfversekerd, wit effens lomp, maar baie geesdriftig - het vryheidsliedere gesing en gedans.

By Boksburg was daar 'n duidelike antagonisme teen die media. 'n Fris knaap met geel hare het die groep persmanne vir 'n paar koel minute op en af en op en af gemeet.

Daar is kort-kort in die rigting van die pers gegluur en snedige opmerkings gemaak.

Die deurmatjie by die ingang van die stadsaal was 'n plastiekweergawe van die Israelse vlag met sy blou Dawidster in die middel.

Die singery het hier nie baie goed afgeloop nie. 'n Omie het agter die mikrofoon gestaan en die mense probeer aan die sing kry met "Afrikaner Volksgenote", "Kent gij dat volk" en die Vrystaatse volkslied. Laasgenoemde het 'n omie uit die gehoor laat kom om die mense 'n bietjie aan die sing te kry. Sonder veel sukses.



**Eugene Terre'Blanche**
*(Foto: Pearlie Joubert)*



**Ahmed Katrhada**
*(Foto: Cedric Nunn - Afrapix)*

Kathrada se toespraak is voorafgegaan deur drie studentesprekers, twee van die swart organisasie, Sansco, en een van Nusas. Hulle was vinnig klaar en na 'n paar "viva's" en "amandlas" het hulle Kathrada aan die woord gestel.

Hy het met 'n glimlag gesê dat hy uit die pre-viva-era kom en net amandla ken.

Terre'Blanche se toespraak is voorafgegaan deur 'n voorsitter wat sê: "Ek het gehoop dat dit nooit nodig sou wees om 'n vergadering te hou terwyl die Afrikanervolk in 'n plas bloed lê nie."

Daarna het 'n ds Van der Merwe met skriflesing en gebed geopen. Terre'Blanche is deur 'n mev Greyling, stadsraadslid in Boksburg, voorgestel.

Die een belangrike verskil tussen Kathrada en Terre'Blanche is dat eersgenoemde die hoofspreker was.

Terre'Blanche was deel van die voorprogram. Oom Jaap Marais, die jintelman van regse politiek, was die hoofattraksie: dit is na hom na wie die meeste mense kom luister het. Dit is hy wat die meeste applous uitgelok het.

Beide Terre'Blanche en Kathrada het oor die Afrikaner en sy volk gepraat.


Eersgenoemde: "Stel u voor 'n land wat se veiligheid bedreig word! Dit terwyl jy 'n noodtoestand het! Bespaar op sy Weermag! Te papbroekig om Soweto se miljoene te verplig om sy elektrisiteit en water te betaal!

"Al waarop hy nie spaar nie, meneer die voorsitter, is die opofferings wat die Boer en die witmens van hierdie land moet bring! Dit is hulle wat geen enkele uur agterstallig moet wees nie! As dit gebeur, moet die kindertjies daardie môre op die parafienstoof kos gegee word!"

Kathrada: "In 'n post-apartheidsamelewing gaan daar plek vir Afrikaans en Afrikaners wees. 'n ANC-regering sal hulle nooit probeer uitdryf nie. Anti-Afrikanerisme, anti-semitisme en anti-swart sentimente sal nie toegelaat word nie."

Terre'Blanche het weer eens 'n beroep gedoen op KP-parlementslede om uit die parlement te bedank. Hy het gesê dat hy hom tot revolusie verbind het en hul bedankings al sal wees wat hom sal keer.

Kathrada het 'n beroep op witmense gedoen om hulle by die breë demokratiese beweging aan te sluit. Die ANC neem duidelik kennis van die blankes se vrese en sal dit in ag neem, sê hy.


**Beskikbaar in *geel/rooi/turkoois* of *geel/groen/swart***
**Groottes: K, M, G, XG, XXG**
**Prys: R25 AVB ingesluit (R1 ekstra vir XXG)**
**Beskikbaar by: Naartjie Oligarghy**
**Beachweg 6A**
**Woodstock**
**Kaapstad, 7925**
**Tel 417-2199**

**IDASA**

**Suid-Transvaal-streek**

**Projek-koördineerder**

**Die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika streef na 'n klimaat vir samesprekings tussen alle Suid-Afrikaners wat hulle beywer vir 'n vreedsame oorgang na 'n verenigde, nie-rassige demokrasie in ons land.**

***Die projek-koördineerder sal verantwoordelik wees vir die beplanning en uitvoering van Idasa se werksaamhede in die streek en met relevante mense en organisasies skakel.***

**Die pos vereis:**
*** Die vermoë om te organiseer en te administreer;**
*** 'n Grondige kennis en begrip van politiek in Suid-Afrika;**
*** 'n Verbintenis tot die doelstellings van Idasa**

**Tweetaligheid en die vermoë om groepe byeen te bring, sal 'n aanbeveling wees.**

Idasa se streeksdirekteur en twee personeellede sal die suksesvolle aansoeker aanwys en die salaris sal beding word. Die verkose persoon moet sou gou as moontlik met sy/haar pligte begin.

***Skriftelike aansoeke (vergesel van 'n opsomming van toepaslike ervaring) moet voor 8 Maart aan Idasa (Suid-Transvaal) gerig word.***

**Die adres is Posbus 32804,**
**Braamfontein**
**2017.**
**Tel. (011) 403-3580/1/2/3.**

## DIÉ WEEK IN DIE NUUS

### Suid-Afrika

**Verdere onthullings** oor die klandestiene Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) - onder meer besonderhede van die bevelstruktuur wat tot by die minister van Verdediging, genl Magnus Malan, strek - word bekendgemaak.



Brig Floris Mostert, bevelvoerder van die Brixtonse Moord- en Roofeenheid, het vroeër in 'n verklaring te kenne gegee dat die BSB verdink word van die moorde op adv Anton Lubowski en dr David Webster.

**'n Moordklag** teen die oud-Askari en self-erkende lid van 'n SAP-moordbende Almond Butana Nofomela word teruggetrek sodat hy voor die Harms-kommissie kan getuig.

**Die ANC** se Uitvoerende Komitee verklaar hom bereid om met pres FW de Klerk samesprekings te voer oor die pad na onderhandeling.

**Die Britse regering** hef die verbod op nuwe beleggings in Suid-Afrika op.

**Minstens ses mense** word deur die polisie in Gazankulu doodgeskiet na 'n byeenkoms om die vrylating van Nelson Mandela te vier. Die polisie het blykbaar op die skare buite 'n stadion gevuur nadat hulle geweier het om uiteen te gaan.

**Venda** se veiligheidsmagte vuur op feesgangers wat die vrylating van Nelson Mandela vier in die tuisland. 'n Onbevestigde aantal mense word doodgeskiet.

**Polisiemanne in** KwaNdebele het hul mag misbruik om tuislandleiers soos die voormalige hoofminister, Majozi Mahalangu, se posisie te versterk, getuig sers AJ van Schalkwyk voor die Parsons-kommissie van ondersoek. Volgens hom het brig Hertzog Lerm hom beveel om mense wat hom met klippe bestook het, te skiet. Die mense het klipgegooi omdat die amptelike voertuig wat hy gebruik het, skynbaar ook deur Mbokhoto-vigilantes gebruik is.

**Twee SAW-offisiere**, brig Theo de Munnik van Suidelike Lugkommandement en brig AK de Jager van Kommandement Westelike Provinsie, stap uit 'n kerkdiens wat deur die burgemeester van Kaapstad bygewoon is. Hulle het blykbaar beswaar gehad teen die sing van die geestelike lied Nkosi Sikelel'iAfrika.

**Peet de Pontes**, 39, voormalige NP-LP vir Oos-Londen, verskyn in die streekshof in Port Elizabeth in verband met verskeie aanklagte van bedrog, diefstal, vervalsing en omkopery. De Pontes was 'n sakevennoot van die Mafia-baas Vitto Palazzolo, wat hy in Switserland in die tronk ontmoet het.

**Inbrekers steel** rekenaars ter waarde van R30 000 uit Die Suid-Afrikaan se kantore in Breëstraat, Kaapstad.

**Genl Bantu Holomisa**, leier van Transkei se Militêre Raad, kondig aan dat 'n referendum gehou sal word om te besluit of die tuisland weer in Suid-Afrika ingelyf moet word.

**Archie Gumede**, mede-president van die UDF, doen 'n beroep op die strydende faksies in Natal om hul geskille by te lê. Senior lede van die ANC besoek ook die gebied as 'n begin tot vredesonderhandelinge om die geweld in die gebied, wat al sowat 3 000 lewens gekos het, te beëindig. Meer mense is die afgelope vyf jaar in Natal dood as die afgelope twintig jaar in Noord-Ierland.

**Die MNR** ontvoer 'n Wits-professor, David Stephenson, en 'n Zimbabwiese sakeman, Dudley Searle, in die noorde van Mosambiek.

**Die Comore-eilande** se eenparty-diktatuur het al lenings ter waarde van R31 156 miljoen van Suid-Afrika ontvang, sê die minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, in antwoord op 'n vraag in die Parlement.

**Dr Frederik Van Zyl Slabbert** voer samesprekinge met pres FW de Klerk.

**Nege verhoorafwagtendes** in die Delmas-hoogverraadsaak ontsnap uit die Modderbee-gevangenis naby Benoni.

**Dr Bernard Kaplan**, 36, word van moord aangekla nadat sy gewese vrou, dr Amanda Lazar, 30, op hul huweliksherdenking met 'n hamer doodgeslaan is by die Baragwanath-hospitaal.

**'n Gewese hoofingenieur** van die Departement Ontwikkelingshulp, Christiaan Bothma van Pretoria, verskyn in die hof in verband met ongerymdhede in dié departement.

**Ds JJ Steenkamp**, Hervormde leraar van Derdepoort buite Pretoria, gee die Wit Wolf-teken by 'n referaat oor die volkskerk by die Afrikaanse Gereformeerde Bond. Hy maak dit daarna af as 'n "grappie". Hy het ook by wyse van groete sy drie vingers in die lug opgesteek - dit verwys na art 3 van die kerkorde, wat bepaal dat net blankes lid van die Hervormde Kerk mag wees. Dit is volgens hom ook 'n "algemene spottery" onder Hervormers.

### Wêreld

**Maj-genl Justin Lekhanya**, voorsitter van Lesotho se Militêre Raad, onthef Koning Moshoeshoe van sy magte nadat die koning geweier het om wysigings in die land se administrasie, wat deur Lekhanya aangebring is, goed te keur.

**Joego-Slawië kondig** 'n aandklokreël in die provinsie Kosovo af, waar 27 mense die afgelope week in gevegte tussen etniese Albaniërs en regeringsmagte dood is.

**Die Kambodjaanse** eerste minister, Hun Sen, en die rebelleleier, Prins Sinahouk, onderteken 'n gesamentlike verklaring om vir 'n nasionale regeringsliggaam en 'n VV-teenwoordigheid in die land te vra.

**Tokio** se aandelemark daal skerp in afwagting van 'n styging in die Bank van Japan se belastingkoers.

**Roemenië se minister** van verdediging, Victor Stanculescu, sê die gevreesde Securitate van die Ceausescu-regime is heeltemal ontbind.

**'n Britse regeringsbeampte** op besoek aan Viëtnam sê Brittanje sal hulpverlening aan Viëtnam weerhou solank vlugtelinge na Hongkong onder dwang gerepatrieer word.

**Die VSA** se jaarlikse verslag oor menseregte prys die verbetering in toestande in Oos-Europa en Suid-Afrika, en kritiseer Israel se optrede in die besette gebied.

**Kenneth Kaunda**, president van Zambië, sê geen frontlinie-leiers sal die vergadering in Zaïre tussen pres FW de Klerk en vyf Afrika-leiers bywoon nie.

**Unita beleër** Mavinga in die suid-ooste van Angola.

**Leiers van die Europese Gemeenskap gee hul eenparige steun vir Duitse hereniging.** Helmut Kohl, die Wes-Duitse kanselier, belowe in 'n toespraak in die Oos-Duitse dorp Erfurt dat 'n verenigde Duitsland 'n voorspoedige toekoms sal hê. Intussen word die "hart" van die Berlynse Muur, die Brandenburg-hek, met hyskrane uit die grond geskeur.

**Die Ierse Republikeinse Leër** verklaar hom bereid tot vredesamesprekings met Brittanje.

**Chinese polisie** neem meer as 4 000 mense in Beijing in hegtenis in verband met korrupsie.

# Kenia in oproer ná sluipmoord op minister



NAIROBI - Kenia is in oproer na die brutale moord op die land se minister van buitelandse sake, Robert Ouko - en die gerugte loop baie sterk dat pres Daniel Arap Moi self agter die sluipmoord sit.

'n Vrou is dood en verskeie mense beseer toe honderde oproeriges Dinsdag in die strate van Kisumu, die parlementêre setel van die vermoorde minister, byeengekom het.



Pres Daniel Arap Moi

Die semi-amptelike Kenya Times sê volgens onbevestigde bronne is die vrou doodgetrap toe onluspolisie die oproerige skare onder beheer wou bring.

Die owerhede het openbare vergaderings in die dorp verbied nadat oproeriges gewelddadig geraak en verwoesting begin saai het.

Nadat die halfverbrande lyk van die 58-jarige dr Ouko naby sy plaas in Koru gevind is, het oproer in verskeie plekke in Kenia uitgebreek, berig AFP.

Honderde studente het dié week deur die strate van Nairobi tot by die huis van pres Moi, die Hooggeregshof en die Amerikaanse ambassade gemarsjeer en geëis dat die regering "die waarheid omtrent Ouko se dood moet vertel".

Die sekretaris in die kantoor van die president verantwoordelik vir binnelandse veiligheid, Hezekiah Oyugi, het die land verseker dat 'n "deurdringende en professionele" ondersoek gaan volg en dat mense nie moet bespiegel nie.

Die regering het 'n verklaring uitgereik en gesê voorlopige toetse het getoon dat dr Ouko deur 'n enkele koeël deur die kop gedood is. Die verklaring sê ook dat twee speurders van Scotland Yard en 'n Britse pataloog ingeroep is om met die ondersoek te help.

# Insekte om die dwelm-plantasies op te vreet

WASHINGTON - Die Bush-administrasie het die moontlikheid van die gebruik van biologiese oorlogvoering teen die bekamping van dwelms geopper. Die administrasie het gevra dat navorsing gedoen moet word oor die moontlikheid van biologiese agente, soos insekswerms wat die koka-oeste in Bolivië en Peru kan opvreet, berig die Washington Post.

Die Post sê die administrasie het 6,5 miljoen dollar aan 'n geheime ondersoek van die departement landbou gegee om biologiese en chemiese agente - wat koka- en ander verdowende plante sal vernietig - te ontwikkel.

Amerikaanse amptenare sê die program fokus op 'n verskeidenheid van projekte, insluitende 'n rooi kleurstof wat dagga doodmaak en 'n grondswam wat kokaplante aanval.

Die belangrikste deel van die projek wentel om die malumbia, 'n wit mot wat in sy ruspefase koka-blare verorber, sê die Post.

Koka-groeiers bekamp die mulumbia tans met insekgif, maar navorsers meen dat die motte in groot getalle geteel kan word. Miljoene van die insekte kan dan uit die lug oor die koka-groeigebiede gegooi word.

"Dit lyk belowend," sê Waldemar Klassen, toesighouer oor die projek. "Dis nogal 'n wreedaardige ruspe... As ons genoeg van hulle daar onder kan kry, kan ons die plante maklik ontblaar."

Klassen sê die program is nog nie bekend gemaak nie as gevolg van die potensiële bedreiging wat dit vir die dwelm-kartelle inhou. Ander bronne sê egter dat die Bush-administrasie nie die ander Latyns-Amerikaanse state wou ontstel nie. "Dis die soort van ding wat dié lande mal maak," sê 'n senior amptenaar. - AFP

## Israeli's bang vir die waarheid, sê sosioloog

JERUSALEM - 'n Vooraanstaande Israeliese sosioloog het dié week die land se enigste Engelstalige koerant, die Jerusalem Post, daarvan beskuldig dat hulle om politieke redes geweier het om sy verslag oor menseregte in die besette gebied te publiseer.

"Dit is ondraaglik dat die uitgewers van Israel se enigste Engelstalige koerant, met 'n internasionale leserskorps, die wetenskaplike werk van akademici om politieke redes sensor," sê Meron Benvenisti van die Wes-Oewer se Databasis-projek.

Hy beklemtoon die onaanvaarbaarheid daarvan dat 'n lid van die Israeliese pers die publikasie van 'n boek, wat op vyf studies gegrond is, kan verhoed. "Die werk ondersoek juis onder meer sensuur op die Wes-Oewer, asook beslaglegging op grond, die status van vroue, die swartmark en burgeregte tydens die Intifada," sê hy.

Palestyne op die Wes-Oewer en Gaza-strook het in oproer ("Intifada" in Arabies) gekom sedert die Israeliese militêre besetting van die gebied in Desember 1987.

Amptenare by die Jerusalem Post sê hulle het om "finansiële redes" nie Benvenisti se boek gepubliseer nie.

"Ons het bloot 'n klousule by die kontrak gevoeg toe ons besef dat die boek nie 'n wins sal maak nie," sê Ray Bernard van die Post.

Op grond van 'n ooreenkoms het die Post sedert 1985 die Databasis-projek se bevindings gepubliseer. Dié inligting is wyd deur diplomate en internasionale navorsers gebruik.

Altesame 20 redakteurs by die Post het in Januarie bedank uit protes "teen 'n swaai na regs" wat glo gevolg het ná die aanstelling deur die nuwe eienaars van Yehuda Levy as direkteur.

Die weiering om dié studie te publiseer "weerspieël 'n samelewing wat weier om die werklikheid in die gesig te staar", sê Benvenisti. - AFP

# Djengis Khan herower Mongoolse harte

Denis Hiault

ULAN BATOR - Terwyl Mongolië besig is om sy geskiedenis te herskryf, is die plaaslike tiran, Djengis Khan, se gewildheid aan 't toeneem, maar die buitelandse despoot, Stalin, het in onguns geraak.

'n Agt meter hoë bronsbeeld van Stalin wat in 1951 opgerig is, gaan op openbare aandrang verwyder word.

Met 'n nuwe soort vodka en 'n hotel na Djengis Khan vernoem, asook 'n rolprent oor sy lewe, is dié Mongoolse veroweraar van ouds besig om die verbrokkelende erfenis van Stalin opsy te stoot.

Unen, die koerant van die Kommuniste Party wat die afgelope 69 jaar die pas aangegee het, het die verwydering van die standbeeld verwelkom en gesê: "Dit is die eerste stap om 'n eeu van Stalinistiese beleid te beëindig."

Die verwydering van die standbeeld is amptelik aangevra deur die Mongoolse Demokratiese Unie, gestig as die enigste amptelike opposisieparty.

Die owerhede het nog nie te kenne gegee wanneer die Kommissie vir die Herstel van Historiese Monumente die monument van Stalin - in 'n Napoleontiese houding met sy hand onder sy baadjie ingedruk - gaan verwyder nie.

'n Amptenaar het ontken dat dit in die geheim gedoen sal word.

'n Kleiner standbeeld van Stalin is verlede maand stilweg van die Militêre Akademie se gronde verwyder en in 'n agterkamer van 'n museum wat vir die publiek gesluit is, gebêre.

Daar moet ook nog besluit word wat om met die standbeeld, een van die laastes ter wêreld, te doen.

Sommige mense wil hê dit moet vernietig word, terwyl ander wil hê dit moet voor 'n groot reklamebord met al Stalin se oortredings daarop uitgestal word.

Intussen, in die naam van "il todd" - die plaaslike weergawe van perestroika - word die onlangse geskiedenis van Mongolië herskryf.

Die veroordeling van Stalin se dade gaan gepaard met aanklagte teen die "tiranniese" heerskappy van sy Mongoolse eweknie, maarskalk Horloogyne Tsjoibalsan, wat duisende andersdenkendes in tronke gegooi het en wat verantwoordelik was vir die vernietiging van honderde kloosters.

'n Amptelike ondersoek probeer ook om die rekords van 34 000 slagoffers van die Mongoolse donker jare reg te stel. So ver is 14,1 persent van hulle reeds gerehabiliteer.

Die owerhede lig ook die dekmantel op die "26 jaar van stagnasie" van die maarskalk se opvolger, "Mongolië se Brezhnev", Youmjaguin Tsedenbal.

Die opposisie wil hê hy moet terugkeer uit Moskou - waar hy sedert 1984 in ballingskap woon - om verhoor te word.

Maar met of sonder Stalin lyk Ulan Bator, wat die "rooi held" beteken, steeds soos 'n Marxistiese museum.

Beelde van die Russiese ideoloë wat Mongolië in 1921 na die sosialisme bekeer het, is steeds volop. Gipsbeelde, prente en knopies met Lenin se gesig daarop is steeds te koop in die Laan van Vrede.

Op 11 Julie, Mongolië se nasionale dag, word portrette van Marx, Lenin en Engels tradisioneel van die balkonne van geboue op die Sukhe Bator, Ulan Bator se Rooiplein, gehang.

Nou, sonder enige standbeeld om hom te herdenk, is Djengis Khan die fokus vir 'n nuwe kultus. Agt eeue ná sy dood het hy die beeld van 'n barbaarse veroweraar afgeskud en as die Mongoolse volksvader te voorskyn gekom. - AFP



"Die uitspraak van die geskiedenis" - 'n plakkaat van Stalin deur Pyotr Kapustin.

*(Uit: The Posters of Glasnost and Perestroika, Penguin, 1989)*

# Staak dié martelings, vra Amnestie Internasionaal

LONDEN - In 'n verslag wat dié week gepubliseer is, beskuldig Amnestie Internasionaal die Marokkaanse polisie daarvan dat hulle, met die medewete van hul regering, verdagtes martel.

In 'n afsonderlike verklaring doen hulle 'n beroep op koning Hassan II om die "talryke" menseregte-oortredings in sy land te staak. In die verklaring spreek dié organisasie hul uit teen die marteling en "verdwyning" van politieke gevangenes, eensame aanhouding en onregverdige verhore.

Die verslag en verklaring volg op 'n ontmoeting Dinsdag tussen die koning en verteenwoordigers van Amnestie Internasionaal in Marakesj.

Die afvaardiging het die Marokkaanse staatshoof ingelig oor die verslae van dood in aanhouding van verdagte politieke oortreders, die aanhouding van verdagtes nadat hulle aanhoudingstydperk verstryk het, asook die lang aanhouding van gewetensbeswaardes.

In die verslag van 28 bladsye sê Amnestie Internasionaal dat verdagtes dikwels langer as die wettige tydperk aangehou word en dat datums op polisie-verslae dikwels vervals word en dat aangehoudenes nie verhoor word nie.

"In polisiekantore en 'geheime' aanhoudingsentra - waarvan die berugste Derb Moulay Cherif in Casablanca - word aangehoudenes vasgebind, geblinddoek en op die vloer laat lê. Vir weke en selfs maande word hulle verbied om te praat."

Amnestie sê verklarings wat oor die jare versamel is, beskryf dieselfde martelmetodes oor en oor: "aangehoudenes word in onnatuurlike posisies opgehang, op hulle voetsole geslaan, half versmoor met lappe wat in bleikmiddels gedoop is, elektriese skokke... "

Die verslag sê die klagtes van marteling "word selde ondersoek en indien dit wel ondersoek word, word die bevindings nie bekend gemaak nie".

"Dit veronderstel dat die Marokkaanse regering die gebruik van marteling op politieke opponente kondoneer," sê die verslag.

Die Marokkaanse regering word versoek om in ooreenstemming met sy verbintenis tot die VV-konvensie - wat dié regering onderteken het - op te tree.

Amnestie doen 'n beroep op die regering om wettige beperkings op aanhouding sonder verhoor te plaas en toe te sien dat gevangenes nie langer aan "wrede en degraderende behandeling" onderwerp word nie.

In sy verklaring bevraagteken die eerste minister van Marokko, Azeddine Laraki, die onpartydigheid van Amnestie Internasionaal en sê sy regering het hul samewerking betoon deur die Amnestie-afvaardiging te ontmoet. - AFP

# Armeniërs in Jerusalem ken hul vriende

David Daure

JERUSALEM - Die Armeniërs van Jerusalem, 'n gemeenskap wat tot die vyfde eeu teruggevoer kan word, probeer 'n fyn balans tussen Israeli's en Palestyne behou in die verkiesing van hul honderdste patriarg.

Senior Israeli-amptenare het die onlangse begrafnis van die Armeense patriarg, monseigneur Yeghishe Derderian, wat op 1 Februarie aan 'n hartaanval gesterf het, in die 1 400 jaar oue Armeense basilika bygewoon.

'n Palestynse afvaardiging van die besette gebied het ook die begrafnis bygewoon en 'n handgeskrewe brief van die leier van die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PLO), Yasser Arafat, aan die gemeenskap oorhandig.

Volgens Armeense bronne staar die gemeenskap nou die uitdaging in die gesig om 'n opvolger te kies wat 'n balans tussen die twee kante kan handhaaf.

Armeniërs en Palestyne van die Heilige Land deel lank reeds vriendskapsbande, maar die Armeniërs het ook goeie bande met die Israeli's, deels as gevolg van hul geografiese posisie in Jerusalem.

Die meeste van die 2 000 lede van die gemeenskap woon in die "Armeense wyk" van die ou stad.

Israeli's het lank reeds probeer om van die Armeniërs se grond te koop, maar patriarg Derderian het geweier om selfs die kleinste stukkie grond uit sy gemeenskap se hande te laat gaan. Die Armeniërs verwag dat die nuwe patriarg dieselfde beleid sal volg. - AFP


**Kersligmars**

***Die Release Objectors Campaign nooi u uit om deel te neem aan 'n opmars vir die vrylating van alle gewetensbeswaardes.***

- vanaf die trappe van die Stadsaal (Rissikstraat)
- tot by Jack Mincer-plein (Pleinstraat)

**Sprekers:** **Judy Bester**
**Dough Torr**
**'n Gewetensbeswaarde**

**Datum:** **Dinsdag 27 Februarie**
**Tyd:** **7.30nm (Stadsaal)**

***Bring jou eie kers***

**LAAT DAVID BRUCE EN CHARLES BESTER VRY!**
**BEËINDIG ALLE VERHORE VAN BESWAARDES**

**(Uitgereik deur die End Conscription Campaign)**

# Albie gaan daai hoender binnekort kom eet

**Pierre du Plessis**

WINDHOEK - Die eerste ding wat Albie Sachs gaan doen wanneer hy na 23 jaar in ballingskap na Suid-Afrika terugkeer, is om Tafelberg te klim.

"My enigste probleem is dit: Sal ek reguit van die lughawe af berg toe ry, of sal ek vir die eerste Sondag wag? Ek het die berg elke Sondag uitgeklim. Nou sal ek nie meer dieselfde roete kan volg nie." (Sy kop knik in die rigting van sy regterarm wat in 1988 deur 'n motorbom in Maputo afgeruk is).

"Ek sal seker maar een van die 'oumens-roetes' waarop ons neergesien het, moet volg. Dis snaaks dat ek eers die berg wil klim voor ek mense sien - dis my geestelike hereniging met Kaapstad."

"Toe ek in 1966 op die skip klim om die land te verlaat, was dit net tydelik. Ek het eers in Brittanje gebly en later 11 jaar in Mosambiek, maar in my kop was my tuiste altyd in Suid-Afrika."

Wanneer kom hy huis toe?

"Toe ek hoor ek is ontban, wou ek die eerste vliegtuig vat, maar my kamerade in die ANC het gesê: 'Wag, Albie, ons moet saam teruggaan, met waardigheid en op 'n ordelike manier.' Natuurlik stem ek heelhartig saam, maar ek kan nie wag nie. Ek droom al so lank daaroor."

Hy het in 1983 vir sy ma - "Sy was so braaf deur die jare" - gesê om 'n hoender in die vrieskas te sit vir sy tuiskoms, maar in 1986 moes sy dit toe maar weer uithaal.

"Vroeër vanjaar het ek gesê sy moet dit weer terug sit, maar dit was meer uit hoop as afwagting. Nou gebeur dinge so vinnig dat ons binnekort daardie hoender kan kook en eet."



Albie Sachs

As Direkteur van die Suid-Afrikaanse Grondwetlike Studie-sentrum aan die Instituut vir Statebondstudies in Londen en lid van die ANC se komitee vir Regs- en Grondwetlike Sake sal Albie nou betrokke wees by die skryf van 'n nuwe grondwet vir die land. Dit beteken ook dat sy terugkeer hierheen vir eers net 'n besoek sal wees, want daar is baie voordele verbonde aan 'n kantoor in Londen: toegang tot internasionale bronne en kontak met akademici van regoor die wêreld om twee voorbeelde te noem.

*'Demokrasie en deelname deur almal: dit is die volle waarborg, wat selfs diegene wat oor 'n Boerestaat droom, sal geld. Hopelik sal hulle sien dat daar vir hulle 'n aktiewe plek as Afrikaners in 'n demokratiese Suid-Afrika is.'*

Albie is 'n groot voorstander van 'n handves van menseregte en demokrasie in die nuwe Suid-Afrika.

"'n Handves van menseregte kan wit vrese aanspreek en veel meer: dit spreek tot elkeen se kommer. Dis veel beter om blankes te beskerm met 'n maatreël wat vir almal geld, want dan het almal 'n belang daarby om dit te verdedig. 'n Handves van regte beskerm elke individu en die ANC is beslis daartoe verbonde.

"Maar demokrasie en deelname deur almal: dit is die volle waarborg, wat selfs diegene wat oor 'n Boerestaat droom, sal geld. Hopelik sal hulle sien dat daar vir hulle 'n aktiewe plek as Afrikaners in 'n demokratiese Suid-Afrika is. Hulle kan voluit op alle vlakke deelneem en hul identiteit behou sonder 'n eie grondgebied."

En met demokrasie bedoel hy die aktiewe deelname van almal in besluite wat hulle raak.

"Die sleutel is dat mense die agente van hul eie transformasie is. Hulle wen hul regte. Daar is baie outoritêre aspekte in ons land en apartheid het hulle versterk, maar daar is ook baie sterk demokratiese tradisies. Ons moet dié tradisies versterk deur opvoeding en kollektiewe besluitneming. Die vakbonde het 'n groot rol gespeel in die skep van demokratiese tradisies."

Maar wat van al die negatiewe aspekte ná jare van apartheid? Hoe oorbrug ons dié?

"Mens kan nie die negatiewe ignoreer nie, maar jy kan ook nie toelaat dat dit jou oorweldig nie. Die enigste goeie ding wat apartheid vir die land gedoen het, is om anti-apartheid te skep en die bevolking saam te bring.

"Suid-Afrika het so baie wat in sy guns tel. Ons het klaar die traumas van die Industriële Rewolusie, verowering en apartheid deurgemaak en daardeur het ons geleer en gegroei. Nou het die tyd gekom om daardie ondervinding te gebruik om 'n nuwe nasie te bou.

"Korrupsie sal seker 'n probleem in die toekoms wees. Niemand is immuun teen korrupsie nie, maar die oplossing is om te alle tye verantwoordbaar te wees en om demokratiese besluite te neem."

Die bou van 'n Suid-Afrikaanse nasie met 'n gemeenskaplike identiteit en lojaliteit lê Albie baie na aan die hart.

"Natuurlik sal daar probleme wees. Maar die herstrukturering van SA sal die proses wees wat die mense by mekaar uitbring."

"Mens kan met woorde en wette ten beste net 'n raamwerk skep. Wat rêrig tel is om aan die saak te werk. Wanneer mense saam sweet leer hulle waarlik om mekaar te waardeer en te geniet. In Suid-Afrika het die mense altyd saam gewerk, maar altyd op die valse grondslag van oorheerser en oorheersde. In die toekoms sal ons nog saam werk, maar op 'n nuwe grondslag. Ek dink ons sal dan 'n enorme voorraad grootsheid en gedeelde menswees ontdek wat ons nie eers vermoed het bestaan nie.

"Ons is almal baie lief vir die land en diep aan haar verbonde. As ons die kanse gegun word om ons gedeelde liefde uit te spreek, sal mense mekaar baie vinnig vind."

En dit sal die begin wees van 'n nuwe gemeenskaplike Suid-Afrikaanse identiteit en kultuur - "nie hogere kultuur nie, maar die manier waarop ons lewe, hoe ons onsself uitdruk, hoe ons die wêreld sien. In die sin van kultuur is die sentrale probleem in dié land 'n kulturele probleem. Ons moet ons Suid-Afrikaansheid bevorder. En dit beteken nie dat iemand iets moet opgee nie - jy dra jou eie kultuur by as deel van die groter kultuur.

"Neem die Afrikaner met sy wonderlike geskiedenis, reg van die begin af, van identifikasie met Afrika en oorlog teen Afrika. Nou het ons by die einde van die oorlog teen Afrika gekom en kan almal die volle genot smaak van werklik deel wees van Afrika.

"Dis waar demokrasie inkom. Demokrasie sal Afrikaners werklik bevry, soos dit al die blankes werklik sal bevry, soos dit almal werklik sal bevry."

Probleme sal daar wees, soos daar ook in Mosambiek was, waar Albie gehelp het met die opbou van 'n nuwe regstelsel.

"Destabilisasie, onderontwikkeling en kolonialisme het in 'n groot mate bygedra tot Mosambiek se probleme, maar daar is ook baie goedbedoelde foute begaan. En dit is belangrik om te erken dat mens foute gemaak het, want anders bly jy altyd net 'n slagoffer. En slagoffers kan niks bereik nie,

*"Ons is almal baie lief vir die land en diep aan haar verbonde. As ons die kanse gegun word om ons gedeelde liefde uit te spreek, sal mense mekaar baie vinnig vind."*

nie waardigheid of vooruitgang nie.

"Dit is goed en wel om kommunale ondernemings, soos in Mosambiek, voor te staan, maar daar moet dan die nodige middele wees, markte, pryse. Daar moet tegniese vaardighede wees, bestuurskennis, organisservermoë, anders word mense ontnugter, die goeie idees gelos en sink hulle terug in selfsugtigheid. Selfs die beste beleid kan nie werk sonder die nodige strukture en opgeleide personeel nie."

Wat dink hy is die kanse dat daar na jare van onderdrukking nasionale versoening kan wees?

"In 'n mate het dit reeds begin. Ek weet van geen ander land waar verteenwoordigers van die verdrukkers en die verdruktes voor die oorgangstydperk met mekaar begin praat het nie.

"Maar veel meer as versoening is nodig - versoening klink vir my na 'n ietwat formele staking van vyandighede. Ek sou graag wou sien dat daar 'n veel sterker woord geskep word, iets soos nasiebou."

Binnekort kom Albie Sachs terug Suid-Afrika toe om te help bou aan die nuwe nasie, sy geloof in gelykheid en demokrasie sterker as ooit. Hy self het die motorbom oorleef, sy beginsels 23 jaar in die vreemde. Die nuwe Suid-Afrika het oorlewendes bitter nodig om hom deur die storm van verandering te stuur.

Lank na ek die bandopnemer afgeskakel het, gesels ons nog. Oor Suid-Afrika en sy wonderlike mense. Oor Vrye Weekblad en die bydrae wat die koerant al in sy kort bestaan gemaak het tot die nuwe Suid-Afrika. Oor mense en hulle mag oor hulself.

Albie glimlag en groet met sy linkerhand.

"Dis baie lekker om ontban te wees."


**The Publishing Project of the SACHED Trust has a vacancy for a COMMISSIONING EDITOR**

The job involves conceptualising, commissioning and editing progressive educational texts.

**We require someone who:**

* Has experience in editing
* Has a faultless command of English
* Is committed to a democratic, non-racial education system
* Is able to work well with people

**The following will be considered advantages:**

* An understanding of the publishing process
* Educational experience, particularly in a second-language English context
* Experience in political organisations

***The post is vacant from April 1990***

**Salary is commensurate with qualifications and experience. Please send your application with a recent CV and the names of two contactable referees to:**

**Publishing Project Co-ordinator**
**SACHED Trust**
**PO Box 11350**
**Johannesburg**
**2000**

**Applications should reach us by 12 March 1990**



**KENNIS MAAK MAG**

***VERKENNINGSKURSUSSE IN 'N NUWE SA***

**SPPS BIED U (OF U MAATSKAPPY) 'N UNIEKE GELEENTHEID OM U EIE ERVARING EN BEGRIP VAN DIT WAT NOU WERKLIK IN DIE DINAMIEK IN SA AAN DIE GANG IS, TE VESTIG OF VERBREED.**

***ONS INTENSIEWE, GELEIDE, 5 DAG "OP DIE GROND"-KURSUS SAL U NIE NET BLOOTSTEL AAN 'N WYE SPEKTRUM OPINIES EN WOORDVOERDERS VAN VER-REGS TOT VER-LINKS NIE, U BELEEF DIE GEMEENSKAPPE SELF EN KAN DUS OOK U EIE OPINIES VORM EN KONTAKTE VIR EIE OF MAATSKAPPY-DOELEINDES OPBOU.***

**KOSTES BELOOP NET R2 500 (AVB UITGESLUIT) EN SLUIT IN: HOTELVERBLYF, REISKOSTE, ALLE ETES ENS. SPESIALE REËLINGS KAN OOK GETREF WORD.**

**ELKE KURSUSGROEP IS TOT 7 MENSE BEPERK.**

**SEMINARE, WERKSWINKELS EN KURSUSSE VIR MAATSKAPPYE WORD OOK AANGEBIED.**

SPECIALISED POLITICAL AND PROFESSIONAL SERVICES (012) 343-1766 OR (012) 43-7834. NA URE (012) 333-0610.

**POSBUS 40903, ARCADIA 0007**

# Die regte gesindhede is nie genoeg nie

**Die ANC, deur Willie Esterhuyse en Philip Nel, het pas by Tafelberg verskyn. In die boek word daar onder meer gekyk na die geskiedenis van die ANC, die steunbasis en politieke status van dié organisasie en die konstitusionele riglyne van die ANC. Hier volg 'n uittreksel uit die hoofstuk "Roetewysers op pad na 'n skikking" deur PHILIP NEL**

DIT is 'n vergissing om te dink dat 'n onderhandelde skikking tussen die regering en die ANC bloot 'n kwessie van die regte gesindheid is.

Gesindhede speel wel 'n rol by onderhandelinge, maar 'n baie ondergeskikte een. Deurslaggewend is die vraag of daar 'n terrein gevind kan word waarbinne bedinging kan plaasvind. So 'n terrein word nie sommer uit die lug gegryp nie, maar ontstaan primêr wanneer die kompeterende sosiaal-politieke en normatiewe modelle genoeg oorvleuel om sinvolle bedinging binne 'n wedersyds aanvaarde raamwerk moontlik te maak. Indien so 'n oorvleueling nie bestaan nie, kan daar nie sprake van 'n skikking wees nie.

Onderhandelinge kan wel plaasvind, maar dan handel dié onderhandelinge oor die voorwaardes waarop een van die strydende partye bereid sou wees om die model van die ander party te aanvaar. Dan gaan dit, soos die ANC tot heel onlangs beweer het, net oor die "modaliteit waarvolgens mag aan die mense (lees: die ANC) oorgedra moet word". Vanuit die regering se oogpunt sal onderhandelinge gaan oor die wyse waarop die ANC oorgehaal kan word om hom by die spelreëls van die regering neer te lê.

## Strategieë

Verskillende strategieë kan toegepas word om een model eensydig as die allesoorheersende te vestig. Een van die strategieë wat die owerheid sowel as die ANC benut, is om deur politieke en ekonomiese maneuvrering die openbare steun van die teenstander weg te kalwer.

Die ANC (gesteun deur die SAKP en aanvanklik ook deur die USSR) het van 1984 af geprobeer om in gesprek met blanke belangegroepe die ANC te bemark as 'n aantreklike, oordeelkundige en demokratiese organisasie. Die regering het deur veiligheidsoptrede teen binnelandse ondersteuners van die ANC, en deur aandag aan sekere sosiale en ekonomiese griewe van swartes, die ANC geprobeer neutraliseer.

Albei pogings was net gedeeltelik suksesvol. Die ANC het die vermoë van die regering om blankes te mobiliseer (soos geblyk het uit die 1987-verkiesing) en die veiligheidsdienste se effektiwiteit onderskat. Op sy beurt het die regering hom vasgedraai in sy eie wensdenkery, naamlik dat die "stille meerderheid" van neutrale swartes omgehaal kan word om hulle met die regering se model van sosiale en politieke ontwikkeling te assosieer. Terselfdertyd is uit die oog verloor dat hardhandige veiligheidsoptrede net op kort termyn stabiliteit verseker, maar op langer termyn verset voed deur martelaars te skep en emosionele weersin op te bou teen die staat en sy openbare verteenwoordigers.

Dit is 'n onuitgemaakte saak of die ANC en die staat finaal afskeid geneem het van hul onderskeie strategieë om die teenstander as 't ware van binne te rysmier en so die alleenreg vir hul eie raamwerk te verseker. Dit is veral onduidelik of die regering die vrylating van gevangenes met ANC-verbintenisse wil gebruik om tekens van verdeeldheid in die ANC op die spits te dryf en sodoende 'n verswakte ANC te koöpteer as die finale stap in die bevestiging van die alleenheerskappy van die regeringsmodel.

Terselfdertyd kan gevra word of die ANC se bereidwilligheid om af te stap van die meer populistiese en egalistiese aspekte van die Vryheidsmanifes en om die beginsel van individuele regte te aanvaar, net 'n poging is om internasionale druk te verwerk en om meer blankes om te haal om by die ANC-model in te val. Nog heelwat water sal in die see moet loop voordat ons 'n duidelike antwoord hierop kan kry.

## Optimisme

Intussen kan, te midde val al dié onsekerhede, aanleiding gevind word vir 'n mate van versigtige optimisme. Dit gaan om die feit dat taktiese veranderings mettertyd ook strategiese grondverskuiwings kan meebring. En dan kan 'n mens ook wys op die onwenslikheid daarvan om 'n te onbuigsame onderskeiding tussen die twee kompeterende modelle te trek.

Die eerste opmerking hier het te doen met dit dat die verwatering van voorwaardes vir onderhandelinge aan weerskante, asook die verandering van sleutelbegrippe in die onderskeie modelle ("people's power", "groepsregte", ens.) geneig is om 'n momentum van hul eie op te bou onafhanklik van die taktiese bedoelings waarmee dit begin is.

Politieke leiers aan albei kante wat pa staan vir hierdie verwaterings, koppel natuurlik hul eie politieke geloofwaardigheid in hul onderskeie kampe aan die vermoë van hierdie konseptuele veranderings om resultate op te lewer. As daar resultate kom, het dit die neiging om die aanvanklike veranderings te versterk. Dié word dan belangriker. Hulle is nie meer net periferale, taktiese wysigings nie, maar word nuwe, sentrale beleidsrigtings.

## Interaksie

Danksy die feit dat daar iets soos strategiese interaksie tussen besluitnemers oor die kloof van verdeeldheid plaasvind (dws besluitnemers tree op volgens hul verwagting van watter reaksie hul optrede aan die ander kant sal ontlok), kan hulle mekaar se waargeneemde modifikasies in styl en konseptuele skemas wedersyds versterk. So 'n proses is skynbaar reeds aan die gang, by die regering sowel as in die ANC in ballingskap.

Die merkbare versagting in die bestuurstyl van die De Klerk-regering in vergelyking met dié van die Botha-era, verleen groter geloofwaardigheid en stukrag aan die diplomatieke en konseptuele inisiatiewe van mense in die ANC wat bereid is om die geweldadige strategie voorlopig ter wille van 'n strategie van onderhandelinge op die agtergrond te skuif. So ook is die regering bereid om te waag, deur bv. gevangenes vry te laat, omdat die regering 'n verskuiwing in ANC-optrede en houding waarneem.

So 'n positiewe strategiese interaksie kan natuurlik skeef loop en uiteindelik sneuwel indien dit nie resultate lewer wat deur die onderskeie leiers onder hul volgelinge bemark kan word nie.

Dit is onmoontlik om nou al te sê of die interaksie wat reeds plaasvind, ons enigsins nader aan 'n punt bring waar 'n bedingingsproses kan begin om die teenstrydige politieke modelle van die ANC en die regering met mekaar te probeer versoen. Bedinging, in onderskeiding van gesprek bloot ter wille van verkenning, kan eers begin wanneer:

* 'n kontraksone (Du Toit & Gagiano 1988) geïdentifiseer kan word (so 'n sone bestaan uit die geïdentifiseerde gemeenskaplikhede in die kompeterende modelle); en

* indien die deelnemers aan die bedingingsproses begin glo dat die voordele van bedinging met die ander party meer voordele inhou as 'n poging om eensydig 'n "oplossing" te bewerkstellig.

Oor die tweede kan met sekerheid gesê word dat albei partye nog nie hierdie grens oorgesteek het nie. Wat moontlik wel waar kan wees, is dat die gebeurde van 1989 daarop dui dat 'n belangrike vooraf-fase van bedinging begin het, naamlik die fase van bedinging oor bedinging (Du Toit 1989). In hierdie fase word wedersyds inisiatiewe onderneem om te bepaal wat die inhoud en omvang van die potensiële kontraksone is, dws waaroor daar sinvol onderhandel of beding kan word.

## Konflik

Die tweede stel opmerkings wat gemaak moet word, is dat waarnemers versigtig moet wees om nie die teenstrydige politieke ontwikkelingsmodelle van die ANC en die regering onderskeidelik in te onbuigsame en statiese terme voor te stel nie. Dat die konflik tussen die regering en die ANC nie maar net 'n etniese stryd is nie, maar 'n konflik tussen normatiewe sosiale en politieke modelle, ly geen twyfel nie. Dit kan ook nie betwis word dat die modelle teenstrydig is nie. Teenstrydigheid impliseer egter nie vanselfsprekend onversoenbaarheid of 'n totale afwesigheid van oorvleueling nie. Hoe ons die konflik definieer, het dus bepalende implikasies vir die vraag of bedinging tussen die modelle moontlik is of nie.


Terselfdertyd moet in ag geneem word dat die ANC sowel as die regering se model tans aan 'n hoë mate van veranderlikheid blootgestel is. Dit is nie alleen die gevolg van binnelandse ontwikkelinge onder die ANC en die regering se ondersteuners nie, maar ook van die merkwaardige internasionale konsensus oor die noodsaaklikheid dat in Suid-Akika 'n onderhandelde skikking bereik word. Kragte is losgelaat wat nie eens deur die mees halsstarrige besluitnemers in albei kampe beheer kan word nie. Die resultate hiervan is reeds duidelik te bespeur in die retoriek van die regering en van die ANC. Veranderinge van retoriek en van styl is weliswaar nog nie voldoende om gemeenskaplikhede te verseker nie. Maar dat 'n skuiwing en verwatering aan die gang is, kan nie betwyfel word nie - daarvan lewer hierdie boek voldoende voorbeelde.

## Onderhandeling

Daar is egter niks vanselfsprekends nie aan die prosesse waardeur die ruwe kante van die onderskeie modelle gladder geskaaf word, nòg aan die proses van bedinging oor bedinging wat net-net aan die gang gekom het. Albei kan nog omgedraai word en Suid-Afrika kan weer vierkant op die pad van oplaaiende konflik en uiteindelike vernietiging geplaas word.

Met die opheffing in Februarie 1990 van die verbod op die ANC het die regering laat blyk dat hy die weg van onderhandeling wil volg. 'n Bereidheid om te onderhandel, is egter nie dieselfde as 'n gewilligheid om kompromieë aan te gaan nie. Laasgenoemde sal afhang van die mate waarin die regering die billike eise van die ANC en ander swart politieke leiers tegemoetkom.

# Alles word nie altyd volgens die reëls van krieket gespeel nie




KRIEKET verteenwoordig in ons eie Westerse waardewêreld die toppunt van wat 'n mens graag "fair play" noem.

Deur die bloeijare van die Britse Ryk het dié spel penne dwarsoor die aardbol ingeslaan. Die wyse waarop die spel gespeel is, was die teken van volwassenheid.

Heel toepaslik was die eerste legendariese figuur se van "Grace" en deur die eeu of wat van krieketgeskiedenis was sportmanskap en jintelmanne altyd 'n integrale deel van die spel.

Natuurlik was daar tye wanneer kolwers geweier het om te loop, skeidsregters gevloek is, boulers ongeskrewe reëls verbreek en fanatiese ondersteuners gedreig het om regerings tot 'n val te bring.

Maar geen verbreking van die reëls was so verwoestend en vernietigend nie soos dié van 'n Suid-Afrikaanse gholfspeler by 'n plesieroord in die Transvaal. En vir die verbreking van al die reëls van sportmanskap op daardie dag het Suid-Afrika vir meer as twee dekades duur betaal.

Die gholfspeler was John Vorster, die plek Loskopdam en die krieketspeler waaroor die bohaai in 1968 gegaan het, was die Kaapse laaitie, Basil D'Oliveira.

Dit was die eerste Rubicon wat nooit oorgesteek is nie.

Al hierdie dinge kom terug rondom die nuus dat Mike Gatting se span se toerprogram drasties ingekort is en nadat Thabo Mbeki gesê het dat dit lekker sal wees wanneer daar die dag 'n Springbokspan op die veld draf wat al die mense van Suid-Afrika in hulle harte sal dra.

Maar dis die krieket toer se "onderhandelinge" en "kompromieë" wat vir my die interessantste is. Die toer word afgelas, maar gaan tog voort. Die toer gaan voort, maar word tog afgelas.

In plaas van 'n vyfdagtoets en soveel ander dae, word dit nou net vier eendagtoetse. Miskien betaal die SAUK nog asof hulle al die krieket uitsaai, ook dié wat nie plaasvind nie, want anders gaan Geoff Dakin en sy manne sukkel om te betaal.

Aan die ander kant moet Krish Naidoo en die kêrels van die National Sports Council ook maar "please explain" by die huis oor hoekom die protesaksies nou gestaak moet word, terwyl die krieket voortgaan.

Waar is ons koerantmanne se speursin? Wie is die "interested third party" in die buiteland wat soveel fasiliteerdersvernuf het om die twee partye hier ter lande met mekaar gesprek te laat aangaan? Want daai man sal ek graag wil ontmoet om te hoor watter lokaas hy kon uithou wat sulke uitwerkings kon hê.

Niemand het ook gewys op die feit dat die Engelse toer glad nie 'n Kaapse draai gaan maak nie - en dit terwyl Nuweland tog seker die hart van Suid-Afrikaanse krieket is.

Is dit omdat 'n ander span dalk eerste weer daar sal speel, daar waar die Kaapse Dolly destyds nooit sy kans gekry het nie?

Of is dit omdat die NSC so 'n bietjie bang is vir die Kapenaars en Sacos? Vermoed hy vaagweg dat sy waarborge oor protesvrye krieket nie sonder meer gestand gedoen sal kan word nie?

Want lees 'n mens die Kaapse alternatiewe pers ontdek jy dat alles in die sportwêreld daar onder langs die see nie klopdisselboom loop nie en dat daar partykeer balle op onverklaarbare wyse ongemaklik opwip. Dan moet die manne maar vinnig koes of woes inklim en haak.

Maar dis 'n anner ball game daardie waaroor die sportredakteurs maar die reëls aan ons oningewydes sal moet verduidelik.

Wat vas staan, is dat alles nie altyd volgens die reëls van krieket gespeel word nie.

NS Vir diegene wat belangstel in die hoe en die wat van die krieketonderhandelingsproses, soos ek dit verstaan het:

(i) Die NSC (en die SAKU) is bekommerd oor die konfrontasie tussen betogers en die polisie.

(ii) Saterdag 10 Februarie (terwyl die "eerste toets" aan die gang is) bel "'n vooraanstaande sakeman" die NSC en die SA Krieketunie is bereid om oor die toer te praat.

(iii) Saterdagaand skakel SAKU die NSC en word 'n onderhandelingsvergadering vir Sondag belê. Dié onderhandelings duur een uur.

(iv) Maandag koukus hulle eers afsonderlik en ontmoet weer Dinsdag vir drie uur. Die lyne sing daarna soos die partye hulle gesprek telefonies voortsit.

(v) Woensdagmiddag lig die skeidsregters die balkies en is die eerste onderhandelingswedstryd verby met 'n verstommende oorwinning vir "common sense" én "fair play".

En baie hoop vir al die ander baie gesprekke wat nog gevoer sal moet word.

VRYE Weekblad

# Bedank, generaal

Die minister van Verdediging, genl Magnus Malan, behoort onmiddellik uit die kabinet te bedank.

As hy nie genoeg styl het om dit te doen nie, behoort die Staatspresident hom af te dank.

Malan het tot dusver nie ontken nie dat hy aan die top van die bevelstruktuur staan waaronder die Burgerlike Samewerkingsburo, 'n geheime afdeling van die Weermag wat volgens getuienis vir die moord en intimidasie van regeringsteenstanders verantwoordelik was, optree. In plaas daarvan probeer hy weer eens die aandag vestig op die ou sondebok, die ANC, se "wandade".

Dis nie waaroor dit hier gaan nie, generaal. Hier gaan dit oor moord wat deur lede van die Weermag gepleeg is op burgerlikes wat nog al die jare sê apartheid is verwerplik - dieselfde dinge wat jou kollegas in die kabinet ook nou erken. Die soort retoriek wat maar altyd die blaam op "linkse radikale" wil pak, pas nie meer in die nuwe politieke klimaat wat in Suid-Afrika heers nie.

Om te sê jy het nie opdrag gegee dat moord gepleeg moet word nie, is ver van voldoende. Die vraag is of jy geweet het daarvan. As verantwoordelike minister moes jy geweet het, en in enige demokrasie bedank die verantwoordelike minister as so 'n skandaal in sy portefeulje aan die lig kom.

Die Suid-Afrikaanse regering wil deesdae na demokrasie se kant toe beweeg. As jy vir pres De Klerk in dié strewe wil volg - en dis nie heeltemal duidelik nie - behoort jy 'n les te leer uit jou Franse eweknie se optrede so 'n paar jaar gelede. Toe Franse agente uitgevang is dat hulle die omgewingsgroep Greenpeace se skip, Rainbow Warrior, opgeblaas het, het die Franse minister van verdediging nie gehuiwer om sy bedanking in te dien nie. Dit was ook 'n geval van 'n aanval op burgerlikes, generaal - net op 'n baie kleiner, minder georganiseerde en minder volgehoue vlak.

Malan het al vantevore vir die Suid-Afrikaanse publiek en selfs vir sy eie kabinet gelieg in sy ongelukkige loopbaan as minister. Toe hy gelieg het oor Wynand du Toit se optrede in Angola en oor die SAW se steun aan Unita en Renamo, het hy geweier om te bedank.

Nou dat hy nie meer op die steun van sy mentor, oud-staatspresident PW Botha kan staatmaak nie, behoort die generaal ons almal 'n guns te doen en plek te maak vir iemand wat met lede van die ANC en ander organisasies wil onderhandel in plaas daarvan om hulle te vermoor.

Magnus Malan hoort doodeenvoudig nie in die nuwe politieke kultuur van samewerking en onderhandeling wat rondom De Klerk en Nelson Mandela aan die ontstaan is nie.

## Ontgroening

Jaar na jaar verklaar die rektore van Afrikaanse universiteite dat ontgroening, doop - noem dit wat jy wil - nie op húlle kampusse plaasvind nie. En jaar na jaar is daar voorvalle by dieselfde universiteite van eerstejaarstudente wat beseer word, verneder word, liggaamlike en geestelike letsels opdoen. Ons berig in dié uitgawe daaroor.

Toe die doop-bom 'n paar jaar gelede op Stellenbosch gebars het, is 'n ondersoek op hoë vlak gelas. Die uitslag daarvan is tot vandag toe nie bekendgemaak nie, en die rektor het gekla dat die studentekoerant wat die wandade aan die kaak gestel het, die universiteit se naam deur die modder sleep.

Solank as wat middeleeuse "tradisies" afgedwing word op mense wat hulle moet bekwaam om leiersposisies in die land te beklee en universiteitsowerhede dit oogluikend toelaat, so lank sal hierdie voorvalle publisiteit geniet en sal rektore se leë versekerings as 'n grap afgemaak word.

'n Gebrek aan slaap, gedwonge oefening, belaglike kleredrag, pakke klere in die somerson, 'n gebuig en gekniel voor "senior" studente - dit is nie die voorvereistes vir 'n goeie universiteitsopleiding nie. Inteendeel.

Ontgroening is 'n kinderagtige, primitiewe gebruik. Dit hoort nie by instellings van hoër akademiese opleiding nie.

Dit is sulke gebruike wat die Afrikaner nog sy beeld van agterlikheid gee; van mense wat nie vir hulself kan dink nie en net tuis voel in outoritêre omgewings.

Roei dié onding nou eens en altyd uit.

## So sê hulle . . .

"**Ek dink** Vrye Weekblad het vir die eerste keer bewys wat 'n deel van die roeping van die pers is." - Louis Krüger, Afrikaanse skrywer wat die afgelope ses jaar Gereformeerde predikant in Nederland is.

"'**n Mens** kan Suid-Afrika nie volledig verstaan as jy nie toegang tot Afrikaans het nie." - Nelson Mandela.

"**When one** makes a call from outside southern Africa and say you want 'Namibia', the telephonists may know what you mean, and will not put you through to 'Libya' or 'Bolivia'." - Gwen Lister, redakteur van The Namibian, oor Namibia ná onafhanklikheid.

"**Namibia se** wittes sal in SA aan hul vele families kan gaan getuig en verkondig dat die Hage's darem oulike kaffers is." - Pius Dunaiski in The Namibian.




**Dirk Coetzee van Lusaka skryf:**

Duisende opregte dankies vir Suid-Afrikaners soos julle en julle lesers uit alle gemeenskappe vir julle ondersteuning en bystand in my stryd teen die oormag die afgelope drie maande.

Ook aan my dierbare ouers, my broer Ben, my suster Marietjie en hulle gesinne. Op my geliefde vrou, Karen, en seuns, Dirk en Calla, is ek uiters trots asook dank verskuldig op die wyse wat hulle alleen die druk weerstaan, die media hanteer en my deurentyd ondersteun het.

Vir die leiers van die ANC en my medekamerade het ek net die hoogste lof vir my onvoorwaardelike aanvaarding in hulle geledere - nieteenstaande die feit dat ek as een van die menige terroriste in die geledere van die Suid-Afrikaanse Veiligheidsmagte hulle pogings tot vryheid en regverdigheid vir 'n nuwe Suid-Afrika op die gruwelikste wyse probeer dwarsboom en fnuik het.

In geen stadium nog het enige lid van dié organisasie my verwyt of met minagting bejeën nie. "Boere-gasvryheid" en die sogenaamde "Christendom" kan gerus by hulle kom kers opsteek.

My boodskap aan blanke Suid-Afrika is: Julle, soos ek, was vir jare die slagoffers van intensiewe regeringspropaganda, 'n doelbewuste en sistematiese veldtog van disinformasie en breinspoeling sover dit die ANC en die frontlinie-state betref.

Vir die verset van die regses binne die Suid-Afrikaanse politieke opset teen die huidige veranderinge binne die land het die regering slegs homself te blameer. Elke afvaardiging vanuit Suid-Afrika wat nog die moeite gedoen het om die ANC hier in die buiteland te kom ontmoet en eerstehandse inligting oor dié organisasie en sy doelstellings in te win, het as ontnugterdes met 'n heel veranderde sienswyse omtrent die organisasie na Suid-Afrika teruggekeer.

Die ANC het dit geensins ten doel om die onderdrukker wat tans 'n wit jokkie is met 'n sogenaamde swart jokkie te vervang nie. Sou dit die geval wees, sal dieselfde ANC met dieselfde kamerade na die "bos" terugkeer om met dieselfde oorgawe van vooraf die stryd teen die swart onderdrukker aan te knoop.

Die ANC het elke inwoner van ons geliefde land nodig en dra die belange van elkeen van ons op die hart in hulle onderhandelings vir 'n nuwe Suid-Afrika.

Die sogenaamde "swart gevaar" is 'n mite wat elke blanke Suid-Afrikaner moet verwerp. Ons is dit aan ons kinders verskuldig.

Ek, wat slegs drie maande uit my land is, mis my land, my geliefdes en vriende ontsettend - hoe my mede-kamerade van wie sommige al tot so lank as 27 jaar uit die land is dit verwerk, bly 'n wonderwerk.

## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown, 2033.**

# Kom leer hiér van gasvryheid

### Boksburg-oplossing

**Philian van Alberton skryf:**

Die oplossing vir ons Boksburg-probleem, naamlik die AWB se Red Boksburg Aksie, het my soos 'n donderslag getref.

Die oplossing: Die regering van die dag kan 'n groterige plaas iewers in die Vrystaat aankoop. Die pakket sluit in: Groot opstal, buitegeboue, 'n longdrop, groot wawiele en hout vir die bou van ossewaens, asook 'n groot dam met 'n "Slegs Blankes/ Whites only"-bordjie. 'n Groot kamp vir die osse is ook ingesluit.

'n Soortgelyke plaas naby Louis Trichardt word ook aangekoop. Nou kan die AWB-Voortrekkers heen en weer trek en selfs verskillende roetes, soos vooraf met die AA bespreek, oorweeg.

Natuurlik moet daar eers toestemming by die plaaslike landdros verkry word sodat dit 'n wettige optog kan wees.

### Wees kleurblind

**Hein Strauss van Waterkloof skryf:**

Now that we are off to a whole new democratic South Africa we all have a number of issues to take care of.

All should seriously work together and abide by the laws that we have and the new ones that are being enacted.

They will discard of discrimination. If we don't behave properly towards these laws and amongst ourselves we'll be back to square one soon.

Secondly newspapers have the most important task, to build bridges that dos not exist and prevent polarisation and honestly show off the bright clear thinking and honest leaders so the nation could see whom to elect in future.

Let us not fall into the trap of footsie-footsie politics because that will also put us back on a road of chaos. Let us be colour blind and capable conscious.

### Vegetaries

**Zelda Dalling van Clifton skryf:**

Daar word nou navorsing gedoen op kril as 'n moontlike voedselbron vir die mens. Kril vorm die belangrikste deel van walvisse se dieet. Ironies noudat die walvisse uiteindelik tot aanteelbare getalle herstel het, hulle kos nou deur die mens opgevreet gaan word.

Die reënwoude van Suid-Amerika word teen 'n fatale tempo deur beesboere vir weiveld vernietig. Daar is ongelukkig nog baie meer sulke voorbeelde as wat 'n mens hier kan noem, maar wat almal deel vorm van die mens se stelselmatige vernietiging van die omgewing en dierelewe.

Miskien is nog sterker kritiek teen die mensdom dat dié handjievol wat probeer om die aarde en alles daarop te red, altyd as "crazies", "fanatics" en "nutcases" afgemaak word.

Aangesien so baie van die omgewingsfiasko's deur die mens se eienaardige eetgewoontes veroorsaak is, is die mees voor-die-hand-liggende oplossing dat die mens vegetaries moet leef. Die werklike prys van vleis en vis moet bereken word in terme van die onomkeerbare skade aan die omgewing.

Buiten die ekonomiese voordele aan die verbouing van groente eerder as veeboerdery, moet 'n mens dink aan die onmenslike manier waarop vee na die slagpale vervoer word en hoe wreed hulle daar doodgemaak word.

Sojaprodukte bevat drie keer meer proteïene as vleis. In 'n derdewêreldse land waar daar jaarliks honderdduisende mense doodgaan weens wan- of ondervoeding behoort vleis en vis as voedselbronne nie eens oorweeg te word nie aangesien 'n mens baie goedkoper van groente kan leef.

En as ons almal Boeddhiste was, het ons nie gedink dat ons hierdie wêreld in 'n benarde toestand aan ons kinders nalaat nie - ons sou wel dan weet dat ons self in 'n ander lewensvorm na dié gemors gaan terugkeer.

*Vervolg op bl 22*

# Rehabilitasiekursus vir Eugene Terre'Blanche



**Dr GP Redelinghuys van Helsinki, Finland skryf:**

Eugene Terre'Blanche word vriendelik uitgenooi na 'n kursus in die Bundesrepubliek van Duitsland. Die kursus word gereël deur die Instituut vir Rehabilitering van slagoffers van die Nazi-filosofie en word in Berlyn aangebied. Studente uit Kuba, die Sowjet-Unie, China en Kambodja is ook uitgenooi.

Die kursus bestaan uit twee dele:

1. 'n Teoretiese deel bestaande uit voorlesings en die bestudering van idees.

Die kursusmateriaal sluit die volgende werke in: Die Ou Testament, Friederich Nietzsche se versamelde werke (die verkeerde vertolking daarvan), asook 'n bietjie Lenin, Stalin, Mao en Polpot.

Die hoofwerk is "Mein Kampf" deur die korporaaltjie in die Oostenrykse leër.

Tydens die voorlesing van "Mein Kampf" sal die orkes van die Berlynse Filharmoniese Orkes operawerke van Richard Wagner speel, en 'n groepie mans en vroue met blonde hare en blou oë sal dans en in 'n spectacular sekspageant optree. Hulle sal onder die leiding van die Markies de Sade staan.

2. Die praktiese deel bestaan uit toetse waarin die deelnemers se verbeeldingrykheid gemeet word. Die deelnemers moet metodes uitdink om die mens se liggaam te skend. Alles mag en moet probeer word. Punte word afgetrek vir enige fyngevoeligheid.

**Dr AP Treurnicht:**

Broer, treur nicht, alles sal regkom.

Die tyd het nou aangebreek dat u ook ander leesstof bekom, en 'n bietjie huiswerk doen. U kan nie alleen leef van die Ou Testament en KP-propaganda nie.

Ek stel die kritiese bestudering van die volgende boeke voor: Die Nuwe Testament, Anton Chekov: Ward Number Six and Other Stories, Aldous Huxley: The Devils of Loudon, Markies de Sade: Honderd en twintig dae in Sodom, Anthony Storr: Churchill's Black Dog and Other Phenomena of the Human Mind, Peter Weiss: Marat Sade.

Dit sal u die hele jaar besig hou, begin dus vroeg.

*(Brief verkort - red)*

## Groot partytjie

**Robin Malan, assistent-hoof van Waterford Kamhlaba United World College of Southern Africa in Swaziland, skryf:**

We had a huge party here on a hilltop in Swaziland, at Waterford Kamhlaba United World College of Southern Africa, on Monday 12 February.

This school was founded in 1963 as a direct response to the unequal educational situation in South Africa. It has as ex-students Nelson and Winnie Mandela's two daughters Zeni and Zindzi; Walter and Albertina Sisulu's daughter Lindiwe; and Archbishop Desmond and Leah Tutu's four children Trevor, Naomi, Theresa and Mpho. Students at the school at the moment are Mandla Mandela, Dr Mandela's grandson; Ayanda Guma, granddaughter of the Sisulus; and Tumeleng Mahabane, grand-nephew of Oliver and Adelaide Tambo.

These connections may have given us a special reason for celebration, but the general groundswell of joy and excitement apparent in the school would have been there even without them.

The first part of an extended School Assembly was taken by Headmaster Dick Eyeington, who recounted his and his wife Enid's 27 year-long commitment to education in Africa (first in Tanzania and then in Swaziland). While they were raising a family here and enjoying all that Africa offers, Dr Mandela was denied these very things. The Headmaster then handed the Assembly over to the South African students, supported by a number of students from other nationalities, for instance the US, Korea, the Netherlands.

Their unrestrained joy was expressed in poems, personal accounts of the significance of the release, and singing and dancing. Very soon all 500 students and staff, from 46 different nationalities, had been drawn into the spirit of rejoicing. The Hall resounded with the chanting and stamping. The Assembly, which commenced with the Swaziland National Anthem, ended with the singing of the African National Anthem, Nkosi Sikelel'i Afrika.

Then at lunchtime, the Multi Purpose Hall had been transformed, for a slap-up special lunch, enjoyed by the 450 students, the academic staff, the domestic, catering and maintenance staff, as well as the 30-odd pre-school children who are part of the school's vigorous community service programme.

The lunch, accompanied by the video of the Free Mandela Festival Concert, spilled over into a party that lasted all afternoon: more poems, songs and dancing, shared and enjoyed by all of the Waterford Kamhlaba community, which has students from, for instance, Somalia, Mozambique, Namibia and Uganda; from Norway and West Germany and Italy; from Chile and Colombia and Canada.

The Art students produced wall decorations that ranged from a huge portrait of Mandela, to posters celebrating the unbanned organisations and remembering those still detained. Perhaps the most striking was the generosity of this tribute: side by side with the "MANDELA" banner was a banner which read "DE KLERK". I think the South African State President needs to know how these students in Swaziland feel about what he has done.

It was a misty afternoon outside - reminding one of the school's annual commemoration of June 16 when the students drift up the hillside through the mist to spend some time together sharing songs, readings and moments of silence. But today, inside the sports hall, it was a wonderful time for joyousness and togetherness.

# KLEINADVERTENSIES

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Clara of Laetitia (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.**

## Persoonlik

Die Takhare vir Vrede sê elke generaal kry sy dag

Die Bleskoppe teen Apartheid sê Magnus Pi gaan aan die anderkant van sy gesig lag

FLIPPIE is ons nog vrinne?

## Werk

Experienced committed tutor needed for a Saturday Education programme in Pretoria. Subjects: English, Afrikaans, Maths, Science, History, Biology & Geography. Teaching through the medium of English. Please phone Jenny (011) 339-2392

## Woonplek

Troyeville - Mansbewoner benodig vir volledig toegeruste woonstel in pragtige groot huis. Huur R200 vanaf 1 Maart, bel 614-9000

Persoon gesoek om huis in Brixton te deel. R250 per maand, bel 839-2173 na 7nm.

Huis te deel in Kensington, Johannesburg. Ruim, ou gerestoureerde huis met tuin, bel Jeanet by 614-8093 (h)

Professionele "mixed couple" soek een of tweeslaapkamer-woonstel/huis vanaf 1 Maart. Maksimum R600 per maand. Skakel 633-2465 (w) of 648-2900(h)

Bekwame, betroubare huishulp benodig akkomodasie in Brixton. Beskikbaar vir huiswerk drie dae per week. Werk reeds twee dae. Vergoeding onderhandelbaar. Vir getuigskrif en navrae skakel 782-471/6 kantoorure of 837-1358 na ure

## Dienste

Yoga Class - A garland posture. Ashtanga, Iyengar, Hatha, Tantra, Kundalini. Private tution available.
Special classes for pregnant women.
Please call Ushke at (011) 614-5398

TAROT readings
Uncovering what you really are, of letting yourself be yourself, of letting everything that is not yourself, fall away. R30. Please phone Ushke at (011) 614-5398

Diensplig Adviesdiens.
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue.
Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue.
Vir verdere inligting skakel (011) 642 4345

Visual art courses
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts.
Classes available day and evening for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

## Gebeure

Kim Sacks-galery en handwerk sentrum open dié Sondag (25 Februarie) 10vm - 5nm. Demonstrasies in pottebakkery asook 'n uitstalling van Wes- en Sentraal-Afrikaanse voorwerpe en beelhouwerke

Woensdag 28 Februarie - U word uitgenooi om u wegneemete om 1nm na die USIS-ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n reeks middaguurvideo's getiteld "The Gentle Giant Of Jazz - Louis Armstrong and Black Music in America - From Then Till Now". Almal welkom

COSAW-biblioteek: Saterdag 24 Februarie, om 1nm word die video van "A world Apart" vertoon. Toegang gratis! Die adres is: 4de vloer Twiga-sentrum, Sentraalstraat 68, Fordsburg. Vir verdere inligting skakel Irene by 833-2530/1/2/3

## Mark

Kashgar
Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566

## Groen Mark in die hartjie van Johannesburg.

Elke Saterdag by die Laerskool Melville. Geen plastiek: slegs natuurlike produkte en verpakking.
Benewens die mark, is die plan ook om sprekers te nooi om mense bewus te maak van ekologiese kwelpunte en om optrede te beplan om die omgewing te bewaar.
'n Kennisgewingbord sal opgerig word waarop mense met spesifieke belangstellings of kundigheid hul name en telefoonnommers kan neerskryf en sodoende met geesgenote in verbinding kan tree.
"Envirocops" - skoolkinders wat as die "polisie" optree en mense wat rommel strooi met 50c beboet - sorg dat die markgronde skoon bly.
Die Laerskool Melville is tussen Derde en Vierde Laan in Melville.

**Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**

JACOB RegoP

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..........
Adres: ..........
.......... Poskode: ..........
Telefoon: ..........

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

Bl 23: Natal kies dalk vanjaar 'n Nataller

## Tyd vir simboliese gebare verby

Berigte deur Tinus Horn

# Apartheid moet waai

## Kuiper is nou beslis ons beste

ADRIAN Kuiper is nou beslis Suid-Afrika se beste kolwer.

Vroeër sou 'n mens dié stelling moes kwalifiseer deur by te voeg dat hy eintlik 'n eendag-spesialis is, maar dié seisoen het hy die Curriebeker-toneel ook heeltemal oorheers.

Tog is dit wedstryde met beperkte boulbeurte wat hom tot sy volle reg laat kom; die honderdtal wat hy Dinsdag in 48 balle van Mike Gatting se toerspan geplunder het, moet sekerlik gereken word as een van die mees verwoestende kolf-vertonings wat nog op Suid-Afrikaanse bodem gesien is.



Adrian Kuiper

Iemand wat 'n gewoonte daarvan maak om in sy groot beurte agt, nege sesse of meer te slaan, kan maklik as 'n mog-het-troffe-kolwer gebrandmerk word, maar Kuiper se volgehoue welslae wys dat daar veel, veel meer in hom steek.

'n Mens sou hom kon beskryf as 'n berekende kolwer wat soveel selfvertroue het dat hy sy telhoue lugiangs kan speel sonder vrees dat hy uitgevang sal word.

Sy kolfstyl is allermins perfek; wanneer hy byvoorbeeld na die wegkant dryf, laat hy 'n groot gaping tussen sy beenskut en die bal en hy speel ook soms gevaarlik teen die lyn van die bal in.

Dit is egter waagstukke wat hy sonder voorbehoud aangaan, omdat hy weet hulle *werk*.

DIE tyd vir simboliese gebare om die buiteland te beïndruk is verby. Apartheid moet uitgeroei word as Suid-Afrika weer sy regmatige plek in die sportwêreld wil inneem.

Dít was vandeesweek die boodskap van die National Sports Congress én Dr Danie Craven, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad.

Volgens Krish Naidoo, 'n woordvoerder vir die NSC, begaan Suid-Afrika se sportbase 'n groot fout as hulle meen volle internasionale mededinging lê om die draai ná die opspraakwekkende politieke gebeure van die afgelope paar weke.

"Apartheid vier nog hoogty op ons sportvelde en voor dié toedrag van sake nie verander nie, is hertoetrede tot die internasionale arena 'n onbereikbare droom," sê Naidoo.

Craven bly egter vol vertroue dat Suid-Afrika so gou as volgende jaar weer internasionaal sal begin meeding.

"Die tekens lyk belowend. Ek wil nie nou al voorspel wat die toekoms vir ons inhou nie, maar ons het baie goeie reaksie op die politieke verwikkelinge ontvang."

Volgens Naidoo is Craven se pogings om eenheid tussen die SARB en die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (SARU) te bewerkstellig, 'n groot stap in die regte rigting. Dié twee beheerliggame het gister byeengekom. (teen druktyd was die uitslag van dié samesprekinge nog nie beskikbaar nie).

Tog meen Naidoo dat die rugbybase se beheptheid met internasionale mededinging wys dat hul voorkeure verkeerd is.

"Hulle moet vir die volgende twee jaar of wat vergeet van toere, en Apartheid in hul onderskeie rade en unies uitroei. Die tyd vir toere sal kom, maar vir eers is daar belangriker vraagstukke wat aangespreek moet word."

Volgens Naidoo is daar veral in die kleiner sportsoorte soos sagtebal en padhardloop 'n sterk swaai in die rigting van nie-rassige beheerliggame.

Sy probleem met rugby is onder meer dat daar in die Raad twee afsonderlike beheerliggame vir gekleurde en swart spelers bestaan. (Enige speler kan egter onder die vaandel van enige van die drie beheerliggame speel).

Dr Craven se pogings om rugby te normaliseer skiet wel te kort, maar hiervoor kan hy beslis nie die skuld dra nie.

Verskeie lede van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad was byvoorbeeld kwaai omgekrap toe Craven en Louis Luyt van Transvaal verlede jaar met die ANC gaan praat het in 'n poging om dié organisasie te oortuig van SA rugby se goeie bedoelinge.




Hieroor het Craven vandeesweek gesê hy hoop dat daar nou 'n paar manne met rooi gesigte rondloop.

"In die lig van die beeld wat mense van die ANC gehad het, is dit seker verstaanbaar dat ons 'n paar mense kwaad gemaak het. Ek dra geen wrokke nie," sê Craven.

Dit is ook so dat gister se samesprekings tussen die SARR en die SARU die regstreekse gevolg is van Craven se pogings om eenheid te bewerkstellig.

Hy wou al sedert sy terugkeer van sy samesprekings met die ANC met SARU praat, maar dié beheerliggaam wou niks hiervann hoor nie.

Naidoo maak sterk kapsie teen Craven se planne om vanjaar weer 'n wêreldspan hierheen te lok - selfs al sal dit geen rebellespan wees nie. Die spelers deelname aan die toer sal deur hul unies goedgekeur word.

"Geen toere is in hierdie stadium vir ons aanvaarbaar nie. Toere skep 'n gevoel van normaliteit, en dit verlig die druk op die regering én die sportbase om apartheid uit te roei."

## Bokke sal Engelse looi, sê Dok

SUID-AFRIKA sal met Engeland op die rugbyveld mors, sê Dr Danie Craven, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR).

Hoewel die Engelse van Will Carling tot dusver vanjaar skoonskip in die Vyfnasiereeks gemaak en verlede week 'n rekordoorwinning van 34-6 oor Wallis behaal het, meen Craven dat hul patroon voorspelbaar is en dat Suid-Afrika maklik 'n teenvoeter daarvoor sal kan vind.

"Hul patroon is niks nuuts nie, dit is regstreek op dié van die All Blacks gebasseer," meen hy.

Die welslae van dié patroon, waarin veral die losvoorspelers 'n groot rol speel, berus grootliks op voorspeler-oorheersing.

Die Engelse voorhoede het Wallis wel heeltemal oorskadu, maar of hulle dieselfde met 'n Bok-agttal sal kan doen, is te betwyfel.

Dok wil nie 'n mening waag oor Suid-Afrika se plek in wêreldrugby se top-10 nie, maar sê dat geen span - nie eers die All Blacks - die Bokke durf onderskat nie.

Ongelukkig is die kanse dat Suid-Afrika reeds volgende jaar aan die reeks om die Wêreldbeker sal deelneem, maar skraal.

"Die loting vir die uitdunrondes is reeds gedoen, en die program is bepaal. Daar is geen kans vir volgende jaar nie, maar in 1995 bied ons hom hopelik hier aan," het Craven gesê.

*Dit wil nogal lyk asof die nuwe rugby-beheerliggam van Namibia weet hoe om teenstanders te kies.

Wallis gaan glo later vanjaar vyf wedstryde - wat twee toetse insluit - in Namibia speel en as hul vorm teen Engeland enige aanduiding is, kan hulle nog 'n nederlaag of twee te wagte wees.

# VRYDAG

Bylae tot Vrye Weekblad 23 Februarie 1990

**Plaaslike dans staan op die drumpel van ...UH iets... In die geskiedenis van dans in Suid-Afrika het soveel choreograwe nog nooit gepoog om soveel danspassies in so min tyd op die planke te bring nie. Die AA Vita-Danssambreel bied van 28 Februarie tot 10 Maart 'n vertoonkas van meer as 50 splinternuwe danswerke, en op die klassieke front voer Truk-Ballet van môre tot 3 Maart drie werke op. ANDREA VINASSA gee 'n oorsig van wat op dansliefhebbers wag**

**Onder redaksie van ANDREA VINASSA**



# Almal dans onder een sambreel

# Ballet vir die struggle

"AGON" beteken in Grieks pyn of struggle, stryd of geskil. "Die vernuwing van 'Agon' lê in die naakte krag, kaal gesag en self-dissipline binne die struktuur van spanningsvolle, ekstremistiese beweging. Agter die aktiewe fisieke teenwoordigheid is daar 'n inherente filosofie; 'Agon' is nie 'n suiwer ballet wat net oor dans gaan nie. Dit was 'n eksistensiële metafoor vir spanning en angs..." 'n Ballet vir die struggle?

Hierdie is die woorde van Lincoln Kirstein, die stigter in 1934 van die School of American Ballet, die voedingskool vir die New York City Ballet, oor "Agon", een van die ballette op Truk se eerste program vir 1990.

"Agon" is die derde ballet wat die 75-jarige Russiese komponis Igor Strawinski saam met die choreograaf George Balanchine vir die NYCB geskep het. Dit was Strawinski wat besluit het 17de eeuse Franse danse soos sarabandes, gaillards en branles sou ingesluit word. Die titel was ook syne.

"Musiek soos Strawinski s'n kan nie geïllustreer word nie, jy moet probeer om 'n visuele ekwivalent te vind wat dit komplementeer. As 'n organiseerder van ritmes is Strawinski meer subtiel en uiteenlopend as enige enkele skepper in die geskiedenis," het Balanchine gesê.

Truk het die ballet vir die eerste keer in 1987, dertig jaar ná dit vir die eerste keer in New York opgevoer is, op die planke gebring. Vanjaar se opvoering sluit in 'n klomp debuutvertolkings vir die groot tweepas wat die sentrale deel van die ballet beslaan: Catherine Burnett en Daniel Gwatkin, Marion Lindsay en Gwatkin, en Odette Millner en Jeremy Hodges. Die ander hoofrolle word deur Johnny Bovang wat met Craig Hedderwick (debuut) en Marius Els (debuut) afgewissel; en Sharon Jones (debuut) wat met Tanya Graafland (debuut) en Heidi Lise (debuut) afwissel.

Die ander ballette op die program is die Washingtonse choreograaf Choo San Goh se manjefieke "In the Glow of the Night", wat op die maat van musiek deur Martinu gedans word, en Michel Fokine se "Les Sylphides", wat vir die eerste keer in 1909 deur Sergei Diaghelef se Ballets Russes op die planke gebring is. Die hoofrolle is gedans deur Anna Pawlowa, Tamara Karsavina, Maria Baldina en Waslaf Nijinski.

"Les Sylphides" was 'n herlewing van die sogenaamde wit ballet - 'n oormag wit gaas en netsy het die verhoog gevul - wat voor 1844 opgevoer is en toe as oudmodies beskou is tot Fokine dit laat herleef het. Dit is 'n ballet sonder 'n verhaal wat eerder oor die opwekking van stemming deur middel van dans gaan as oor 'n verhaal. Odette Millner en Jeremy Hodges, Sharon Jones en Johnny Bovang, en Tanja Graafland en Paul Walters is die dansvennote vir die onderskeie rolverdelings.

DIE AA Vita-danssambreel word in oorleg met Wits se Uitvoerende Kunste-administrasie in die Wits-Teater aangebied. Dit beslaan vier programme wat van 28 Februarie tot 9 Maart opgevoer word en 'n randprogram op 10 Maart. Alle opvoerings begin 8nm (behalwe "Flitter Blotters II", 6nm). Die programme lyk só:

Program 1 (Woensdag 28 Feb en Vrydag 2 Maart): Sonje Mayo van Johannesburg, Carly Dibakhoane van die Soweto-Dansteater, Michelle Kramer van Wits se dramaskool, Henri Noppé van Benoni, Val Steyn van Pace in Kaapstad, Andrea van Eck van Pretoria, Gerard Bester en Marlene Blom, albei van Johannesburg.

Program 2 (Donderdag 1 Maart en Saturdag 3 Maart): Johannesburgse choreograwe Adele Blank, Jeanette Ginslov, Sylvia Glasser en Jayesperi Moopen, asook Eric Bouvron van Naruk se Loft-geselskap, Juanita Finestone van die Oos-Kaap, en Boboyi Thabete en die Izwe-dansers van Soweto. David Krugel is genooi om sy bekroonde "After the Rain" saam met die Naruk-Dansgeselskap aan te bied.

Program 3 (Dinsdag 6 Maart en Donderdag 8 Maart): Christopher Kindo en Esther Nasser van die Truk-Dansgeselskap, Tanya Herbst, Macks Papo, Jackie Semela van die Soweto-Dansteater, Yda Walt van Johannesburg en Carolina Rosa van Kaapstad.

Program 4 (Woensdag 7 Maart en Vrydag 9 Maart): Johannesburg se Hazel Acosta, Grayham Davies van die Johannesburgse Dansteater, Robyn Orlin, Debbie Rakusin, en Soentjie Thapedi van die Soyikwa-Dansprojek, Alfred Hinkel van Jazzart en Helgé Janssen van Durban.

Mark Hawkins se "Flitter Blotters II" word net op 2 en 3 Maart om 6nm opgevoer. Dié solovertoning is oorspronklik by die Hong Kong-Randfees op die planke gebring.

Die Randvertonings is op Saterdag 10 Maart every hour on the hour van 10vm tot 6nm in die hoofteater en in die amfieteater te sien.

Susan Abraham, Adam Gordon, Gerhard Briel, Psalm Dlamini, Jits, Saint Kgatte, Junior Makhoere, Eleanor Malan, Alfred Mkhize, die Mngoma-dansgeselskap, Jan Moeya, Johan Mpotoane, Esther Nasser, Faryl Posnik, die Saheti-dansgeselskap, Balu Searl, Dan Sebogodi, Street Beat, Kalinka van Oosten, Jill Waterman, lede van die Johannesburg College of Education en van die Durbanse Musiek- en Ballettrio.



Dawn Langdown en Corinne Shaw van Jazzart



Lede van die Truk-Dansgeselskap saam met die artistieke direkteur, Esther Nasser. Die eietydse choreograaf Robyn Orlin het haar jongste werk "If you can't change the world, change your curtains" vir die geselskap geskep.



# Kindo nou dansmeester

DIE veelsydige danser en choreograaf Christopher Kindo is aangestel as die dansmeester van die Truk-Dansgeselskap. Kindo is 'n Kapenaar en is aan die Universiteit van Kaapstad (die oudste universiteitsballetskool ter wêreld!) opgelei en het 'n jaar lank saam met die Boston-Ballet gedans.

Terug in Suid-Afrika het hy die geselskap Jazzart saam met ander Kaapse dansers gestig. Hier het sy choreografie-loopbaan begin.

In 1982 het hy by Kruik-Ballet aangesluit en in 1985 by die eietydse dansgeselskap, Pace. Dié jaar het hy die Nasionale Choreografie-wedstryd gewen vir sy ballet "Die dans van die reën". As lid van Truk se eietydse dansgeselskap het hy "The Rhythm Divine" en "The Smiths and Other People" gechoreografeer.

Sy twee jongste danse sal onderskeidelik by die Danssambreel en tydens die geselskap se eerste program vir 1990 (28 Maart, Alexander-Teater) te sien wees.

# Wie is die nuwe dansers?

NUWE aanstellings by die Truk-Dansgeselskap is Lucky Diale, Susan Abraham, Aletha Knight en Warren Human.

Diale, wat in Soweto grootgeword het, het sy opleiding by die Federated Union of Black Artists (Fuba) en die London Contemporary Dance School gekry. Sy onderwysers sluit in Robyn Orlin, Adele Blank, Gary Gordon en Sylvia Glasser.

Susan Abraham, 'n boorling van Port Elizabeth, het balletonderrig ontvang by Jennifer Abraham en haar eietydse opleiding by Robert North by die London School of Contemporary Dance. Sy was 'n oorspronklike lid van die Abamanyani-dansgroep, asook van Jazzart en Pace.

Die Kaapse Aletha Knight het saam met die Eoan-groep ballet bestudeer. Haar eietydse onderwysers sluit in Alfred Hinkel, Sharon Friedman, Jennifer Papendorp en Pumlani Dambu. Sy het saam met die Silverleaf Jeuggeselskap, Jazzart en Pace opgetree.

Warren Human het as dertienjarige in Durban sy balletopleiding onder Tracy Hawkins en Gillian Davis begin. Hy was 'n lid van die Durbanse Jeugballet en is later na die UK se balletskool. Hy het daarna vir Kruik-Ballet gedans.

# Drink Suid-Afrikaans, sê Engelsman

**BJ LANKWARDEN (en Colin Parnell) bewys mens kan nie wyn en politiek skei nie.**

Verlede maand het ek 'n paar maaltye geëet saam met Tony Lord, uitgewer van die tydskrif Decanter, waarskynlik die beste Engelse wyntydskrif.

Hy het aan my 'n artikel gewys wat geskryf is deur Colin Parnell, die tydskrif se voorsitter. Dit het my so beïndruk dat ek toestemming gevra het om dit te gebruik.

Soos baie lesers miskien weet, het jy baie moed nodig om in 'n wêreldwye tydskrif te sê mense moet meer Suid-Afrikaanse wyn drink. Hier volg Parnell se artikel:

Last month I happened to be in a small seaside town in Kent and, walking along the street, I noticed in the window of a wine shop, in prime position, a bottle of South African Chenin Blanc. Interesting, I assumed, more people are drinking Cape wines, and gave the matter no further thought.

By chance the following day I received a copy of the 1990 edition of the Which ?Wine Guide. In its 'what to buy' section it lists the wines of many countries, among them India, Israel, Luxembourg, North Africa and even Zimbabwe. But not the wines of South Africa.

The book carries an explanation: 'We are founder members of the International Organisation of Consumer Unions, which is vigorously opposed to discrimination against any group of consumers on grounds of race, creed, gender or nationality. As a matter of moral principle, therefore, we have not included South African wine in the guide and will not do so while the citizens of that country are denied basic human and consumer rights by virtue of their colour.'

The argument strikes me as a flawed one. Indeed, I am always wary when one group of people, consumers in this case, claims to be more moral than others. Self-righteousness is never attractive, least of all when applied to wine which gives non-political pleasure and, thankfully, knows no political boundaries.

Presumably, this 'moral' stance is taken on the grounds that South African wine is made in a country whose government practices apartheid. The 'Consumer Unions' apparently wish to attack that government by creating sanctions against South African wines (and presumably other products). Their stance is not so much 'moral' as political. The guide may be the first politicised wine book. This censorship of a wine country, is a serious development for anyone who believes in free speech and the free flow of good wine.

If it achieves anything, which is doubtful, it will achieve the opposite of what is wanted, which is presumably the freedom of all the people living in South Africa.

References to wine in South Africa in practice means The Cape. The wine makers of The Cape work within the laws of their country: they find themselves living under a regime which many of them are less than enthusiastic about, and which they have quietly tried to improve. Indeed, three leading proprietors have announced a 'Winelands Commitment' setting out minimum working conditions for their employees. These people, who put moral principle into practice without mentioning the term, need our support.

Banning Cape wines will mean lower sales and greater unemployment among blacks, coloureds and whites alike. I cannot see anything usefully 'moral' in this. We need to encourage Cape producers to employ more non-white workers, to train them further and to appoint them to senior management.

Wine lovers should drink more Cape wines, not less, to help the more liberal producers bring about change they want.

Censoring wine countries on moral grounds leads to complications.

If the guide had stated it would not publish information about a country which denied its citizens 'basic human and consumer rights by virtue of their colour and/or beliefs', it might carry more weight. It would be easier to calculate how many angels can perch on the head of a pin than to explain why China, a country which murders its students for wanting democracy and rewrites history, should be included in the guide, while the Cape is not.

We all want change for the better in South Africa, but well-meaning censorship, pretending the Cape does not exist, will not achieve it.





Onder redaksie van KOOS COETZEE

# Checkers, hou jou nektariens!

EK koop dié week na werk 'n klompie nektariens by Checkers in Yeoville. 'n Kaalgatperske is 'n wonderlike ding, en terwyl ek huis toe ry raak ek lus en begin hulle sommer eet.

Die eerste een is redelik smaakloos maar ek eet hom op. Toe ek die tweede een byt proe ek onmiddellik die heerlike soet van 'n lekker nektarien maar die smaak verander in 'n oogwenk. Ek kyk na die perske en sien alles is bruin 'n paar millimeter onder die skil.

Ek probeer die derde een en dis dieselfde storie. Dit is nou die beste wat Checkers kan aanbied, teen 'n baie goeie prys natuurlik. Vrot perskes.

Die gehaltebeheer van groot supermarkte - Pick 'n Pay en OK Bazaars kan ook maar luister - is oor die algemeen swak. Massas goedere word opgekoop teen die laagste pryse en die houding teen die verbruiker is: "Take it or leave it."

Ek onthou 'n sekere Pick 'n Pay-supermark in Kaapstad - in die Tuine-sentrum - waar ek dikwels gewalg het wanneer ek die groente-afdeling instap. Net die plek vir 'n man wat voel hy is te optimisties oor die lewe - stap by hierdie supermark in en jou uitsig op die lewe raak heelwat gryser.

Die soet stank van agteruitgang en verrotting het in die lug gehang - groente en vrugte is dag na dag en week na week uit die koelkamers die winkel binnegedra en met toemaaktyd weer in die koelkamers ingedra.

Baie van daardie wortels was waarskynlik 'n maand in die winkel voordat dit uiteindelik in 'n uiters verlepte vorm aan dom verbruikers verkoop is.

Die logika van sulke supermarkte slaan my stom. Mens kan elke dag vars groente op die mark koop en tog word die goed by die ton gekoop. Vandag koop ons wortels vir 'n maand, môre aartappels vir die volgende twee maande en oormôre kool vir die maand.

Supermark-base kan seker 'n hele paar "goeie" verskonings aanbied. (Eendag bel ek hulle nog maar dis ongelukkig een-uur in die nag.)

Geagte here, as julle enige verskoning het, waarom kan 'n kettingwinkel soos Woolworths gehalte beheer en waarborg? Ek sal julle sê waarom julle dit nie doen nie: julle het nie respek vir die verbruiker nie. Ek het niks daarteen dat julle wil geld maak en teen sanksies en nasionalisering gekant is nie, maar moenie julle aan die verbruiker afvee nie.

Ns. Nou is die tyd om nektarien-sorbet te maak, as jy goeie nektariens (nie by Checkers nie) in die hande kan kry. Miskien is nektariensorbet die lekkerste sorbet wat ek ooit geeet het.

KC

# Kiep se smaak lê in die water

OOR 'n vrieskas kan ek nooit soveel gal afgaan as oor 'n mikrogolfoond nie.

Ek onthou toe ek bitter klein was hoe die boere skaap geslag het en in 'n gaaskas onder 'n boom of in 'n "koeler" - 'n huisie van baksteen en uitgebrande steenkool wat natgespuit word - gehang het om te probeer keer dat dit sleg word. Maar in die somer het dit dikwels nie gehelp nie.

Vandag vries ons doodeenvoudig die vleis wanneer ons skaap, bees of vark slag. Dit is so dat die vriesproses die smaak van enige kossoort verminder, maar party kossoorte se smaak is beter daarteen bestand as ander.

Dit is ietwat van 'n lang aanloop om by aftreksels of boeljons uit te kom. Die punt wat ek wil maak is die volgende: aftreksels kan bevries word en boet min aan smaak in.

Die huisman of huisvrou hoef dus nie elke paar dae aftreksels te kook nie. Doen dit een keer 'n maand of een keer in ses weke en bevries dit in gerieflike porsies in plastiekbakkies. Dit is dus nie veel moeite om aftreksels te kook nie.

Aftreksels moet lank en stadig kook sodat soveel as moontlik van die bestanddele se smaak in die vloeistof uitkook. Dit is waaroor dit gaan: die smáák. As jy aftreksels te vinnig kook, raak dit "murky" (is daar 'n goeie Afrikaanse woord daarvoor?). Skep alle skuim en vet af.

Visaftreksel moet nie langer as 25 minute kook nie maar later meer hieroor.

Vandag begin ons met hoenderaftreksel.

Heelwat resepte sluit 'n naeltjie of twee in maar vergeet asseblief daarvan omdat dit die smaak oordonder.

'n Eenvoudige hoenderaftrekselresep:

'n kg hoender-karkasse, vlerkies, nekke (of 'n klein hoendertjie)
60 g wortels
die wit deel van 'n prei
'n halwe steel seldery
2 huisies knoffel
'n teelepel grofgebreekte swart peperkorrels
geen, maar GEEN sout nie

Plaas die hoenderstukke in 'n groot kastrol en vul omtrent tot bo met water. Verhit tot kookpunt en skep die skuim af. Voeg die res van die bestanddele by en kook 45 minute lank. Moenie dat die aftreksel ophou kook nie. Skep alle vet af.

Gooi deur 'n sif. Laat afkoel en bevries.

'n Hele hoender maak 'n sterker aftreksel en jy kan ook 'n kalfskneukel bygooi om dit sterker te maak.


Mens gooi nie sout by aftreksels nie omdat aftreksels dikwels vir souse gekonsentreer word. Wanneer daar reeds sout by is kan dit hopeloos te sout raak wanneer die volume verminder. Sout moet reg aan die einde by die sous gegooi word.

Skil 'n paar aartappels, sny dit in netjiese skywe en pak dit in 'n vuurvaste bak wat met botter gesmeer is sodat die aartappels hul oorspronklike vorm behou.

Gooi hoenderaftreksel omtrent 'n half-duim diep oor die aartappels en sprinkel die aartappels met sout en 'n bietjie peper. Bedek die bak met foelie en druk in die oond tot gaar. Murgsag met baie smaak.

Ns. Dit lyk asof die reeks oor aftreksels so nimmereindigend soos die reeks oor kookboeke gaan word, maar ek sal dit met ander artikels afwissel. Groetnis.

KC




DIE NATUUR HET REEDS AL MILJOENE JARE GELEDE AL GEWEET WATTER SOORTE WYNE ONS SOU VERBOU.

WIE IS ONS OM TE STRY?

'n Mens sien Boschendal en besef dis pragtig. Maar eers as jy Boschendal se wyne proe, voel jy aan hoe hierdie kontrei se hart klop. Want dis die natuur wat die beste wyn maak — nie die mens nie. Dis ons taak om die volle potensiaal van alles wat Boschendal bied, te verwesenlik. Die klein wingerde. Elkeen met 'n ander grondsoort. En elkeen lewer 'n ander wyn op. Die landgoed teen die agtergrond van die berge. Sy lang, koel namiddae. Volmaak vir die ontwikkeling van subtiele, elegante wyn. En die koue winterdae wat die wingerde laat rus, en karakter ontwikkel. Hier het ons Franse Hugenootvoorvaders hulle gevestig. Met die wete dat goeie wyn verbou word en nie in die kelders gemaak word nie.

BOSCHENDAL

WAAR DIE FRANSE HUGENOTE DIE WYNKULTUUR GEVESTIG HET

01/A

HAAKNAS

# Clapton bewys graffiti verkeerd

CHARLES LEONARD

**Journeyman - Eric Clapton (6)**

Op die hoogtepunt van Eric Clapton se solo-loopbaan, so rondom 1974, het 'n bewonderaar dié beroemde graffiti geskryf: "Eric Clapton is God."

Ek is seker dié persoon moet nou 'n ateïs wees. Sedert dié jaar se fenomenale "461 Ocean Boulevard" het hy nog niks noemenswaardig gedoen nie. Hier en daar die odd blitsie briljantheid, maar verder middelmoot.

Journeyman, wat alreeds verlede jaar (jammer!) verskyn het, kan dié verwer miskien weer rede tot geloof gee.

Toe ek die plaat sien met al sy sterre het ek dadelik hond se gedagtes gekry. Gelukkig is die blaf toe erger as die byt. As jy sien hoe Clapton hond haaraf gemaak het met Lieber & Stroler se klassieke Hound Dog sal jy sien wat ek bedoel.

Dit wemel van mense soos Womack & Womack, Robert Cray, Chaka Khan, George Harrison en nog baie meer.

Hulle dra gelukkig nie die plaat nie en Clapton self laat jou weer glo dat dit hy is wat die rock/blues-volkslied Layla gespeel het.

Die hoogtepunte van die plaat is waar hy saam met Flinke Vingers Cray die kitaarnekke laat praat op Old Love en Before You Accuse Me.

Journeyman is nog ver van 'n meesterstuk af - daarvoor is dit net te glad en oordadig geproduseer. Tog weet jy dat hier 'n man is wat op pad terug is na sy roots toe. Die blues-roots natuurlik.

**Travel Log - JJ Cale (8)**

Hoeveel van ons moes al die wroeging deurstaan deur na 'n eenpersoon-orkessie te moet luister en dat hy of sy oorval word met versoeke van "Play Cocaine, man!". Genoeg om 'n mens tot ongesteldheid te dryf.

In die proses het hulle al vir JJ Cale 'n slegte naam gegee. Hy is mos die komponis van dié ou nommertjie.

Dié 51-jarige seun van Tulsa in Oklahoma het na 5 jaar sy stilte verbreek met Travel Log. Hy is een van daai musikante wat meer beroemdheid verwerf het deur "covers" van sy musiek as deur eie verkope.

Die man wat daarvoor verantwoordelik is, is Eric Clapton, wat benewens Cocaine, ook After Midnight en I'll Make Love To You Anytime opgeneem het en groot treffers daarmee gehad het.

Cale is soos sy musiek: rustig en sonder pretensie.

In 'n onlangse onderhoud met Q-Magazine het die trokdrywer-lookalike vertel dat hy die grootste deel van sy lewe in 'n staat van semi-aftrede verkeer het.

"Toe ek suksesvol geword het, kon ek nie meer gaan visvang nie," vertel hy oor die sukses wat hy met sy 1972-langspeler Naturally gehad het.

"As jy suksesvol word, stroom die geld in en kort daarna moet jy 'n rekenmeester huur, vroeg opstaan en dan het jy 'n dagwerk. 'n Suksesvolle musikant se werk is baie naby aan dié van 'n bankier. Kort nadat dít met my gebeur het, het ek nie meer my lewe geniet nie - al wat ek gedoen het, was werk. Ek glo in geen werk hoegenaamd as ek daarmee kan wegkom nie."

JJ se musiek is steeds soos hyself. Hy het nie honderde sessie-musikante en produksieleiers se hulp gaan inroep om hom te dra nie. Anders as die ander ou bewekop-musikante wat hul gebrek aan talent deur oordonderende truuks probeer verbloem, is dit net eenvoudige, rustige kitaarmusiek met JJ wat sy stories in sy lui fluisterstem vertel.

Dit is musiek om laat in die aand na te luister. Dit is musiek wat verlei en om mee te verlei.

# Lank leef Mandela! Vol is my beursie

CHARLES LEONARD

EWE skielik het Nelson Mandela-koors ook die stembande van Suid-Afrikaanse musikante beetgepak. Elke Jan Rap en sy of haar kitaar bring nou hulde aan die ANC-leier ná sy vrylating.

Baie van hulle is natuurlik stewig op die opportunis-lawaaiwa en probeer vinnig 'n paar duisend of wat uit Madiba se gewildheid maak.

Dít het die South African Musicians Alliance (Sama) gedwing om 'n ordentlike liedjie te komponeer en op te neem. Sama is 'n progressiewe organisasie vir musikante.

Die media-woordvoerder van Sama, Jabu Ngwenya, sê dat baie musikante nooit deel van die demokratiese bevrydingstryd was nie en nou 'n "quick buck" wil maak deur Mandela-liedjies op te neem.


Sama het 'n ad hoc-komitee, bestaande uit Victor Ntoni, Ray Phiri, Jennifer Ferguson en Rashid Lanie, aangestel en hulle koördineer die hele projek. Hulle doen vandag verslag oor die produksie van só 'n liedjie.

Maandag gaan 200 Sama-lede by 'n ateljee in Johannesburg bymekaar kom om te begin skaaf aan die liedjie. Ngwenya sê dat dit in 'n werkswinkel-vorm gedoen gaan word. Almal het stukkies vir die liedjie geskryf en dit gaan dan in een pryslied saamgevoeg word.

Dié lied gaan by 'n verwelkomingskonsert wat op 17 Maart ter ere van Mandela gehou gaan word, uitgevoer word. Dié konsert skakel ineen met soortgelyke internasionaal-beplande konserte.

Ngwenya sê dat daar nog onderhandel word oor die plek waar die konsert gehou gaan word.

# Groot Drum-fotograaf sterf



**Een van Ernest Cole se foto's wat in sy boek House of Bondage gepubliseer is. Dit is geneem na 'n pasboek-inhegtenisname in Johannesburg in die sestigerjare**

CHARLES LEONARD

EEN van Suid-Afrika se grootste swart fotograwe, Ernest Cole, is dié week, skaars 'n maand voor sy vyftigste verjaarsdag in haglike toestande in New York dood.

Cole, wat in die sestigerjare roem verwerf het as een van Drum se fotograwe is aan maagkanker oorlede.

Hy het in 1958 by Drum as fotojoernalis begin en terselftertyd aan 'n boek oor die lewe in Suid-Afrika begin werk. In 1965 het hy besluit om voltyds aan die boek te werk.

'n Jaar later het hy sy foto's gehad, maar amper die foto's sowel as sy vryheid verloor.

Terwyl hy pasboek-inhegtenisnames afgeneem het, het die polisie hóm in hegtenis geneem vir ondervraging. Twee keer tevore het hy weggekom deur vinnige antwoorde wat die polisie tevrede gestel het oor sy foto's. Maar dié keer het hy geweet dat selfs 'n vinnige deursoek van sy werk sal beteken dat sy baie jare van harde werk ongedaan sal wees deurdat sy lêers gekonfiskeer sou word.

Gelukkig is hy weer deur sy flink brein gered. Hy het verduidelik dat hy sy foto's vir 'n storie oor jeugmisdaad onder swart mense geneem het. Die polisie was beïndruk en het aan hom die kans gegee om 'n informant te word. Ernest het gesê dat hy dit sal oordink. Nadat hulle hom laat gaan het, het hy besluit dat dit tóé die tyd is om die land te verlaat.

Hy het 'n paspoort bekom deur 'n groep pelgrims na Lourdes te vergesel. Hy is daarna Londen toe waar sy boek, 'n fotografiese essay, House of Bondage, gepubliseer is.

Cole was een van die eerste Suid-Afrikaanse fotograwe wie se werk in die Londense Sunday Times se Colour Supplement gepubliseer is.

Hy is daarna na Parys en New York. Na ses maande het die lewe van die banneling vir hom te veel geword en hy het begin agteruitgaan.

Ernest kon nie meer werk as fotograaf kry nie. Sedertdien het dit al hoe slegter met hom gegaan en hy is dié week oorlede.

'n Groep vriende probeer geld insamel om sy ma en suster na sy begrafnis te stuur. Skakel David Goldblatt by (011) 728 4241 vir meer inligting.

# Vergeefs op soek na 'n jol

**Elke naweek gaan die legendariese Kaapse digter en musikant ROBIN HAWKINS uit op soek na 'n jol. En soos altyd is die Moederstad bar...**

DIT was die aand ná die groot glimlaggende aankondiging - nogal 'n Saterdagaand - en ek dag die jeug sou jubel. Maar die Kaapse strate was so leeg en gevrek soos altyd. Die volste jol was immers No Friends of Harry by The Playground, en hulle's mos van Joey's, nè.

Daar was die enigste mymerings oor wit en swart maar net 'n kwessie van klere, en die struggle die groot vraag waar die R12 toegangsgeld vandaan kom. Almal het geweet wat om van No Friends te verwag, en dis presies wat baie netjies aan ons opgedis is.

Ná "Well, it's our last night in Cape Town", nie 'n teken van lewe nie. Die klank was egter uitstekend, en dit het hulle ondersteuningsgroep, Attic Muse, beslis gebaat. Vir hulle het ek al voorheen op kampus, met die tradisionele vrot klank-ingenieurs, gehoor en gehaat, maar dié naweek was die dinamiese vierstuk met sterk, onpretensieuse sang van Saffron Balzer en stewige samewerking tussen Anthony Bull op bas en Arnold Vermaak op tromme, beslis die interessantste op die Kaapse spyskaart (en ek was ook vlugtig by Café Royale, net om seker te maak dat Low Down Blues nog net so klink, en by The Base, waar Smoking Brass nog net so tight en net so voorspelbaar soos voorheen was.)

Stuart Crawford-Brown se kitaar het alles heg saamgebind, en sonder die brag-gat houding van die main act het hulle op hul gemak die gehoor gegaps.

Dis altyd vir my lekker om 'n vroulike sing-persoon te sien, wat nie op die een of die ander manier in 'n seksuele stereotipe ingly nie, hetsy "liberated" of seks-objek. Ek sou weer na haar gaan luister... maar teen R12 - waarvan die orkeste sweerlik min sien - miskien ook nie.


dié week by die
MARK-TEATER

MARK-TEATER

Maan - Vry: 8nm. Sa: 6nm & 9nm
CURL UP AND DYE
- deur Susan Pam. Regie deur Lucille Gillwald
"Die besta SA-stuk van die jaar"

UPSTAIRS-TEATER

THE BELLE OF AMHERST- deur William Luce - Regie deur Robert Whitehead. Met Vanessa Cooke
Ma tot Vry: 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm
"Stralend, roerend, innemend"

DIE LAAGER

ANOTHER SIP OF JEREPIGO - Patrick Mynhardt op versoek van die publiek. Ma tot Sa: 8nm

WAREHOUSE BY DIE MARK

SAKHILE LIVE - "n Nuwe album word uitgereik. 28 Feb tot 3 Ma. Di tot Vr: 7.45nm vir 8.30nm. So: 6nm vir 7.30nm.
BLUES AFRICA CAFE - deur Matsemela Manaka "'n Geestelike soektog na Afrikakos" Di tot Sa: 7nm So:6nm vir 7.30nm

KIPPIES BY DIE MARK

Di tot So: 9nm
COUNT JUDGE - 832-1646

MARKGALERYE

Groot Galery
The Jol Series: Skilderye en tekeninge deur Gillian Solomon
Klein Galery - Bitter Harvest: Plaasarbeid in Suid-Afrika. Fotografie deur David Lurie


Telefoon 832-1641

Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040

Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9.00 vm tot 4.00 nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9.00 vm tot 4.00 nm.
Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9.00 vm tot

# Twee deuntjies op dieselfde snaar

**'n Afgetrede Italiaanse kunsprofessor het nou die dag uitgevaar oor die afskuwelike agteruitgang van Italiaanse rolprente. Hy het gepraat na aanleiding van Ettore Scola se " Splendor" en die skuld alles op die post-modernisme gepak. PM, sê hy, is 'n moderne plaag wat kunstenaars toelaat om by almal te leen en steel. Wat kan jy verwag van 'n land met dosyne politieke partye en 250 TV-kanale? Sedert die oplewing van televisie in Italië het die bedryf letterlik ineengestort. Scola, die veteraanregisseur van die briljante "La Famiglia", en die nuweling Guiseppe Tornatore ding mee op dieselfde gebied. HANS WEBB het gaan kyk hoe Tornatore vir Scola uitstof.**




Wat het van dié prente geword?

TWEE uiteenlopende oogpunte deur twee effens verskillende regisseurs uit dieselfde land oor presies dieselfde onderwerp. Dis Ettore Scola en Guiseppe Tornatore met "Splendor" en "Cinema Paradiso" respektiewelik.

Albei films is 'n semi-outobiografiese terugblik op hul eerste liefde - vir die sjarme van die silwerdoek, wat daardie leemtes in 'n alledaagse lewe kon vul, vlees kon gee aan drome, en eie, persoonlike emosies kon verhef tot status van mite in teaters dwarsoor die wêreld. Albei het dit hulle loopbane gemaak.

Verbeel jou 'n ou rolprentteater in die middel van 'n klein Italiaanse dorpie. Kleur dit in met (onder meer) interessante mense, dramatiseer nou 'n bietjie, sleep dit deur 'n paar dekades, en dink terug. Jy het 'n goeie idee waaroor dit gaan.

"Cinema Paradiso" manipuleer die gehoor met 'n oordrewe realisme en 'n slinkse balans van humor en soetsappigheid. Laasgenoemde word redelik goed in toom gehou met goeie spel deur die gesoute Philippe Noiret as Alfredo, die plaaslike projeksionis. 'n Hegte vriendskap onstaan tussen hom en Toto, sy stoute klein aspirant, maar Alfredo word verblind in 'n ongeluk, Toto word groot en hul paadjies moet noodgedwonge uiteen. Alfredo stuur Toto weg stad toe en maan hom om nie terug te kyk nie, nie in te gee vir nostalgie nie.

Ironies genoeg is dit juis wat Toto (oftewel Tornatore) dan doen, miskien as 'n soort self-verdoeming van die tema, 'n visuele retoriek van sy onbedwingbare heimwee om die ou toormag te herroep, sy eerste liefde te herleef en die siklus te voltooi.

Scola, met "Splendor" daarenteen, is minder verbeeldingryk in sy beskrywing van hierdie heimwee, meer obskuur in die motivering van karakters, en slordig in die hantering van tegniek.

Die hoofkarakter, eienaar van 'n teater (gespeel deur Marcello Mastroianni), lewe vir film, maar in 'n passiewe hoedanigheid, as toeskouer. Hy raak vervreemd van realiteite en sien nie die gevare daaraan verbonde nie. Hy klou verbete aan sy fantasieë, totdat die mure om hom begin fluister en 'n aanvanklike stormloop van geesdriftiges begin stadig maar seker swig voor die aanslag van televisie.

Sy projeksionis hou vol dat dinge sal regkom, maar die skuld laai op. Bewus van sy obsessie met die glorie van film, word hy slagoffer van sy eie onsekerheid en weier steeds om sy lot in eie hande te neem. Hy staan hulpeloos en toekyk hoe sy eens romantiese verhouding met sy werk en sy vrou ontgoël en sy lewe se ligte gedoof word. Hy hendsop uiteindelik voor sy dubbelloop-argwaan van selfbejammering en die besigheid sterf 'n verleë dood, ná 'n lang lyding - ekskuus, dis voordat 'n desperate Scola besluit om alles te dwarsboom.

Die slot bedel eers om die simpatie van die kyker, wat ek toe alte graag afstaan, en keer toe sy hoed om op die sypaadjie?... ek weet nie - miskien is ek te krities. Maar ek moes betáál om dit te sien, so dis nie asof ek nie probeer het om waarde uit my geld te put nie. Ernstig nou, as jy moet kies, sien "Cinema Paradiso" - effe sentimenteel of te not, dis strate beter.

*Hans Webb is die regisseur van die rolprent "The Great Pretender".*

# Die dood skenk lewe

**THE BELLE OF AMHERST**
**Regie deur Robert Whitehead**
**Upstairs by die Mark-Teater**

**RANDY LE ROUX**

DIT was net haar dood wat lewe geskenk het aan die gedigte van Emily Dickinson. En terwyl "The Belle of Amherst" dele van daardie manjefieke erfenis vasvang, is die stuk se hoofvoordeel die beliggaming van Dickinson die vrou, die oënskynlik beskeie oujongnooi, wat sekerlik Amherst se *bel esprit* was.

Hier sien ons hoe Dickinson die beperkinge van 19de eeuse Massachusetts afskud. Toe Emily vir haarself stimulasie, belangstelling, lig en lewe skep, het provinsiale sedes gesorg dat sy as 'n kuriositeit behandel word. Of dit in 'n stoute aanmerking oor die dorpsmense, 'n ondeunde nota aan bure of die voordrag van 'n resep vir vrugtekoek is, is Dickinson innemend, insigryk en heldersiende.

Helderheid is die handelsmerk van die dramaturg William Luce se teks. Luce, die skrywer van "Lillian", is 'n Dickinson-kenner en gaan voortreflik te werk met die herskepping van Dickinson se lewe van groot en klein plesiere en voorgevoelens.

Om reg te laat geskied aan Dickinson en Luce vereis bekoorlike spel, en Vanessa Cooke verskaf dit in 'n aanloklike, meesleurende vertoning. Haar spel hier oortref selfs haar vertolking van Elizabeth Barrett Browning. Robert Whitehead se regie en 'n elegante dekorstel deur Patrick Noome kompleteer die produksie se genot.

TRUK TONEEL

MARY STUART
*'n Geskiedenis van passie en mag*
regie: FRANCOIS SWART
met: **Shirley Johnston, Jacqui Singer, Nomsa Nene, Nomhle Nkonyeni**
Dalro, Windybrow - tot 3 Mrt

KOUE OORLOG
'n Boeiende produksie deur ILSE VAN HEMERT
met: **James Borthwick, Grethe Fox, Tertius Meintjes**
Adcock-Ingram, Windybrow - tot 24 Feb
Momentum, Staatsteater Pta: 1 - 24 Mrt

MACBETH
regie: DIETER REIBLE
met: **Graham Hopkins, Sandra Prinsloo, Jonathan Rands, Mitzi Booysen**
Alexander-teater, Jhb: 20 Feb - 17 Mrt

PAMMA REDS

**787-7987/4**

**ONDER**

**Silver Creek Mountain Band**

**BO**

**Vry & Sa: Band of Gypsies**

**BISTRO, KROEG EN BILJARTKAMER**
**Crossroads-sentrum, Hendrik Verwoerd-rylaan, Randburg**
**787-7987/4**

# Die ondergang van Pop Art

**POPDRUKKE IN DIE SEWENTIGERJARE**
**Johannesburgse Kunsmuseum**

**JOHAN BRUWER**

DIE oorspronklike idee agter Pop Art was min of meer om die kuns uit kuns te haal. Die "Pop drukke in die sewentigerjare" wat nou in die Johannesburgse Kunsmuseum vertoon word, kan eintlik "post-pop" genoem word, want verskeie van dié werke begin die kuns weer terugplaas in kuns.

Kan 'n mens, byvoorbeeld, Claes Oldenburg se litografie "Arched Soft Screw as Building" steeds Pop Art noem? Die onderwerp, 'n skroef, is wel 'n alledaagse fabriekproduk, soos Andy Warhol se sopblikke of Coke-bottels uit Pop Art se bloeityd, die jare sestig.

Maar waar Warhol, die hoëpriester van Pop, die meganiese reproduksie van die verbruikersvoorwerp doelbewus beklemtoon het deur 'n subjektiewe vertolking en 'n persoonlike visuele handskrif in sy afbeeldings te vermy, gebruik Oldenburg in sy druk van 1976 die skroef as 'n meervlakkige metafoor. Dit suggereer nie net 'n toringgebou nie, maar ook 'n fallus. (Dalk ook impotensie, want dié tottie hang slap).

En waar die vroeë Pop Art die plat kleurvlak en meganies eweredige lyne van die kommersiële kuns beklemtoon het, gebruik Oldenburg in 1976 weer 'n ekspressiewe, gebroke lyn om 'n aggressiewe, emosioneel gespanne stemming aan sy beeld te gee. Sy skroef staan uiteindelik nader aan die Ekspressionisme en selfs die Surrealisme as aan Pop Art.

'n Derglike terugkeer na emosionele betrokkenheid by die onderwerp, na 'n subjektiewe vertolking daarvan, is ook te sien in die Brit Peter Blake se reeks simpatieke uitbeeldings van sirkusfratse, "Side Show" (1974-'78), en Allen Jones se "Black Feat" (1976), wat soos Oldenburg se skroef weerklanke van sowel die Surrealisme en die Ekspressionisme vertoon.

Ook Jim Dine se Paintbrush-reeks van 1973 benut 'n digterlik ekspressiewe lyngebruik om 'n emosionele stemming te skep: dié verfkwasse is nie meer blote objekte nie, maar wek die indruk van vreemde, lewende organismes.

Dine se "Wall Chart II" (1974) beweeg selfs verder weg van die konsep Pop Art. Waar Pop Art die (doelbewus banale) figuratiewe beeld teruggebring het uit opstand teen die (verhewe, pretensieuse) nie-figuratiewe "geestesenergie" van die Abstrakte Ekspressionisme, keer Dine in dié werk terug na die Abstrakte Ekspressionisme se klem op die visuele handskrif. (Die "Pop" element in dié werk is die niksseggende woorde wat oor die kleurvlakke geskryf is - 'n ontkenning van rasionele betekenis wat Pop Art se intellektuele verbintenis met Dadaïsme uitwys.)

Maar was daar ooit iets soos "suiwer" Pop Art? Dis moeilik om dié beweging in visuele terme te omskryf omdat dit geen stylrigting was nie, maar 'n intellektuele denkrigting. Dis in die ikonoklastiese konsep agter Pop Art dat sy betekenis lê; nie soseer in die visuele bekoring van Warhol se sopblik wat die publiek geskud het nie, maar die idee dat hy so 'n banale objek die onderwerp van 'n kunswerk kon maak.)

Pop Art het nie die beeldende kuns gebruik om kommentaar te lewer op die werklikheid nie. Dit het die werklikheid (die banale verbruikerskultuur) gebruik om kommentaar te lewer op kuns. Die bepaalde teiken van spot was die Abstrakte Ekspressionisme. Pop Art het, straks heel geldig, die emosionele opregtheid van dié stylrigting bevraagteken.

Dui die ruimtelike intensiteit van die Abstrakte Ekspressionisme werklik op 'n ooreenstemmende emosionele intensiteit? Of was die navolgers van Pollock besig om "verhewe" gevoelens kunsmatig te simuleer met hul onderwerplose spatsels en teksture? (Soos 'n prostituut ekstase kan simuleer?)

Teenoor die Abstrakte Ekspressionisme se styl sonder 'n herkenbare werklikheid het Pop Art 'n herkenbare werklikheid sonder styl geplaas. Die boodskap sonder konkrete tekens is vervang deur tekens sonder 'n konkrete boodskap. (Juis die gebrek aan 'n "boodskap" was Pop Art se betekenis.)

Pop Art se dilemma was dat só 'n denkrigting eintlik net 'n eenmalige stelling kon maak - want met die stelling wat Pop Art gemaak het, het hy sy eie bestaansreg gekanselleer. As die kunstenaar die geldigheid van 'n persoonlike vertolking ontken, ontken hy die funksie van die kunstenaar. (Waarom moet 'n mens Andy Warhol se weergawe van 'n sopblik koop as jy die oorspronklike goedkoper in jou supermark kan kry?)

Richard Hamilton se "I'm Dreaming of a Black Christmas" (1971) som die dilemma op. Die beeld kombineer meganiese afbeelding ('n rolprentnegatief uit Bing Crosby se prent "Holiday Inn") met 'n persoonlike kunsstenaarskandskrif (kleurhale wat losweg oor die fotografiese beeld geplaas is sonder dat die beeld daardeur meer "ekspressief" word.)

"Pop drukke in die sewentigerjare" illustreer nie soseer meer die bloeityd van Pop Art nie, as die ondergang daarvan.

Die eklektiese benadering wat uit heelparty van die drukke spreek - die vermenging van ekspressiewe en dekoratiewe elemente - maak dit ook duidelik dat Pop Art, wat die verheffing van 'n bepaalde, samehangende stylrigting (bv. Abstrakte Ekspressionisme) tot die maatstaf vir alle kunstenaars afgewys het, die beginpunt was van postmodernisme in die beeldende kunste.

Die konsep van die kunstenaar as elite-genie wie se styl soos 'n ideologie bekeerlinge en aanhangers kry, is dood. Nowadays anything goes.

Jameson's
95A COMMISSIONER ST. JHB

Vry, Sat, Son
Di, Wo Do

THE SPECTRES

Tel: 836-6002/838-1769

# Oor kugels en konsentrasiekampe

**MAX DU PREEZ**

EK is nie 'n filmresensent nie. Ek wil ook nie een wees nie, want ek geniet dit te veel om te fliek.

Ek hou ook nie van filmresensente nie. Ek dink hulle is pretensieuse japsnoete wat agteraf in hul spaar tyd boeke lees oor hoe films rêrig geresenseer moet word. Hulle sal dit nie maklik waag om 'n film te resenseer as hulle nie eers gelees het wat Amerikaanse en Britse resensente daarvan gesê het nie.

En elke dag kompeteer hulle soos Sandtonse kugels in 'n haarsalon oor wie die pittigste 'n regisseur as 'n inkompetente infantiel kan afmaak, of die hoogdrawendste phoney klomp drek as donker en diep en groots kan ophemel. Partykeer herinner hulle my aan die blou-apies wat agter hul tralies in die Johannesburgse dieretuin voor die mense sit en masturbeer.

Sover my credentials. (Siestog, hoor ek die filmresensente sê. Die man is 'n kulturele Filistyn en van kuns weet hy so min soos die Kappiekommando van multiple orgasms.)

Soos ek gesê het, is ek iemand wat nogal graag gaan fliek. Dit prikkel my verstand en my verbeelding en vermaak my. 'n Goeie film is vir my net so 'n intelligente tydverdryf as lees.

Toe lees ek die naweek twee resensies van "That Englishwoman", die film oor Emily Hobhouse: deur Andrea Vinassa in The Star en Fabius Burger (Fabius Wie?) in die Weekly Mail.

Dit het al my vooroordele teenoor filmresensente bevestig. En nou voel ek soos iemand wat sy lewe lank teen apartheid baklei en in die buiteland kom en die oordrewe, simplistiese veroordelings van die Suid-Afrikaanse gemeenskap probeer beveg - en uiteindelik uitgemaak word as iemand wat apartheid aanhang.

Want Dirk de Villiers se "That Englishwoman" is nie 'n goeie film nie.

Ewenwel, ek besluit toe ek wil "That Englishwoman" gaan sien en my mening daaroor op skrif stel. Maar dit gaan meer oor die inhoud van die film as oor hoe goed of sleg dit gemaak is en hoe goed of sleg die spel is. Ons durf nie filmresensente laat wegkom daarmee om sweeping statements oor 'n historiese film van dié aard te maak in die naam van kundigheid oor die kuns van filmmaak nie.

Ek weet terloops nogal baie van die Engelse Oorlog of die Vryheidsoorlog soos ons dit in die Vrystaat genoem het, én van Emily Hobhouse wat een van die grootste heldefigure in my Kroonstadse kindergemoed was, én van die konsentrasiekampe waarin my oumas en groottantes ook aangehou is. Om die waarheid te sê, ek kan verskeie emosionele besoeke aan die konsentrasiekampkerkhof buite Kroonstad goed onthou.

Ekskuus: nóg credentials. Netnou sê iemand ek is ook nie eerlik nie. Ek is 'n Afrikaner wat heeltemal vrede het met my etniese identiteit. Die feit dat ek my skaar by die stryd teen apartheid en wit minderheidsregering en die hegemonie van Afrikaner-nasionalisme, maak geen afbreek daaraan nie. Ook nie daaraan dat ek trots is op groot dele van my voorsate se geskiedenis nie - en dit sluit veral die Engelse Oorlog in.

(Selfs Nelson Mandela het dié week in 'n onderhoud liries uitgebrei oor die trotsheid van die Afrikaner se vroeë geskiedenis.)

Die eerste deel van die film is nogal vervelig. 'n Oppervlakkige klomp flitse van Hobhouse (Veronica Lang) as 'n vreeslike uptight Engelse dominee se wasagtige, virginale dogter met valletjies en 'n alewige engelglimlag. Pure Mary Poppins; ek het gesit en wonder of só 'n mens ook 'n wind kan laat en of sy ooit toilet toe gaan.

Toe sy tydens haar evangelisasiewerk onder Amerikaanse myners deur 'n hoer in die modder platgeslaan word, het ek - ek, wat haar as 'n volksheld beskou - nogal gevoel dit kan haar net goed doen.

Maar dan kom die vleis van die fliek as sy in Suid-Afrika aankom en haar eerste konsentrasiekamp besoek.

Die tonele van ou tantes en jong kinders by die wit tente agter doringdraad was vir my eg, oortuigend en diep ontroerend. Om die waarheid te sê, dit het my tot trane beweeg.

Dit is hier waar Vinassa en Burger se sinisme en sarkasme my sterk aanstoot gegee het.

Altesame 27 927 Afrikaners het in die konsentrasiekampe gesterf - 4 177 vroue, 22 074 kinders onder 16. Daar is net een woord voor: volksmoord. Relatief tot die klein getalle van die Afrikaner in die Transvaal en Vrystaat rondom die eeuwending, was dit een van die ernstigste pogroms in die moderne geskiedenis.

Hoe het dit gebeur dat dié tragedie die onderwerp van grappe geword het? Hoe verklaar 'n mens dat net verregse Afrikaner-nasionaliste veronderstel is om dié gebeure met deernis en respek te onthou? Hoekom is dit dan nie die geval met die volksmoord op die Jode in Nazi-Duitsland nie?

Sir Henry Campbell-Bannerman het op 4 Junie 1904 in Londen gesê: "When is a war not a war? When it is carried on by methods of barbarism in South Africa."

Sir Neville Henderson, die Britse ambassadeur in Berlyn voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, het die storie vertel dat toe hy teenoor Hermann Goering oor die konsentrasiekampe in Duitsland gekla het, Goering 'n Duitse ensiklopedie uitgehaal het en by "konzentrationslager" oopgeslaan het. Dit lees: "Die eerste keer gebruik deur die Britte in die Suid-Afrikaanse Oorlog."



Veronica Lang as Emily Hobhouse in "That Englishwoman"

Kom ons keer terug na ons geleerde resensente.

Vinassa skryf oor die "much anti-British pontificating" en sê onder meer: "The Afrikaners are portrayed as such a surly, pathetic lot that letting them die in a camp would seem to be an act of euthanasia rather than genocide." Wat het sy verwag - die mense wat 'n mens in 'n Mainstay-advertensie sien? Wat met dié mense in die kampe gebeur het, saam met die brutale "scorched earth"-beleid van die Britte, was die belangrikste oorsaak daarvan dat die vindingryke, onortodokse Boere-krygers die oorlog teen 'n halfmiljoen soldate van die magtige Britse Ryk verloor het - en daarna in 'n armoede gedompel het wat tot in vandag se houdings van Afrikaners gesien kan word.

Burger skryf die film is "deursigtige propaganda": "Its value now is ironic, a nostalgic memento of bedrock sentiment for reactionary Afrikaners, the die-hards and conservatives, who won't accept political change. The film is in English, but it's really an Afrikaans movie, the sort of propaganda made in the early days of the local industry to stir up national feelings in the Afrikaner. Today, this sort of thing looks very silly."

Nee, kameraad Burger, jy is die een wat silly lyk. Baie, baie silly. Want ek weet jy sal nie vandag die spot dryf met 'n film oor die polisiemoord op Steve Biko nie, of oor die Sharpeville-bloedbad nie, of oor die moord op ses miljoen Jode nie.

Ek dink jou hanskakie-onderrok hang baie ver uit.

Kom ons hou ons Boere-bashing by wat sedert 1948 gebeur het, toe hierdie getraumatiseerde stam begin het om aan ander te doen wat aan hulle gedoen is, en meer. Subtiele verwysing hierna, veral aan die einde van die film, het die meeste resensente verbygegaan.

'n Laaste gedagte: Dit maak my heel moedeloos dat die films wat van spesiale oomblikke in ons geskiedenis gemaak is, so swak is. Soos "Cry Freedom" en "That Englishwoman". Want nou kan daar vir baie jare wat voorlê nie weer van dié onderwerpe films gemaak word nie.

Wie gaan ons daarvan red?

Naskrif: Ons kan seker nie vir Dirk de Villiers kwalik neem dat Hobhouse haar nie veel gesteur het aan die feit dat daar so baie swartmense - 37 472 in Julie 1901 - in die konsentrasiekampe was en dat sowat 13 300 van hulle daar gesterf het nie. Maar enige film oor die konsentrasiekampe het dié perspektief nodig.

***(Die menings wat deur medewerkers in Vrydag! uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die kunsredaksie nie.)***

# Hou my vas, korporaal




**VICTOR MUNNIK**

HEI sjoe. Daar is ons generaal op die skerm en hy sê hy het nooit opdrag gegee om mense te laat vermoor nie.

Ja-nee.

'n Aand of twee voor die skielike ontboeseming swaai 'n ou oom die leë kop van 'n veldheer rond. Dis 'n bierbeker van 'n generaal, en die oom praat oor Magersfontein - ja daai Magersfontein waar soveel dinge in die reën gebeur het.

Sê die oom: "Dit was nie maklik nie. Ons het net daar gelê. So elke nou en dan word 'n man doodgeskiet."

Moeg van die gevaarlike gelê het hy later in 'n huis naby die Boere ingekruip. En wat sien hy? "Op die kombuistafel lê 'n man. Dood. 'n Gat in sy maag geskiet."

Dié Kakie het ook vertel van 'n Boer wat hom in die visier gehad het, maar nie geskiet het nie. Die Boer sal weet wie hy is.

### Engelse

Terwyl die Engelse nou hulle kant van die saak stel, hemel hulle sommer ook vir Emily Hobhouse, destydse verraaierverpleegster, op. Maar is dit nou nodig om te sê sy het ons Boerevoorouers kom higiëne leer? (Of is dit dalk om weg te steek dat die Engelse die Boere geleer het van forced removals?)

### So ver moontlik

Die klein wieletjies draai maar die grotes draai nie.

Terwyl ons eie hitsquad so genadeloos gejag word, tjeer ons elke week vir MacGyver van die Phoenix Foundation, 'n front van die CIA.

Laaskeer was die handige MacGyver in Afrika, op die spoor van 'n gewetenlose man - nogal 'n Suid-Afrikaner, ene Anton de Bruin - wat eiehandig vyf spesies tot op die rand van uitsterwe gebring het.

Die week daarna dreun MacGyver die Nazi's op wat van Kalifornië 'n wit tuisland wil maak. (Dit het seker niks te doen met die gesukkel om vrede in Palestina te kry nie.)

MacGyver gebruik nooit 'n vuurwapen nie. Maar sy president het anderaand self in 'n verglipte woordjie gesê waaroor die dwelmoorlog in Suid-Amerika gaan, noudat daar nie eintlik meer kommuniste is nie.

Hy het gesê die Amerikaners sal so ver moontlik van militêre mag gebruik maak teen die dwelmsmokkelaars, en toe 'n bietjie gehoes en gesê nee hy meen so ver nodig. (So ver nodig om die Amerikaanse wapenstryd te red?)

### Maak oop

So van ons vriende daar ver gepraat, hoekom mis ons die verkiesing in Nicaragua? Ek lees in die Engelse pers die digter-regering van Nicaragua veg verkiesing in hip jeans en met ruk en rol, jaa! Wanneer sien ons dit op ons mensliewende en demokratiese nuwe TV?

Nie dat die SAUK alles oornag gaan regkry nie.

Want die komende privatisering van die Vervoerdienste bied hulle sonder 'n woord ongunstige kommentaar aan. Al het oom Nelson, op sy oortuigende manier, gesê privatisering is net 'n wit triek om te keer dat swartes 'n aandeel kry in die rykdom van die land.

Dalk so moeilik dat ons mense nie net moet aanhou pleit vir toegewings hier en daar nie. Nee, maak die lug oop, sodat enigeen kan uitsaai, soos in Nederland of soos in Spanje ná Franco.

En soos in SA ná PW, kan 'n mens maar sê.

### Mensliewend

Mensliewendste program van die week: Kamers met sy kamers vol goetertjies. Dis nou oor Limpie Basson se tafels vol Dinkie Toys, en die vroumens wat gesê het sy dank elke oggend die Here oor haar huis vir haar so mooi is, en oor sy die heeldag lank daar kan sit en haar goete bewonder.

# 'Koue oorlog' betower

**KOUE OORLOG**
**Met Grethe Fox, Tertius Meintjies, James Borthwick**
**Regie: Ilse van Hemert**
**Adcock-Ingram, Windybrow**

**ANDREA VINASSA**

**AL dra 'n aap 'n goue ring... Ilse van Hemert is 'n regisseur wat weet hoe om vir 'n aap 'n goue ring aan te sit en van dié aap 'n mooi ding te maak. Jozef van Hoeck se teks vir "Koue oorlog" is by plekke papierdun, maar Van Hemert span elkeen van haar vele talente in om 'n rare en roerende teaterervaring, met die klem op téáter, op te tower.**

**Die stuk is gegrond op die lewe van die atoomfisikus Klaus Fuchs, wat van hoogverraad aangekla is ná hy atoomgeheime aan die Russe gegee het. Hier is 'n man, sê Fuchs, wat die wêreld van totale verwoesting gered het deur ewewigte weeg te bring in die wapenstryd, en vir sy humanistiese moeite word hy uitgewis.**

**'n Suiwer naturalistiese drama tussen Ilse en Stefan word gejukstaponeer met stilistiese spel van Borthwick as 'n soort Charlie Chaplin wat orals in sy bolhoed opduik, as 'n fascistiese Britse kroegman, as 'n Russiese beroepspioen, 'n polisieman, 'n dokter, 'n regter en ander verteenwoordigers van die "stelsel" vir wie idealisme nie 'n opsie is nie.**

**Van Hemert verleen 'n inskiklike glans aan die oppervlakte. Die wrangheid en die weemoedigheid van die verhaal word kort-kort opgekikker en ondermyn deur die humoristiese tussenspeletjies waarin Van Hoeck sy vrae oor moraliteit en menslikheid vra en sy aanklagte maak oor die onverskilligheid van die geskiedenis teenoor die klein mens.**

**Daar is 'n soort meedoënlose onvermydelikheid aan die gebeure waarteen Van Hemert as regisseur moet veg. Sy wen nie elke skermutseling nie. Maar die groot geveg om my deurentyd te boei, dié het sy gewen.**

**(Kyk op bladsy 11 vir 'n onderhoud met Grethe Fox.)**

# TEATER

## JOHANNESBURG

By die **Alexander-Teater** in Braamfontein kan William Shakespeare se MACBETH elke aand om 8-uur gesien word. Met Graham Hopkins en Sandra Prinsloo.

WHAT A WONDERFUL WORLD, 'n opvoering wat hulde bring aan onder andere Louis Armstrong, Sammy Davis en Nat King Cole is by die **Prima Donna teater/ restaurant** te sien.

Susan Pam se CURL UP AND DYE is elke aand om 8-uur by die **Mark-teater** te sien. Saterdae om 6 en 9nm.

By die Dalro-teater, **Windybrow** is TRUK se MARY STUART met Shirley Johnston en Jacqui Singer tans aan die gang. Elke aand om 8-uur.

Vanessa Cooke kan in THE BELLE OF AMHERST by die **Mark** se **Upstairs-teater** om 8nm gesien word.

Pieter-Dirk Uys se 'National Party bizarre' A KISS ON YOUR KOEKSISTER is te sien by die **Markteater** se **Warehouse**. Dinsdae tot Saterdae om 8.30nm en Sondae om 7.30nm. Ook: Saterdaemiddae om 3-uur.

TITBITS is 'n nuwe komedie wat by die **Victory** in Orange Grove aan die gang is. Met Clive Scott, Melody O'Brian en Jenny De Lenta. Maandae tot Vrydae om 8nm en Saterdae om 6 en 9nm.

Patrick Mynhardt is in ANOTHER SIP OF JEREPIGO by die **Laager, Mark-Teater** te sien. Elke aand om 8-uur.

Pieter Toerien: AIN'T MISBEHAVIN' met Sam Marais en Natalia Da Rocha by die **André Huguenet**.

JO'BURG FOLLIES met Malcolm Terry, Jonathan Taylor, Odile Rault en Keavin Feather is by die **Leonard Rayne** te sien.

WHODUNNIT, 'n komedie met Tobie Cronje is by die Alhambra te sien.

By die **Adcock Ingram-Teater, Windybrow** is Ilse van Hemert se vindingryke produksie van KOUE OORLOG te sien. Met James Borthwick, Tertius Meintjies en Grethe Fox.

## KAAPSTAD

**Baxter-Teater**, Mainstraat: IPI TOMBI THE WARRIOR kan tot 3 Maart in die Hoofteater gesien word.

In die **Studio** is Robert Kirby se HOUT CUISINE tot 24 Maart aan die gang.

**Nico Malan**, Strandgebied: In die Teater is EK ONTHOU VIR MAMMA met Joey de Koker en Kobus Loubser.

In die **Arena** is Ballet Boutique. MY FAIR LADY open 2 Maart in die Operahuis.

**Mynardville Opelugteater**: Shakespeare se MUCH ADO ABOUT NOTHING met Bo Petersen en Peter Butler is tot 24 Februarie te sien.

## Die ADK vier fees

**Die Akademie van Dramakuns vier van vandag 'n week lank hul vyftigste bestaansjaar met 'n opvoering van John van Druten se drama "Ek Onthou vir Mamma". Fred le Roux het die stuk in Afrikaans vertaal. Suzanne van Wyk en Gerard Scholtz het die regie behartig. Tilla Diedericks, Kobus Loubser, Muriel Roux, Jeannine Badenhorst en Michelle Baird speel van die hoofrolle.** Hoewel die stuk in die Nico Malan op die planke gebring word, speel die stuk in 1910 in San Francisco af.

## Kulturele werkers kom byeen

SPELERS, regisseurs, skrywers, tegnici, verhoogbestuurders, onderwysers en ander kulturele werkers word Sondag genooi na 'n vergadering wat saamgeroep is deur die Tussentydse Komitee van die Teater-Alliansie.
Tyd: 11vm
Plek: Funda-sentrum
Bel vir Irene by 833-2530, Mark by 836-6499 of Ramalao by 980-6771 vir meer inligting.



**Martin le Maitre en Bill Curry in "Macbeth" wat nou in die Alexander-Teater te sien is. Die produksie word volgende week geresenseer.**


NU METRO THEATRES
NOW SHOWING 23 Feb-1 March. BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO CITY 1-8 (Formerly Ster City) Cnr. CLAIM/PLEIN ST. 337-3033/23-5871 Safe parking at Jack Mincer
AN INNOCENT MAN — Tom Selleck (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SHIRLEY VALENTINE — Pauline Collins, Tom Conti (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE MIGHTY QUINN — Denzil Washington, James Fox (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ACTION JACKSON — Craig T. Nelson, Vanity (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THAT ENGLISHWOMAN — Veronica Lang, James White (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HOMEBOY — Mickey Rourke, Christopher Walker (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LEAN ON ME — Morgan Freeman, Robert Guillaume (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SEA OF LOVE — Al Pacino, Ellen Barkin (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

HYDE PARK METRO 447-3091
SEA OF LOVE — Al Pacino, Ellen Barkin (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MYSTIC PIZZA — William R. Moses, Julia Roberts (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BALFOUR PARK METRO 887-8548
SHIRLEY VALENTINE — Pauline Collins, Tom Conti (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LEAN ON ME — Morgan Freeman, Robert Guillaume (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

ALBERTON METRO 907-2362
SHIRLEY VALENTINE — Pauline Collins, Tom Conti (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MYSTIC PIZZA — William R. Moses, Julia Roberts (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

LEBA KLERKSDORP (018) 24564
RETURN FROM THE RIVER KWAI — Edward Fox, Denholm Elliot (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ACTION JACKSON — Craig T. Nelson, Vanity (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
SHIRLEY VALENTINE — Pauline Collins, Tom Conti (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LEAN ON ME — Morgan Freeman, Robert Guillaume (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 SEA OF LOVE — Al Pacino, Ellen Barkin (2-18) MON-FRI: 6.00, 8.30. SAT: 2.30, 6.00, 8.30
150 RED SCORPION — Dolph Lundgren, Al White (2-14) MON-FRI: 6.00, 8.30. SAT: 2.30, 6.00, 8.30

HILLBROW METRO 724-2511 1-7 (Parking in basement)
SHIRLEY VALENTINE — Pauline Collins, Tom Conti (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ACTION JACKSON — Craig T. Nelson, Vanity (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LEAN ON ME — Morgan Freeman, Robert Guillaume (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE MIGHTY QUINN — Denzil Washington, James Fox (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HOMEBOY — Mickey Rourke, Christopher Walker (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
RED SCORPION — Dolph Lundgren, Al White (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SEA OF LOVE — Al Pacino, Ellen Barkin (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BEDFORDVIEW METRO 616-6828 1-6
AN INNOCENT MAN — Tom Selleck (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SEA OF LOVE — Al Pacino, Ellen Barkin (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THAT ENGLISHWOMAN — Veronica Lang, James White (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
TURNER & HOOCH — Tom Hanks, Mare Winningham (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MYSTIC PIZZA — William R. Moses, Julia Roberts (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LEAN ON ME — Morgan Freeman, Robert Guillaume (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

RANDBURG METRO 787-0340
THE MIGHTY QUINN — Denzil Washington, James Fox (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

7 ARTS NORWOOD 483-1680
RED KISS — Lambert Wilson, Charlotte Valandrey (2-16) DAILY: 2.30, 5.30, 7.45, 10.00

SHARE THEATRES 494-1137 1-8 ALL ADMISSIONS R2,50
RED SCORPION — Dolph Lundgren, Al White (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ACTION JACKSON — Craig T. Nelson, Vanity (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SHAOLIN KUNG FU MASTER — Dong Woung (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
RETURN FROM THE RIVER KWAI — Edward Fox, Denholm Elliot (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SEA OF LOVE — Al Pacino, Ellen Barkin (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
TURNER & HOOCH — Tom Hanks, Mare Winningham (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
COBRA MISSION II — Brent Huff (2-10) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
DOG TAGS — James Bruner (4-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MEGACITY METRO MMABATHO (0140) 2-3553
1 SEA OF LOVE — Al Pacino, Ellen Barkin (2-18)
2 ACTION JACKSON — Craig T. Nelson, Vanity (2-18)
3 TURNER & HOOCH — Tom Hanks, Mare Winningham (A)
4 RED SCORPION — Dolph Lundgren, Al White (2-14)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 SUNDAY: 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.00

CINE MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830
NOW SHOWING: Tcheky Karyo, Jack Wallace THE BEAR Adventure (PG2-8)



NU METRO THEATRES PRETORIA
Now Showing 23 Feb-1 March.

OSCAR 341-7682 Jeppe Street, Sunnyside
THAT ENGLISHWOMAN — Warm Human Drama (A) Veronica Lang, James White DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

METRO 44-9867 Esselen Street, Sunnyside
SEA OF LOVE — Romantic Thriller (2-18) Al Pacino, Ellen Barkin DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

VILLAGE 44-6096
1 MYSTIC PIZZA — A Romantic Comedy (2-16) William R. Moses, Julia Roberts DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 FEB 23 9.45 am SOLD OUT
2 Cookie — Comedy (2-16) Peter Falk, Dianne Wiest DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MENLYNPARK 47-4568/348-8611 Atterbury Rd., Menlyn Park
1 Shirley Valentine — Oscar Nomination: Best Actress (2-16) Pauline Collins, Tom Conti DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 THAT ENGLISHWOMAN — Warm Human Drama (A) Veronica Lang, James White DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 SEA OF LOVE — Romantic Thriller (2-18) Al Pacino, Ellen Barkin DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 SEA OF LOVE — Romantic Thriller (2-18) Al Pacino, Ellen Barkin MON-FRI: 6.00, 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30
150 Red Scorpion — Action (2-14) Dolph Lundgren, Al White MON-FRI: 6.00, 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30

NELSPRUIT METRO The Promenade (01311) 25767
1 Young Einstein — Comedy (A) Yahoo Serious, Adile Le Clezio DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 TWO MOON JUNCTION — A sexy drama- for adults only (2-19) Sherilyn Fenn, Richard Tyson DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
You're Famous — The funniest comedy of the year (2-12) Alan D. Woolf, Nadia Bilchik DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BOOK AT COMPUTICKET


# MUSIEK

## JOHANNESBURG

**Jameson's Bar**, Commissionerstraat: Een van die laaste buiteposte van "live 'n local" musiek. Wye verskeidenheid van mbaqanga tot rock. Jazz saam met Saterdagmiddagete; geen toegangsgeld. Jazz elke dag van 12 tot 2nm en Saterdae van 2 tot 6nm. THE SPECTRES is miskien, miskien nie vanaand en Saterdagaand hier.

**Roxy Rhythm Bar**, Mainstraat, Melville: Vanaand: AFRICAN JAZZ PIONEERS. Saterdag: LARRY AMOS AND THE NAUGHTY BOYS. Maandag: GREEN. Dinsdag: LITTLE SISTER. Woensdag: DIAMOND DOGS. Donderdag: WENDY OLDFIELD.

**Kippies**, Mark-Teater, Newtown: Township-jazz se voorstedelike tuiste. (Toe op Maandae, die res van die week oop van sewe-uur - en naweke van vyf-uur - tot laat.)

**The Junction**, h/v Breë- en Claimstraat: "Ouer" rock en new wave met 'n aparte vertrek vir "live" groepe, 'n daktuin en video- en poolkamer. Welkome afleiding van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior is soms Saterdagaande die platejoggie. Vir "denkende" jollers.

**Rumours**, Rockeystraat: 'n Tipiese Rockeystraatse laataand-"joint" vir mense wat soms werk en van jazz hou.

**Late Nite Duke's**, Melville: Laatnag-alternatief vir middel-stedelinge. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien.

**Club Manzattan**, Moletsane, Soweto: Hoër-inkomstegroep disko. Oop van 11 nm. Maandae en Dinsdae is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word. Alle soorte musiek.

**Blues**, Marshallstraat 165: Wesens van die noordelike voorstede (ouderdom tussen 25 en 35) se uithangplek. Disko-musiek, flitsende ligte, spieëls, mense met grimering... daai soort van ding.

## KAAPSTAD

Base: Vanaand, Saterdag en Sondagaand is dit PONGOLA.


NU METRO THEATRES
NOW SHOWING 23 Feb-1 March.

STUTTAFORDS METRO 26-1818 TOWN SQUARE
1 AN INNOCENT MAN — Drama (2-18) Tom Selleck DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 MYSTIC PIZZA — A Romantic Comedy (2-16) William R. Moses, Julia Roberts DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 THAT ENGLISHWOMAN — Warm Human Drama (A) Veronica Lang, James White DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

FISH HOEK METRO 82-2404 TOWN SQUARE, MAIN STREET
1 Shirley Valentine — Oscar Nomination: Best Actress (2-16) Pauline Collins, Tom Conti DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 AN INNOCENT MAN — Drama (2-18) Tom Selleck DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 THAT ENGLISHWOMAN — Warm Human Drama (A) Veronica Lang, James White DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

SEA POINT METRO 44-7951 MAIN ROAD
1 Shirley Valentine — Oscar Nomination: Best Actress (2-16) Pauline Collins, Tom Conti DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 AN INNOCENT MAN — Drama (2-18) Tom Selleck DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 MYSTIC PIZZA — A Romantic Comedy with the Works (2-16) William R. Moses, Julia Roberts DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 SEA OF LOVE — Romantic Thriller (2-18) Al Pacino, Ellen Barkin DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BRACKENFELL METRO 901-8100 CHECKERS WAREHOUSE CENTRE
1 Shirley Valentine — Oscar Nomination: Best Actress (2-16) Pauline Collins, Tom Conti DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 THAT ENGLISHWOMAN — Warm Human Drama (A) Veronica Lang, James White DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 SEA OF LOVE — Romantic Thriller (2-18) Al Pacino, Ellen Barkin DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 MYSTIC PIZZA — A Romantic Comedy With The Works (2-16) William R. Moses, Julia Roberts DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

OSCAR Adderley St. 45-2585
Lean On Me — A Stunning Drama (A) Morgan Freeman, Robert Guillaume DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

RONDEBOSCH METRO 685-4569
MYSTIC PIZZA — A Romantic Comedy with the Works (2-16) William R. Moses, Julia Roberts DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MITCHELL'S PLAIN 32-2040
1 Young Guns — Outdoor Action (2-10) Charlie Sheen, Kiefer Sutherland PLUS Red Scorpion — Action (2-14) Dolph Lundgren, Al White MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30 SAT: 11.00, 3.30, 8.00
2 NITTI THE ENFORCER — Crime Drama (2-14) Michael Moriarty, Anthony La Paglia PLUS Warlock — THE ADVENTURE THRILLER OF THE YEAR (2-16) Julian Sands, Lori Singer MON-FRI: 6.00, 9.30 SAT: 2.30, 5.00, 8.30

BOOK AT COMPUTICKET EXCEPT MITCHELL'S PLAIN


# GALERYE

## JOHANNESBURG

**La Chine Des Ts'ing, Rosebank**: Susan Ollemans stal Japanese en Chinese tekstiele uit. Tot 28 Februarie.

**Gallery 21**, Johannesburg: Uitstalling van werke deur Dee Jacobs. Tot 3 Maart.

**Natalie Knight-galery**, Hyde Park: Uitstalling deur Douglas Portway. Tot 24 Februarie.

**Strack van Schyndel-galery**, Rosebank: Trevor Coleman stal hier tot 24 Februarie uit.

**Mark-galery**, Newton: Fotografiese uitstalling deur David Lurie tot 23 Maart. Uitstalling deur Gillian Solomon getitel: "The Jol Series".

**Gencor-galery**, RAU: Kunstenaars van die Tagtigs is die titel van 'n uitstalling waardeur verskeie galerye vereer word, onder andere Natalie Knight, Gallery 21, Les Art International en Karen McKerron-galery. Tot 7 Maart.

**Karen McKerron-Galery**, Bryanston: Cecile Sash stal tot 28 Februarie uit.

**Gallery on the Market**, Newtown: Uitstalling deur Jacques Fuller, Julian Venter en Sonja Zytkow. Tot 28 Februarie.

**Johannesburgse Kunsgalery**: 'n Uitstalling van popkuns met werke van onder andere David Hockney. Tot middel Maart.

**African Magic**: Inheemse handwerk en kunsartikels. Ongewoon en outentiek. Rockeystraat 20, Bellevue, Johannesburg, en Milkwoodsentrum 9a, Plettenbergbaai.

**Zona**. Naïewe Afrika-kuns en -appliek; inheemse handwerk en kuns. Grantlaan 64, Norwood, Johannesburg. Volgende uistalling deur Samson Mudzunga open 25 Maart.

## KAAPSTAD

**Baxter-Galery**: Beeldhouwerk deur Wilma Coetzee, Lovell Friedman en Rozanne Whitehead. Tot 10 Maart.

**Art Scene**, Seepunt: Gemengde uitstalling van skilderye, keramiek en glaswerk. Uitstalling deur Barbara Jackson, Carol Boyes and Uwer Phaff open 26 Februarie.

**Gallery 709**, Adderleystraat: Uitstalling getitled Contemporary Trends I, eindig die week. Contemporary Trends II volg binnekort. Intussen is daar die galeryversameling wat beeldhouwerke en skilderye deur plaaslike en internasionale kunstenaars insluit, onder andere: Robin Mann, Pieter van der Westhuizen, Naama Nothmann, Ann Linsell-Stewart, Lukas van Vuuren en Robert Slingsby en andere.

**Kunskamer**, Bergstraat 14: Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Pierneef, Maud Sumner, Maggie Laubser, Irma Stern, Preller, Welz, Kibel, Caldecott en Boonzaaier.

**Gallery International**, St Georges-sentrum: Algemene uitstalling.

